**Ons leer van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996)**

Die Grondwet van Suid-Afrika (1996) is die hoogste wet in die land. Hierdie wet is hoër as die President, hoër as die howe en hoër as die regering.

Die Grondwet beskryf hoe die mense van die land mekaar moet behandel, wat hulle regte is en wat hulle verantwoordelikhede teenoor mekaar is. Die Grondwet is daar om ons almal vandag te beskerm en om die kinders van die toekoms te beskerm.

| Onthou ons verlede. | Ons moenie die foute van die verlede herhaal nie. | Ons Grondwet help ons om 'n beter toekoms vir almal te beplan en te bou. |
|---|---|---|

Ons, die mense van Suid-Afrika,
Erken die ongeregtighede van ons verlede;
Huldig diegene wat vir geregtigheid en vryheid in ons land gely het;
Respekteer diegene wat hul beywer het om ons land op te bou en te ontwikkel; en
Glo dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid.

Daarom neem ons, deur ons vryverkose verteenwoordigers, hierdie Grondwet aan as die hoogste reg van die Republiek ten einde—

Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word;
Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit; en
'n Verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.

| Maak aanspraak op jou regte as 'n Suid-Afrikaner en beskerm die regte van andere. | Maak seker dat jy die Handves van Regte en Verantwoordelikhede ken. |
|---|---|

*Mag God ons mense beskerm.*
*Nkosi Sikelel' iAfrika. Morena boloka setjhaba sa heso.*
*God seën Suid-Afrika. God bless South Africa.*
*Mudzimu fhatutshedza Afurika. Hosi katekisa Afrika.*



Rainbow WORKBOOKS

ISBN 978-1-4315-0104-5
9 781431 501045

AFRIKAANS HOME LANGUAGE
GRADE 5 – BOOK 2
TERMS 3 & 4
ISBN 978-1-4315-0104-5
11th Edition
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.


*Werkboeke beskikbaar in hierdie reeks:*

- *Graad R (in al die 11 amptelike tale);*
- *Huistaal Graad 1 tot 6 (In al die 11 amptelike tale);*
- *Wiskunde Graad 1 tot 3 (In al die 11 amptelike tale);*
- *Wiskunde Graad 4 tot 9 (In Afrikaans en Engels);*
- *Lewensvaardigheid Graad 1 tot 3 (In al die 11 amptelike tale);*
- *Engels Eerste Addisionele Taal Graad 1 tot 6.*

AFRIKAANS HUISTAAL – Graad 5 Boek 2

ISBN 978-1-4315-0104-5

Hersien volgens die KABV



Graad 5

Naam: | Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# AFRIKAANS HUISTAAL

Boek 2
Kwartaal 3 & 4



*Mev. Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys*



*Dr. Reginah Mhaule, Adjunkminister van Basiese Onderwys*

*Hierdie Werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, dr. Reginah Mhaule.*


*Die Reënboog-Werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie en is moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie Werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.*

*Ons hoop dat u as onderwyser hierdie Werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die Werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.*

*Ons hoop van harte dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.*

*Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie Werkboeke toe.*

# Die skryfproses



## Beplan

**Kies jou onderwerp. Gesels met jou groep om idees te kry. Gebruik 'n geheuekaart om jou gedagtes oor die intrige, die karakters en die agtergrond te orden.**

## Eerste weergawe

**Skryf jou eerste weergawe. Dink oor wie jou lesers gaan wees, hoe jou struktuur moet lyk en wat jy in elke paragraaf wil sê.**

## Hersien

**Lees die eerste weergawe krities deur, en vra jou klasmaats en onderwyser om dit te korrigeer.**

## Redigeer

**Gaan die spelling en punktuasie van jou eerste weergawe na. Bring die laaste korreksies aan.**

## Publiseer

**Skryf jou finale weergawe netjies neer.**

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Eleventh edition 2021

ISBN 978-1-4315-0104-5

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

**This book may not be sold.**

Graad 5

# Huistaal

## IN AFRIKAANS



Hierdie book behoort aan:



AFRIKAANS

Boek 2

Rainbow WORKBOOKS

# RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN HIERDIE WERKBOEK

Gebruik hierdie Werkboek saam met u ander hulpbronne. Raadpleeg die KABV vir die Intermediêre Fase.

Dit is vir ons aangenaam om hierdie Werkboek vir Huistaal in die Intermediêre fase aan u beskikbaar te stel. In die Intermediêre Fase behoort leerders die basiese interpersoonlike kommunikasievaardighede wat hulle in sosiale situasies nodig het, asook die kognitiewe akademiese vaardighede wat hulle vir leer oor die hele kurrikulum heen nodig het, te ontwikkel. Ons hoop dat hierdie Werkboek vir u van waarde sal wees terwyl u leerders help om hierdie vaardighede te ontwikkel.

Die Werkboek is volgens die tweeweeklikse siklusse van die KABV georganiseer. U sal 'n oorsig van wat in elke tweeweeklikse siklus gedek sal word, op bladsy 1, 35, 69 en 103 van hierdie Werkboek aantref. Elke tweeweeklikse siklus dek die volgende vier taalvaardighede:



Ons praat

**1 Luister en praat (mondeling) – 2 uur per siklus**

Leerders moet voldoende geleentheid kry om hulle luister- en praatvaardighede te ontwikkel ten einde hulle in staat te stel om inligting in te samel, probleme op te los en idees en menings uit te druk. Die Werkboek bevat 'n aantal praat- en luisteraktiwiteite wat u kan uitbrei om seker te maak dat leerders genoeg mondelinge oefening kry.



Ons lees

**2 Lees en kyk – 5 uur per tweeweeklikse siklus**

Die KABV vereis dat leerders tydens elke tweeweeklikse siklus spesifieke tekste en genres moet lees. Dit sluit die volgende in: kortverhale, volksverhale, persoonlike vertellings, briewe, e-posse, dagboekinskrywings, toneelstukke, koerantberigte, tydskrifartikels, radio-onderhoude, gedigte, oorredende tekste, advertensies, instruksies, aanwysings en prosedures. Daarbenewens skryf die KABV voor dat leerders inligtingstekste met visuele elemente moet lees: kaarte, tabelle, diagramme, breinkaarte, weerkaarte, plakkate, kennisgewings, prente en grafieke. U sal 'n goeie verskeidenheid van hierdie tekste in die Werkboek aantref.

Die KABV spesifiseer 'n leesproses bestaande uit pre-lees-, lees- en post-leesstadia. 'n Bruikbare grafiese uiteensetting van die leesproses verskyn op die omslag van hierdie boek.



Ons skryf

**3 Skryf en aanbied – 4 uur per tweeweeklikse siklus**

Die KABV skryf voor dat leerders gereeld die geleentheid moet ontvang om te oefen hoe om tekste in verskillende kontekste te skryf. Die Werkboek voorsien 'n aantal verskillende skryfraamwerke en grafiese organiseerders waarbinne leerders geskrewe, visuele en multimediatekste kan aanbied. U sal 'n grafiese uiteensetting van die skryfproses op die omslag van hierdie boek aantref.




Ons skryf

TAAL

**4 Taalstrukture en -konvensies – 1 uur per tweeweeklikse siklus**

Die KABV voorsien 'n lys taalstrukture en -konvensies (-items) wat in elke graad gedek behoort te word. Die Werkboek sluit spesifieke oefeninge vir elk van die tweeweeklikse siklusse in. Hierdie aktiwiteite bevat meesal notas waarin die taalkonvensies verduidelik word.




Raadpleeg asseblief die Werkboekopleidingshandboek.

I n h o u d

# Tema 5: Verskillende soorte tekste


**Stories**
**Kwartaal 3: Week 1 – 2**

65 Leestyd 2
Gesels oor 'n roman.
Identifiseer die karakters, die intrige en die boodskap.
Lees 'n uittreksel uit 'n roman.
Beantwoord spesifieke vrae op grond van die uittreksel.
Spreek 'n mening oor die titel uit.
Identifiseer die verteller.
Skryf 'n paragraaf oor 'n spesiale dag.

66 Verhoudings 4
Skryf 'n paragraaf met 'n onderwerpsin en ondersteunende sinne.
Skryf 'n opsomming van die uittreksel.
Verbind woorde met hul betekenisse.
Gebruik persoonlike en onpersoonlike voornaamwoorde.
Verduidelik 'n idiomatiese uitdrukking uit die uittreksel.
Verstrek nog voorbeelde van idiomatiese uitdrukkings.

67 'n Boekresensie 6
Vertel die klas van 'n gunstelingboek.
Bespreek die agtergrond, karakters en intrige.
Lees 'n boekresensie.
Beantwoord vrae op grond van die resensie.
Verbind woorde met hul betekenisse.

68 Skryf 'n resensie 8
Skryf 'n resensie aan die hand van 'n raamwerk.
Identifiseer sinne in die direkte rede.
Skryf sinne in die indirekte rede oor.
Identifiseer bywoorde en bywoordsoorte.
Verdeel woorde in lettergrepe.

69 'n Dagboekstukkie 10
Gesels oor 'n dagboek.
Lees 'n dagboekinskrywing.
Beantwoord vrae oor die dagboekinskrywing.
Onderskei tussen 'n roman, 'n biografie en 'n dagboekinskrywing.
Onderstreep aksiewoorde in die verlede tyd.
Identifiseer sinonieme in die teks.

70 Raak kreatief 12
Beplan sy of haar eie dagboekinskrywing volgens 'n raamwerk.
Skryf die finale weergawe van die inskrywing.
Gebruik byvoeglike naamwoorde, bywoorde en voegwoorde om sinne te skryf.
Gebruik wederkerende voornaamwoorde.

71 Nelson Mandela – 'n biografie 14
Bespreek die verskille tussen 'n biografie en 'n outobiografie.
Onderskei tussen 'n verhaal, 'n dagboekinskrywing en 'n biografie.
Lees 'n uittreksel uit 'n biografie.
Identifiseer antonieme in die teks.
Beantwoord vrae oor die biografie.
Spreek 'n mening uit.

72 'n Biografie 16
Skryf 'n biografie oor 'n maat.
Skryf 'n persoonlike brief aan 'n rolmodel.
Rangskik sinne in die korrekte volgorde.
Herskryf sinne met die korrekte hoofletters asook lees- en skryftekens.
Identifiseer afleidings en samestellings.

**Inligtingstekste**
**Kwartaal 3: Week 3 – 4**

73 Advertensie-aantreklikheid 18
Gesels oor aspekte van reklame.
Bespreek 'n advertensie.
Lees 'n advertensie vir 'n advertensie-ontwerpkompetisie.
Vluglees die advertensie en bepaal die doel daarvan.
Soeklees die advertensie en beantwoord spesifieke vrae daaroor.

74 Ontwerp 'n advertensie 20
Beplan, ontwerp en korrigeer 'n eie advertensie.
Identifiseer afkortings en akronieme.
Voorsien trappe van vergelyking.
Voorsien sinne van hoofletters en leestekens.

75 Kos, watertand-kos! 22
Vertel die groep van 'n gunstelinggereg.
Lees 'n advertensie vir 'n noenontbyt.
Beantwoord vrae op grond van die advertensie.
Skryf sinne in die direkte rede oor.

76 Die heuningby-advertensie 24
Beplan 'n advertensie vir 'n heuningproduk.
Ontwerp die advertensie met behulp van gegewe asook eie woorde en frases.
Skryf eenvoudige dog treffende sinne.
Identifiseer antonieme.
Onderskei afleidings van samestellings.

77 Kinderteater 26
Gesels oor die verskil tussen 'n teater en 'n rolprentteater.
Vertel van 'n toneelstuk wat hy of sy gesien het en probeer die groep oorreed om dit te gaan sien.
Lees 'n advertensie vir 'n toneelopvoering.
Beantwoord vrae oor die advertensie.
Verduidelik die betekenis van 'n frase.

78 My eie radio-advertensie 28
Beplan en skryf 'n radio-advertensie.
Identifiseer woordsoorte in 'n paragraaf.

79 'n Rekenaarkompetisie 30
Bespreek deelname aan kompetisies.
Gesels oor die belangrikheid van rekenaars.
Lees 'n advertensie oor die ontwerp van 'n nuwe rekenaar.
Beantwoord vrae oor die advertensie.
Voltooi sinne.

80 My eie ontwerp 32
Verbind idiomatiese uitdrukkings met hul betekenisse.
Skryf 'n kort beskrywing van 'n rekenaar wat hy of sy wil ontwerp.
Identifiseer sinsoorte.
Beplan, skryf en korrigeer 'n inskrywing vir die kompetisie.

# 65 Leestyd

## Ons praat

Vertel die klas van 'n roman wat jy lees. Sê vir hulle wat die naam van die roman is, wie die karakters is, wat in die roman gebeur, wat die boodskap is, en waarom jy dink die ander leerders dit ook behoort te lees.

'n Novelle, roman of enige storie speel hom teen 'n spesifieke agtergrond af. Daar word gesê wanneer en waar die gebeure plaasvind. Daar is karakters (mense of diere) waaroor die storie handel. Daar is ook 'n intrige wat vir jou sê wat in die storie gebeur; 'n tema, wat die boodskap van die storie oordra; en 'n sienswyse, wat vir jou sê wie die storie vertel.

## Ons lees

### Ewige Herinneringe

*(Sarah Lean, verwerk)*

Oupa trek die spane tot in die boot terwyl ons geluidloos oor die blink water gly. Onverwags bring hy die skuit tot stilstand. **Instinktief** hou ons albei 'n vinger oor ons lippe, nie om vir mekaar te sê om stil te wees nie, maar omdat ons eners dink.

Ek weet nie wat Oupa gesien het nie, ek weet net dat ek hom vertrou!

"Sien jy dit, Hanna?" fluister Oupa.

Die **geheimsinnige** skadu's hang bewegingloos oor die goue September-aand, en ek merk geen beweging tussen die grasse en riete op nie. Ek skud my kop om te sê dat ek niks **waarneem** nie.



"Kyk baie mooi," fluister Oupa.

Ek volg sy oë, maar eers 'n hele ruk later sien ek die ligbruin bokkie wat opgekrul lê en wag. Hy lê tjoepstil, skaars te onderskei van die landskap rondom hom. Ek sien sy blink swart snoet, maar hy besef dat hy doodstil moet lê om veilig te bly. Noudat ek hom gewaar het, kan ek nie glo dat ek hom misgekyk het nie.

Ek fluister: "Is die bokkie veilig so alleen, Oupa?"

Oupa beduie met sy kop na die ander kant van die **oewer**. 'n Gemsbok staan ons en dophou, angstig omdat sy nie aandag wil trek na haar kleintjie aan die oorkant van die rivier nie.

Oupa glimlag by homself. "Gaan jy bly, of gaan jy deurswem?" fluister Oupa vir die bok. Hy vra dit asof hy en die bok mekaar lank reeds ken. Ons sit 'n paar oomblikke lank doodstil totdat Oupa weer praat. "Dit is nou jou beurt om te roei," sê hy. Ek en Oupa het al 'n duisend kere soos dié op die rivier gevaar. Ons is soos **spikkels** in die heelal, en tog is ons bevoorreg om die wondere en veranderinge van die natuur daagliks te beleef. Ek lig die spane en roei soos Oupa my geleer het. Die spane spat ritmies in die water soos 'n stadig tikkende horlosie.

Datum:

"Hanna , ek wil hê jy moet iets baie belangriks onthou, ingeval ek dit eendag vergeet." "Enigiets vir Oupa," sê ek, en ek hang aan sy lippe.

Oupa sit sy gekreukelde ou hand stadig op die bank tussen ons neer. My hand is glad soos 'n kaart sonder reise en ek sit dit bo-op syne neer. "Herinner my aan wonderlike uitstappies soos hierdie een wanneer ek nie meer kan onthou nie. Daardie wonderlike dae wat in ons **herinneringe** voortleef en ons maak wat ons is. En onthou dat 'n boom aan sy vrugte geken word."



Ons skryf

Waarom dink jy is die titel van die verhaal *Ewige Herinneringe*? Dink jy dis 'n goeie titel? Waarom sê jy so?

Waar is Hanna en haar oupa?

Hoekom hou hulle hul vingers op hulle lippe?

Die gemsbok en haar bokkie was van mekaar geskei. Hoe dink jy het hulle gevoel?


Oupa het besef dat hy en Hanna iets besonders aanskou het. Waarom het hy so gedink?

Hanna se oupa is oud. Haal 'n sin uit die verhaal aan om die stelling te motiveer.

Hanna se oupa sê dat herinneringe mense maak wat hulle is. Wat bedoel hy daarmee?

Wie is die verteller van die verhaal? Hoe weet jy dit?

Onthou jy 'n spesiale dag wat jou lewe verryk het? Beskryf dit in paragraafvorm in jou klaswerkboek.



ONDERWYSER: Teken ____ Datum ____

# 66 Verhoudings

**Ons skryf**

Die karakters in hierdie verhaal is twee geslagte uitmekaar, en tog het hulle ’n besonderse verhouding.



Skryf ’n paragraaf oor ’n spesiale verhouding wat jy met jou ouma of oupa of met ’n ander ouer persoon het. Maak seker dat jy ’n onderwerpsin het, asook ondersteunende sinne wat meer oor die onderwerpsin sê.

**Ons skryf**

Skryf ’n opsomming van die uittreksel uit *Ewige Herinneringe*. Sê wat gebeur het, wie daarby betrokke was, en wat die uitkoms was. Vra jouself af of jy net die noodsaaklike inligting ingesluit het, en of iemand wat jou parafrase lees, die hoofpunte sal verstaan. Skryf 5 sinne.


Wanneer ’n mens iets opsom of parafraseer, stel jy die hoofgedagtes in jou eie woorde. Ons gebruik gewoonlik die woord „opsomming” wanneer ons ’n hele storie kortliks vertel, en „parafrase” wanneer ons ’n gedeelte uit ’n storie vertel.

**Ons skryf**

Wat beteken die vetgedrukte woorde op die volgende bladsy? Kies die korrekte betekenis uit die lys regs. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

Datum:

| | |
|---|---|
| herinneringe | spontaan |
| spikkels | rivierwal |
| oewer | gedagtes aan gebeure uit die verlede |
| instinktief | raaksien |
| geheimsinnige | kolletjies; klein deeltjies |
| waarneem | vol geheime |






Omkring die persoonlike voornaamwoorde met rooi en die onpersoonlike voornaamwoorde met blou in die volgende paragraaf.

Ek volg sy oë, maar eers 'n hele ruk later sien ek die ligbruin bokkie wat opgekrul lê en wag. Hy lê tjoepstil, skaars te onderskei van die landskap rondom hom. Ek sien sy blink swart snoet, maar hy besef dat hy doodstil moet lê om veilig te bly.

**VOORNAAMWOORDE**

**Persoonlike voornaamwoorde**

- kan as onderwerp of as voorwerp in 'n sin voorkom
- kan eiename en selfstandige naamwoorde wat persone aandui, vervang

Bv.: julle, ons, u, ek, jy, hy, sy.

**Onpersoonlike voornaamwoorde**

Onpersoonlike voornaamwoorde is die woorde dit en daar.




"Enigiets vir Oupa," sê ek, en ek hang aan sy lippe.

Hierdie uitdrukking beteken nie dat Hanna letterlik aan Oupa se lippe hang nie, maar dat sy baie aandagtig luister na die wyshede wat hy met haar deel.

Daar is nog 'n idiomatiese uitdrukking in hierdie storie: "Onthou dat 'n boom aan sy vrugte geken word."

Wat word met hierdie idiomatiese uitdrukking bedoel?

'n **Idiomatiese uitdrukking** is 'n uitdrukking wat eie aan 'n taal is. **Idiome** sluit spreekwoorde, segswyses, gesegdes en spreuke in.

Probeer aan nog voorbeelde van idiomatiese uitdrukkings dink. Kies een van hulle en skryf dit saam met sy betekenis neer.



ONDERWYSER: Teken Datum

# 67 'n Boekresensie



'n Boekresensie sê vir mense waaroor 'n boek handel. Die resensent (die persoon wat die resensie skryf) sê dikwels vir watter ouderdomsgroep die boek geskik is. Sy of hy mag ook sê of die boek goed geskryf is, of dit interessant is, en of die taal maklik of moeilik is om te verstaan.



Ons praat Werk in jou groep.


Wat is jou gunstelingboek? Vertel die klas daarvan: die agtergrond, die karakters en die intrige. Sê waarom dit die moeite werd sou wees om die boek te lees.



Ons lees Lees die volgende boekresensie.

**Galimoto**

*deur Karen Lynn Williams*




'n Jong seun wat in 'n klein dorpie in Malawi woon, haal 'n paar stukke draad uit sy **skatkis** en besluit om 'n galimoto (die Malawi-woord vir 'n voertuig) te bou. Hy besef egter dat hy nie genoeg draad het nie en besluit om 'n **veldtog** te begin om nog draad te bekom. Sal hy genoeg draad kry om sy spesiale speelding te maak, en indien wel, watter vorm sal sy verbeelding met die draaie en knope van die draad aanneem? Lesers sal die seun se gevoel van vreugde, vryheid en verbeeldingrykheid in die verhaal waardeer, maar hulle mag teleurgesteld wees oor die **gesindhede** van die volwassenes in die verhaal. 'n Mens sou dink dat die seun in so 'n klein dorpie goed bekend sou weees, en dat die dorpenaars nie so **agterdogtig** sou optree nie. Tog is dit 'n betowerende verhaal wat pragtig geskryf is. Die **illustrasies** is kleurvol, en die leser kry die geleentheid om te sien hoe Malawi regtig lyk.

Wat my die meeste getref het, was om te sien hoe gelukkig die seun met so min is – hoe sy klein skatkis en sy verbeeldingswêreld sy dae vul met net soveel opwinding as wat 'n besoek aan Toys R Us dit in ons wêreld sou doen – selfs meer in sommige se oë! Dit wil voorkom asof, hoe minder 'n mens het, hoe meer jy koester wat jy het. Ek meen dat dit ook waar is dat kinders een of twee gunstelingspeelgoed uitkies, ongeag hoeveel hulle het. Dit wil my voorkom asof dat dit die aard van 'n kind is om iets besonders te wil hê, en ek dink hierdie **universele** gevoel word baie noukeurig in hierdie boek uitgebeeld.





Dit is beslis 'n boek wat 9- tot 11-jariges waardevol sal vind. Die verhaal beeld mense en hulle leefwyses uit. Sommige woorde is 'n bietjie moeilik, maar in die konteks sal die leser sy of haar woordeskat kan verbreed.

Datum:





**Ons skryf** Skryf antwoorde op hierdie vrae neer.

Wat is die titel van die boek?

Waaroor handel die boek?

In watter land leef die seun?

Wat het die seun besluit om te maak?

Sou jy hierdie boek graag wil lees? Verduidelik jou antwoord in ’n paragraaf.



**Ons skryf** Wat beteken die vetgedrukte woorde? Kies die korrekte betekenisse uit die lys regs. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek, en gebruik dit dan om jou eie beskrywende sinne te maak.

| | |
|---|---|
| skatkis | houdings teenoor ander mense |
| gesindhede | ’n plan van aksie om ’n besondere doel te bereik |
| agterdogtig | tekeninge |
| illustrasies | wêreldwyd, algemeen |
| veldtog | ’n kissie waarin spesiale items bewaar word |
| universele | sonder vertroue |





# Skryf 'n resensie






Jy gaan nou 'n resensie skryf oor die uittreksel uit die verhaal *Ewige Herinneringe* deur Sarah Lean. Gebruik die raamwerk hieronder om dit te skryf.

Titel

Outeur



Karakters: Wie is hulle? Het jy van hulle gehou? Hoe het hulle jou laat voel?

Intrige: Wat gebeur? Was dit opwindend, of het dit jou 'n bietjie bang gemaak?



Jou mening: Wat was vir jou die beste deel van die uittreksel, en waarom?

Dink jy jy sou die boek graag wil lees? Waarom?

Dink jy dat die storie 'n moraal of sedeles het? Het jy iets daaruit geleer?

Sou jy hierdie boek vir 'n maat aanbeveel? Waarom, of waarom nie?

Som jou mening oor die uittreksel in een sin op, en besluit hoeveel sterre, uit 5, jy die uittreksel sou gee.

Datum:





**Ons skryf**

Onderstreep in hierdie paragraaf die sinne wat in die direkte rede geskryf is.

Jamal se onderwyser, juffrou Pretorius, vra sy ouers om haar te kom spreek. "Meneer en mevrou Ngoma," sê sy, "Jamal sal beter in spelling, wiskunde en sosiale studies moet vaar. Hy konsentreer nie genoeg nie." Dit is waar. Jamal sukkel om aan langdeling, ontdekkingsreisigers en spelling aandag te gee. Sy gunstelingdeel van die skooldag is die pouse, wanneer hy met sy rugbybal kan speel. Jamal se ouers verbied hom toe om sy bal skool toe te neem. En baie gou raak hy erg terneergedruk. Hy voel verlore sonder sy bal. Hy raak ook baie stil in die klas. Gedurende pouses staan hy net moedeloos rond. Sy ouers sê vir mekaar: "Daar moet 'n beter plan wees!" En toe beraam hulle 'n plan, wat hulle in die geheim in werking stel.





**Ons skryf**

Herskryf die sinne in die direkte rede in die indirekte rede.

Om die **indirekte rede** te gebruik:
1. Laat die aanhalingstekens weg.
2. Verander die gebruik van hoofletters.
3. Verander die voornaamwoorde.
4. 'n Vraagsin in die direkte rede word in die indirekte rede 'n stelsin. Die vraagteken val ook weg. Bv.: Direkte rede: Hy vra: "Kan ek jou help?" Indirekte rede: Hy vra of hy haar kan help.

Eendag in die klas kondig juffrou Pretorius aan: "Vandag het ons 'n spesiale gas in die klas – Brian Habana!"

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Brian gesels met Jamal en gee hom die volgende raad: "Indien jy 'n goeie rugbyspeler wil word, sal jy hard aan jou skoolwerk moet werk en ook hard moet oefen."

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Onthou jy nog? 'n **Bywoord** sê gewoonlik vir ons meer van die werkwoord. Daar is 4 tipes: Bywoorde van **tyd** sê vir ons wanneer en hoe dikwels iets gedoen word: nou, vandag, nooit. Bywoorde van **wyse** sê vir ons hoe iets gedoen word: pragtig, grasieus, swak, duidelik. Bywoorde van **plek** sê vir ons waar iets gedoen word: bokant, onderkant, hier, daar, binnenshuis. Bywoorde van **graad** sê vir ons hoeveel of hoe min van iets: baie, genoeg, byna.



**Ons skryf**

Onderstreep die bywoorde in hierdie sinne en dui aan watter tipe bywoorde dit is.

| | |
|---|---|
| Brian Habana praat gereeld by skole. | |
| Tydens pouses staan Jamal hartseer rond. | |
| Juffrou Pretorius versoek Brian Habana om op die verhoog te staan. | |
| Jamal hou baie van Brian Habana. | |

ONDERWYSER: Teken ________ Datum ________

# 'n Dagboekstukkie





Ons praat Het jy 'n dagboek?



Indien wel, watter soort dinge vertel jy in jou dagboek? Indien jy nie 'n dagboek het nie, waaroor sou jy geskryf het indien jy wel een gehad het?

'n **Dagboekinskrywing** beskryf gebeure in die lewe van die skrywer in die volgorde waarin dit gebeur het. Die skrywer gebruik selfstandige naamwoorde (om mense, dinge en diere te identifiseer), voegwoorde (later, voordat, nadat) en die verlede tyd. Die werkwoorde is gewoonlik aksiewerkwoorde.



Ons lees Lees die volgende dagboekinskrywing.



*Ek sien ek het vyf weke laas iets hier geskryf. Ek het 'n besige maand agter die rug! My een vriend Wessel se broer André het ons gevra om hom met sy partytjie te help. Ons moes die beligting en musiek organiseer, asook kos en koeldrank vir 40 mense. Die partytjie was heerlik. Ons het gedans en gesels en op die springkasteel gespeel.*

*Voordat ek my oë kon uitvee, het die vakansie aangebreek. Op die laaste dag van skool het ons aan die interhuis-veldwedloop deelgeneem. Daarna is ek saam met 'n klomp klasmaats dam toe. Ons het sokker gespeel, na musiek geluister en ons eerste dag van die vakansie terdeë geniet.*



*Die volgende dag het ek saam met Wessel en sy ouers see toe vertrek. Dit was baie opwindend, want ek was mos nog net een keer by die see. Die eerste twee dae was vol pret. Die son het geskyn, en die water was warm. Toe het dit begin reën. Ek en Wessel het 'n legkaart met 1 000 stukkies begin bou wat iemand hom vir sy verjaarsdag gegee het.*



*Die see was nou yskoud, maar ek het nogtans gaan swem. Ek wou nie later spyt wees omdat ek nie elke dag geswem het nie. Noudat ons weer terug is by die skool, het ons net vier weke oor voordat ons ons eksamen skryf. 'n Mens sou dink die onderwysers sou ophou om vir ons huiswerk te gee, maar nee! Ek het nou 'n geskiedenisprojek om te doen. Nuwe werk vier weke voor die eksamen! Ek wens die onderwysers wil eerder hersiening doen, in plaas daarvan om vir ons nuwe werk te gee.*

*Onthou hulle nie hoe dit gevoel het om jonk te wees nie?*



Ons skryf Watter tipe skryfwerk is hierdie gedeelte? Merk die korrekte antwoord.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 'n boekresensie | | 'n verhaal | | 'n biografie | | 'n dagboek-inskrywing | |

Datum:

Gee redes vir jou antwoord.



Hoe oud dink jy is die skrywer? Hoekom sê jy so?

Wat het hy en sy klasmaats op die eerste dag van die vakansie gedoen?

Geniet hy dit om te swem? Hoe weet jy dit?

Hoe voel hy oor sy onderwysers? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Hy begin sy dagboekstukkie deur te sê dat hy lank laas daarin geskryf het. Waarom dink jy het hy so lank gewag?

Toe dit by die see begin reën het, het hy en sy maat 'n legkaart gebou. Skryf twee reëls waarin jy sê wat jy sou doen indien dit reën terwyl jy met vakansie is.

**Telwoorde** het te doen met **hoeveelheid**. **Bepaalde telwoorde** dui die presiese getal aan: een, twaalf, twintig ens.

**Onbepaalde telwoorde** dui nie die presiese hoeveelheid aan nie: baie, min.

Onderstreep vyf aksiewerkwoorde in die verlede tyd in die dagboekstukkie. Omkring dan al die telwoorde.



Ons skryf

Soek die woorde en frases in die teks wat byna dieselfde as die volgende beteken (sinonieme):

| | |
|---|---|
| **reël** | |
| **binnekort; kort voor lank** | |
| **onreëlmatige stukkies wat inmekaarpas om 'n prent te vorm** | |
| **werkopdrag** | |
| **baie koud** | |
| **jammer** | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Raak kreatief





**Ons skryf** Jy gaan nou jou eie dagboekinskrywings skryf.



Eerste inskrywing: Skryf oor wat jy die eerste dag van jou vakansie gedoen het.

Tweede inskrywing: Skryf oor die plek(ke) wat jy besoek het en die mense wat saam met jou was.

Derde inskrywing: Skryf oor jou eerste dag terug by die skool en hoe jy gevoel het.

Datum ______________________

Datum ______________________



Datum ______________________

Datum:

**Ons skryf**

Gebruik die byvoeglike naamwoorde, bywoorde en voegwoorde in die raampies saam met jou eie selfstandige naamwoorde en werkwoorde om vyf sinne te skryf.




**Ons skryf**

Gebruik die wederkerende voornaamwoorde in die woordboks om die sinne te voltooi. Onderstreep dan die mens of ding waarna elke voornaamwoord verwys.

| | | |
|---|---|---|
| my/myself | jou/jouself | haar/haarself |
| hulle/hulleself | ons/onsself | hom/homself |

Hulle het ........................................ met die reëlings vir die partytjie oortref.

Sy het ........................................ gruwelik vir haar sussie vererg.

Ek het ........................................ verbaas tydens die wedloop by die skool.

Sy het ........................................ bederf met 'n roomys by die see.

Jy moet ........................................ nie misgis oor hoeveel tyd jy nodig het om die geskiedenisprojek te voltooi nie.

Hulle moet ........................................ voorberei vir die eindeksamen.

Wederkerende voornaamwoorde kom voor in sinne waarin die onderwerp en die voorwerp na dieselfde saak of persoon verwys. Die agtervoegsel -self word soms bygevoeg om moontlike verwarring te voorkom, byvoorbeeld: "Ek bekommer my oor die kind", maar "Hulle prys hulleself".

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 71 Nelson Mandela – 'n biografie

'n **Biografie** is 'n ware verhaal oor 'n merkwaardige persoon se lewe wat deur iemand anders geskryf is. 'n Biografie beskryf die persoon se omgewing, wys hoe die persoon ander mense beïnvloed, en gee besonderhede oor die persoon. Die skrywer laat ook blyk hoe hy of sy oor die persoon voel.



Ons praat

Ken jy iemand wat jy baie bewonder? Vertel die klas wie dit is.



Sê waarom jy hierdie persoon bewonder. Oor watter hoedanighede beskik die persoon wat hom of haar besonders maak?

Bespreek in jou groep die verskil tussen 'n biografie en 'n outobiografie.

Bespreek nou die verskille tussen 'n verhaal, 'n dagboekinskrywing en 'n biografie.



Ons lees



Nelson Rolihlahla Mandela is in 'n dorpie naby Mthatha in die voormalige Transkei gebore.

Toe hy **jonk** was, het hy daarvan gedroom om 'n regsgeleerde te word en sy mense in hulle stryd om **vryheid** te help.



Ná skool het hy regte gaan studeer. Nadat hy gekwalifiseer het, het hy saam met Oliver Tambo 'n kantoor in Johannesburg geopen. Hy het by die ANC **aangesluit** en is tot president van die Jeugliga verkies. Later het hy adjunkpresident van die ANC self geword.

In 1962 is hy tydens die Rivoniaverhoor **skuldig** bevind aan hoogverraad. Ná sy skuldigbevinding het hy die volgende gesê: "Ek het wit oorheersing beveg, en ek het swart oorheersing beveg. Ek koester die ideaal van 'n **demokratiese**, vrye samelewing waarin alle mense in **harmonie** met mekaar sal kan saamleef en gelyke geleenthede sal hê. Dit is 'n ideaal waarvoor ek graag sou wil leef. Maar indien nodig, is dit 'n ideaal waarvoor ek bereid is om te sterf."

Hy het baie jare in die gevangenis deurgebring. Nadat hy **vrygelaat** is, het hy Suid-Afrika se eerste swart president geword. In 1993 het hy die Nobel-vredesprys ontvang.




Die Nobel-vredesprys is 'n baie besonderse toekenning wat toegeken word aan mense wat die wêreld 'n veiliger en vreedsamer plek gemaak het.

Datum:



Ons skryf

Soek antonieme vir hierdie woorde in die leesstuk.

**Antonieme** is woorde met die teenoorgestelde betekenis, bv. mooi – lelik.

oud ……………………

slawerny ……………………

bedank ……………………

onskuldig ……………………

gevang geneem ……………………

onenigheid ……………………

kommunistiese ……………………





Ons skryf

Skryf antwoorde op hierdie vrae neer.

Waar is Nelson Mandela gebore?

Watter twee drome het hy gekoester?

Wat het hy bedoel toe hy gesê het dat hy beide wit en swart oorheersing beveg het?

Hy wou bowenal hê dat mense in vrede moet saamleef. Dink jy sy droom is bewaarheid? Sê waarom jy so dink.

Nelson Mandela het die Nobel-vredesprys ontvang. Hoe dink jy het hy gevoel toe hy hierdie prys ontvang het? Verduidelik jou antwoord.

Wat het ons van Nelson Mandela te wete gekom deur sy biografie te lees?

ONDERWYSER: Teken Datum

# 72 'n Biografie



Ons skryf

Verbeel jou dat jou maat beroemd is. Werk saam met hom of haar om antwoorde op hierdie vrae neer te skryf:

- Wat kan jy ons oor jouself, jou familie en jou woonplek vertel?
- Watter herinneringe is vir jou belangrik?



Vra jou maat om familiefoto's skool toe te bring waarin belangrike tye in sy of haar lewe uitgebeeld word. Vra hom of haar om te verduidelik waarom hy of sy die foto's gekies het.

Vra jou maat ook om vyf items wat iets oor haarself of homself sê, skool toe te bring. Hy of sy moet verduidelik waarom die items gekies is.

Vra hom of haar dan om hierdie sinne te voltooi:

*Ek sal altyd die tyd onthou toe* ______________________________.

*Een van my gelukkigste herinneringe is* ______________________________.

*Ek het baie hard gewerk om* ______________________________.

*Ek het hartseer gevoel toe* ______________________________.

*Ek hoop dat mense my sal onthou as* ______________________________.

Gebruik al hierdie inligting om 'n biografie oor jou maat in jou klaswerboek te skryf.

Bespreek die volgende in klasverband saam met jou onderwyser.
Kyk ook na die onderwyser se briefraamwerk, en gebruik die volgende:

- die korrekte uitleg (tipografie)
- die toepaslike toon en aanspreekvorme
- die gepaste, logiese inhoud
- toepaslike taal, spelling en punktuasie



Pas die skryfproses toe:

1. Beplan
2. Eerste weergawe
3. Hersien
4. Korrigeer
5. Publiseer

Skryf 'n persoonlike brief aan jou rolmodel waarin jy haar/hom bedank vir die voorbeeld wat sy/hy stel. Noem ook watter van haar/sy karaktertrekke jy nastreef.




Die sinne in die tabel verwys na inligting wat ons uit die storie oor Nelson Mandela gekry het. Nommer die sinne in die volgorde waarin die inligting gegee word.

| | |
|---|---|
| Die skrywer haal 'n deel van Nelson Mandela se toespraak tydens die Rivonia-verhoor aan. | |
| Die skrywer wys vir ons dat Nelson Mandela 'n wonderlike persoon is. | |
| Die skrywer gee die naam van die persoon oor wie hy of sy skryf. | |
| Die skrywer sê vir ons wat Nelson Mandela ná skool gedoen het. | |




Herskryf die sinne deur die korrekte hoofletters, lees- en skryftekens in te voeg.



nelson het gese ek het wit oorheersing beveg en ek het swart oorheersing beveg

___

___

___

wie is jou rolmodel wat jy wil navolg

___

___

Onthou jy nog hoe woorde gevorm word? Ons kry:


- Basiswoorde
- Afleidings (basis + voorvoegsel en/of agtervoegsel of verbindingsklank)
- Samestellings (basis + basis)




Hierdie woorde kom uit die biografie van Nelson Mandela op bladsy 14. Onderstreep die basisvorm van elke woord, en omkring voorvoegsels met rooi en agtervoegsels met blou.

Dui by elke woord aan (✔) of dit 'n afleiding of 'n samestelling is.

| Woord | Afleiding ✔ | Samestelling ✔ |
|---|---|---|
| gedroom | | |
| jeugliga | | |
| adjunkminister | | |
| oorheersing | | |
| gevangenis | | |
| vredesprys | | |




# 73 Advertensie-aantreklikheid



## Ons praat

- Waarom adverteer mense dinge?
- Waarom is dit belangrik om te weet wie jou gehoor is wanneer jy iets adverteer?
- Watter soort taal behoort jy in advertensies te gebruik?
- Sou jy helder kleure in 'n advertensie gebruik? Sê waarom.
- Vertel jou groep van 'n advertensie wat jy dink baie doeltreffend is. Sê vir hulle waarom jy so dink.

Daar is advertensies oral om ons heen. Hulle probeer ons oorreed om iets te koop of aan iets te glo. Om ons aandag te trek, gebruik hulle letters van verskillende vorms en groottes; sterk, helder kleure; prente wat buitengewoon of baie bekend is; en interessante woorde en frases. Adverteerders rig hul advertensies op verskillende groepe mense: bejaardes, tieners, seuns, meisies of ouers. Hierdie groepe word teikengroepe of teikengehore genoem.





## Ons lees

***op en wakker karnallies***

**KOMPETISIE: ONTWERP 'N ADVERTENSIE**



**Skryf in vir die advertensie-ontwerpkompetisie en wen hierdie wonderlike pryse!**

**SKRYF NOU IN!**

**1ste prys**: 'n horlosie ter waarde van R1 500 en 'n boekepakket van R3 000
**2de prys**: 'n horlosie ter waarde van R1 000
**3de prys**: 'n jaar se subskripsie vir die tydskrif *op en wakker karnallies*

Elke kind behoort *op en wakker karnallies* te lees – 'n interessante en leersame prettydskrif vir kinders van 10 tot 15. Jy kan help om meer kinders te bereik deur aan ons kompetisie deel te neem en 'n advertensie vir die tydskrif te ontwerp.

Die kompetisie is oop vir alle kinders van 10 tot 15 jaar. Die advertensie moet in Afrikaans wees en moet geheel en al jou eie werk wees. Dit moet op 'n A4-vel papier inpas.

**Stuur jou advertensie aan: Advertensie-ontwerpkompetisie, *op en wakker karnallies*, Posbus 1234, Johannesburg, 1000.**

**Maak seker dat jy ons van jou naam, jou ouderdom, jou skool se naam en 'n telefoonnommer voorsien.**

Datum:



Ons skryf

'n Advertensie word geskryf om iets te verkoop of om jou te oorreed om iets te doen.

**Vluglees**
Om 'n teks baie vinnig te lees met die doel om 'n oorsig te verkry.
**Soeklees**
Om jou oë oor 'n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te verkry.

**Vluglees** die advertensie op bladsy 18 en sê wat die doel van die advertensie is.

Watter woorde in die advertensie het jy eerste opgemerk?

Waarom het jy dit eerste opgemerk?


Wie is die teikengehoor – op wie is die advertensie gemik?

Waarom dink jy is helder kleure in die advertensie gebruik?

Waarom dink jy is dele van die inligting van ander dele geskei deur van ander vorms en 'n raam gebruik te maak?

Maak die advertensie jou lus om aan die kompetisie deel te neem? Sê waarom jy so voel.

Maak van **soekleestegnieke** gebruik en beantwoord hierdie vrae oor die advertensie: Watter pryse kan 'n mens in hierdie kompetisie wen?



Hoeveel ouderdomsgroep(e) is daar? Watter groep(e) is dit?

Wat dink jy sal gebeur indien jy vir die kompetisie inskryf en werk inlewer wat nie jou eie werk is nie?

Wat is 'n boekpakket?

Is hierdie sinne waar of onwaar? Merk jou antwoord, en sê onder elke sin waarom jy dink dit waar of onwaar is.

| | | |
|---|---|---|
| Hierdie kompetisie is vir kinders wat graag skryf. | Waar: | Onwaar: |
| Alle kinders kan aan die kompetisie deelneem. | Waar: | Onwaar: |
| Onderwysers kan ook 'n prys wen. | Waar: | Onwaar: |
| Daar sal 'n storie in die tydskrif gepubliseer word oor almal wat inskryf. | Waar: | Onwaar: |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Ontwerp 'n advertensie





Ons skryf

Ontwerp 'n advertensie vir *op en wakker karnallies.*

Dink tydens die ontwerpstadium aan die volgende:

- jou teikengehoor
- waarvan hulle sal hou of nie sal hou nie
- watter tipe taal jy moet gebruik
- watter prente en tekeninge effektief sal wees vir die teikengroep.

Jou advertensie moet gerig word op kinders van 10 tot 15 jaar, en behoort interessant, leersaam en prettig te wees.

Volg die skryfproses:


1. **Beplan** met behulp van 'n kopkaart in jou klaswerkboek.
2. **Ontwerp** jou eerste weergawe in jou werkboek.
3. **Hersien** jou advertensie – vra 'n maat om dit krities vir jou te lees.
4. **Korrigeer** alle spel- en punktuasiefoute.
5. **Publiseer** – laat maats jou finale weergawe lees.

**Hoe om 'n advertensie te ontwerp!**


Die meeste advertensies wil mense oorreed om iets te koop. Wanneer jy 'n advertensie ontwerp, moet jy weet wie jy wil bereik. Jy moet ook die koper se voor- en afkeure ken.

Ons gebruik woorde, prentjies, kleure en vorms om mense se aandag te trek. Wanneer jy jou advertensie ontwerp, oorweeg die volgende:

- **Gehoor:** Op wie rig jy die advertensie? Hoe oud is hulle?
- **Trefkrag:** Wat kan jy doen om seker te maak dat jou gehoor na die advertensie sal wil kyk en dit sal wil lees?
- **Taalgebruik:** Gebruik eenvoudige taal wat die teikengehoor sal verstaan. Jy mag ook slengtaal gebruik.
- **Beeldmateriaal:** Gaan jy illustrasies, foto's of tekeninge gebruik? Watter kleure gaan jy gebruik?



**Jou advertensie**





Datum:




Skryf die volledige woorde vir elk van hierdie afkortings.

| | |
|---|---|
| tel. | |
| no. | |
| SMS | |
| str. | |
| km | |
| Jan. | |

**Afkortings** is verkortings van woorde, woordgroepe of name, bv. mnr.
**Akronieme** (of letterwoorde) is afkortings wat as woorde uitgespreek word, bv. Unisa.




Vul die korrekte vorm van elke **byvoeglike naamwoord** in.

Ons noem die verbuiging van byvoeglike naamwoorde "trappe van vergelyking", bv. soet, soeter, soetste. Party is egter onreëlmatig, bv. slu, sluwer, sluuste.

**1.** Hierdie letters is (groot) ______________ as daardie letters.

**2.** Hierdie advertensie is (mooi) ______________ as daardie een.

**3.** Dit is die (interessant) ______________ advertensie wat ek nog ooit gesien het.

**4.** Die inskrywings vanjaar is nog (swak) ______________ as dié van verlede jaar.

**5.** Hierdie advertensie is baie (goed) ______________ as daardie een.

Voorsien die volgende sinne van hoofletters en die korrekte leestekens. Gebruik kommas, punte en aanhalingstekens op die regte plekke.

ek wil graag hê dat almal in my klas aan die kompetisie moet deelneem het mev nkosi ons juffrou gesê.

______________________________________________

______________________________________________

die afkorting tel word soms in plaas van die volledige woord telefoon gebruik.

______________________________________________

______________________________________________

ek het die advertensiekompetisie gewen, en die ander kinders noem my nou die prins van reklame.

______________________________________________

______________________________________________

Ons gebruik **aanhalingstekens** wanneer ons:
- Presies herhaal wat iemand anders gesê het.
- 'n Plaasvervangende woord gebruik, bv. Ons probeer om die woord "koel" te vermy.
- 'n Bynaam i.p.v. iemand se regte naam gebruik, bv. Ons noem haar "Snippie".

ONDERWYSER: Teken __________ Datum __________

# 75 Kos, watertand-kos!



Ons praat Werk in jou groep.

Vertel vir jou groep wat jou gunstelinggereg is, wat die bestanddele is, en waarom dit vir jou so lekker is.





Ons lees Lees die volgende advertensie.



Datum:



**Ons skryf** Beantwoord hierdie vrae na aanleiding van die advertensie.

Wat is die doel van hierdie advertensie? ______

Watter woorde in die advertensie merk jy eerste op? ______

Waarom merk jy hulle eerste op? ______

Wie is die teikengehoor? Skryf die inligting neer waarop jy jou antwoord baseer.


Waarom dink jy word helder kleure in die advertensie gebruik?

Waarom dink jy word dele van die inligting met behulp van raampies, stervorms en kleur van die res van die inligting onderskei?

Maak die advertensie jou lus om Susie se Soetrissie te besoek?

Die advertensie gebruik alliterasie (opeenvolgende woorde met dieselfde beginklank) om die aandag te trek. Skryf 'n voorbeeld hiervan uit die advertensie neer.

Dink jy kinders kan by die noenontbyt soveel eet as wat hulle wil? Motiveer jou antwoord.



**Ons skryf** Lees wat Dora aan Zani sê. Skryf hulle gesprek dan in die direkte rede oor.




Dora vra: ______

Zani antwoord: ______

# 76 Die heuningby-advertensie

**Ons skryf** Jy word gevra om 'n advertensie vir 'n nuwe soort heuning van Kaapse fynbos te ontwerp. Die teikengroep is kinders van 10 tot 15 jaar.

Lees die onderstaande sinne. Jy kan sommige van hierdie idees vir jou advertensie gebruik. Merk die idees wat jy dink jy kan gebruik met heldergeel.




10 000 bye het saamgewerk om hierdie heuning te maak.

Heuning is so goed soos goud!

Die Suid-Afrikaanse bye werk al die hele somer baie hard.

Om 'n kilogram heuning te maak, moet bye tot agt keer die afstand van Johannesburg tot Kaapstad toe en terug vlieg.

Dis smullekker op brood en in jou tee.

Dis ook heerlik net so.

Geniet 'n tikkie soetheid.

Deur gesonde, gelukkige bye gemaak.

Skryf twee van jou eie idees, sinne of frases neer wat jy in jou advertensie gaan gebruik.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

Skryf die naam van die heuning bo-aan jou advertensie. Dink daaraan om alliterasie vir die naam te gebruik, sodat dit jou teikengroep se aandag trek.

Oorweeg die volgende tydens die saamstelling van jou advertensie:

- **Teikengroep**: Op wie is jou advertensie gemik?
- **Taalgebruik**: Is dit eenvoudig maar effektief? Trek dit jou lesers se aandag?
- **Lettergrootte**: Gaan jy verskillende groottes vir verskillende woorde, frases en sinne gebruik?
- **Kleurgebruik**: Watter kleur of kleure sal die aandag van jou teikengroep trek?
- **Uitleg**: Waar gaan jy die opskrif, inligting en prente plaas? Hoe gaan jy die aandag op sekere woorde en frases vestig (vorms, kleur, ens.)?

Datum:

Volg die skryfproses: beplan, ontwerp, hersien en korrigeer in jou klaswerkboek voordat jy jou finale advertensie hier ontwerp. Maak seker dat jou sinne eenvoudig maar treffend is.







Ons skryf

**Antonieme** is woorde met die teenoorgestelde betekenis, bv. mooi – lelik.



Soek **antonieme** vir hierdie woorde uit die advertensie-idees op bladsy 24.

| Woord | Antoniem |
|---|---|
| ontspan | |
| ongesonde | |
| aaklig | |
| baie sleg | |
| ongelukkige | |
| soutigheid | |

Onderstreep die basisvorm van elke woord, omkring voorvoegsels met rooi, agtervoegsels met blou en verbindingsklanke met groen. Dui by elke woord aan (√) of dit 'n afleiding of 'n samestelling is.

| Woord | Afleiding √ | Samestelling √ |
|---|---|---|
| saamgewerk | | |
| hierdie | | |
| smullekker | | |
| geniet | | |
| gelukkige | | |
| tikkie | | |

# 77 Kinderteater



Ons praat

- Wat is die verskil tussen iets wat by 'n rolprentteater vertoon word en iets wat in 'n teater opgevoer word?



- Was jy al ooit by 'n teater?
- Indien wel, waarna het jy gaan kyk?
- Vertel vir jou groep of klas van die toneelstuk wat jy gesien het, en probeer om hulle te oorreed om dit ook te gaan sien.



Ons lees


Kinders oral ter wêreld het al die toneelstuk oor *Pippi Langkous* geniet. 'n Paar jaar gelede was die kinders van Johannesburg so bevoorreg om die opvoering te kon bywoon. Kyk na hierdie advertensie om te bepaal waarom *Pippi Langkous* so 'n vermaaklike opvoering was.



Datum:



Ons skryf



Beantwoord die vrae na aanleiding van die advertensie.

Wat is die doel van hierdie advertensie? ______

Watter woorde in die advertensie val jou eerste op? ______

______

Waarom val die woorde jou eerste op? ______

______

Wie is die teikengehoor? Gebruik 'n aanhaling uit die leesstuk om jou antwoord te motiveer.

______

Waarom dink jy is helder kleure in die advertensie gebruik? ______

______

Waarom dink jy word dele van die inligting met behulp van raampies, stervorms en kleur van die res van die advertensie onderskei?

______

______

Soek drie sinne wat jou probeer oorreed om die opvoering by te woon, en skryf hulle hier neer:

______

______

______

Dink jy die toneelstuk is baie komies? Watter woord in die advertensie motiveer jou antwoord?

______

Is *Pippi Langkous* al tevore by hierdie teater opgevoer? Motiveer jou antwoord.

______

Skryf twee sinne waarin jy verduidelik waaroor *Pippi Langkous* handel.

______

______



Verduidelik die betekenis van die frase "wat sy alles aanvang".

______

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# My eie radio-advertensie






Jy gaan nou 'n radio-advertensie oor Pippi se toneelstuk skryf. Dit is baie belangrik dat die advertensie mense moet oortuig om die toneelstuk by te woon, omdat jy fondse vir kinders met gestremdhede wil insamel.




Gebruik sommige van hierdie woorde, frases en sinne uit die advertensie. Skryf ook jou eie idees onder aan die lys neer.

| | |
|---|---|
| •Nasionale Kinderteater | •Pippi Langkous |
| •mengsel van liedjies, dansies, en avontuur | •skep 'n magiese vertoning |
| •onnutsige avontuur | •7 Maart tot 16 April |
| •Junctionlaan 3, Parktown, Johannesburg | •skoolvakansie |
| • Saterdae om 10:30 en 14:30 | • tydens die skoolkwartaal om 09:00 en 10:30 |

Wanneer jy jou radio-advertensie skryf, maak seker dat jy die volgende insluit:

- Die naam van die toneelstuk
- Wie in die toneelstuk optree
- Waar dit opgevoer sal word
- Die datums en tye van die opvoerings
- 'n Kort beskrywing van die toneelstuk wat luisteraars sal motiveer om na die opvoering te gaan kyk
- Inligting oor besprekings





**WENKE:**

- Gebruik taal wat eenvoudig maar effektief is.
- Identifiseer sleutelkwessies en gee spesifieke besonderhede.
- Druk gedagtes en gevoelens op 'n verbeeldingryke wyse uit.
- Aanvaar idees en voorstelle tydens die hersieningsfase.
- Jou radio-advertensie behoort mense se aandag vas te vang.

Datum:

Volg die skryfproses: beplan, ontwerp, hersien en korrigeer in jou klaswerkboek voordat jy jou finale radio-advertensie hier skryf. Maak seker dat jou sinne eenvoudig maar treffend is.





Ons skryf Identifiseer die volgende woordsoorte in hierdie paragraaf:

Bywoorde – omkring met groen.

Voornaamwoorde – onderstreep met rooi.

Byvoeglike naamwoorde – onderstreep met blou.

Telwoorde – omkring met oranje.

Die skreeusnaakse Pippi Langkous word soggens om nege-uur en half elf opgevoer. Jy sal die mengsel van genotvolle liedjies en koddige dansies baie geniet. Alle kinders is gaande oor die magiese vertoning. Jy mag die vertoning nie misloop nie!



ONDERWYSER: Teken Datum

# ’n Rekenaarkompetisie





Ons praat

Het jy al ooit ’n kompetisie gewen? Indien wel, vertel vir jou groep wat jy gewen het. Indien nie, vertel vir jou groep wat jy graag in ’n kompetisie sou wil wen.


Het julle skool rekenaars? Woon julle rekenaarklasse by? Vertel vir jou groeplede wat jy gewoonlik op die rekenaar doen.

Indien daar nie rekenaars by jou skool is nie, hou ’n groepbespreking oor waarom dit belangrik is dat die skool rekenaars moet aankoop.



Ons lees

## Die Slimkop-Rekenaarkompetisie



**Wen ’n rekenaar vir jou skool!**



Jou skool kan die gelukkige wenner wees van ’n Slimkop-persoonlike rekenaar ter waarde van R10 000 plus gratis rekenaaropleiding deur SLIMJAN-rekenaars.

Ons wil hê jy of jou klasmaats moet ’n rekenaar ontwerp. Julle kan iets **buitengewoons** doen! Dis so maklik! Gee jou verbeelding vrye teuels! Ontwerp ’n rekenaar wat jou lewe propvol pret en opwinding sal maak!

Al wat jy hoef te doen, is om ’n eenvoudige tekening van die rekenaar te maak. Vertel ons dan wat jou rekenaar kan doen. Die oorspronklikste en interessantste rekenaar sal wen! Onthou om al die advertensietegnieke wat jy aangeleer het, te gebruik!

Wel, leerders en onderwysers, laat die dinkskrum begin! Haal jul potlode en kryte uit en val weg. Julle kan as individue of as ’n klas inskryf.

**Stuur jul inskrywings aan:**

Die Slimkop-rekenaarkompetisie
Posbus 33446
Limpopo
0500






**Moenie vergeet om die naam en adres van julle skool by te voeg nie.**

Datum:



Ons skryf

Beantwoord hierdie vrae:



Gebruik die sleutel om te besluit watter blokkie om te merk:

| 1 = baie/gereeld; 2 = 'n bietjie/soms; 3 = nooit | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|
| Stel jy belang in rekenaars?<br>Sê waarom: | | | |
| Hoe vaardig is jy met 'n rekenaar? | | | |
| Dink jy rekenaars is belangrik vir skoolkinders? | | | |

Kyk na die kompetisie. Wat word as prys aangebied?

___

Wat moet jy doen om aan die kompetisie deel te neem?

___

Wat word geadverteer?

___



Op wie word die advertensie gemik?

___

Sou jy vir hierdie kompetisie inskryf? Sê waarom.

___

Wie borg hierdie kompetisie?

___

Voltooi hierdie sinne. Gebruik sommige van die woorde in die tabel om jou te help.


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| iets te maak | iets uit te dink | uniek is | iets te beplan en te maak | nuut is |
| anders is | nuwe goed uit te dink | nie nagemaak is nie | iets te skep | te fantaseer |

Om iets te **ontwerp**, beteken om ___

Iets is **buitengewoon** wanneer dit ___

Iets is **oorspronklik** wanneer dit ___

Jou **verbeelding** help jou om ___



ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# My eie ontwerp



Ons skryf

Verbind die idiomatiese uitdrukkings links met hul betekenisse regs.

| | | |
|---|---|---|
| Die stoute skoene aantrek. | | Tot vervelens toe herhaal. |
| Jou verbeelding vrye teuels gee. | | Dit waag om iets te doen. |
| Dis al holrug gery. | | Sy hou nooit op met praat nie. |
| Ons doen dit om den brode. | | Kreatief te wees en planne te maak. |
| Sy is 'n kletskous. | | Dis waarvan ons lewe. |

Sinsoorte
- 'n Stelsin maak inligting bekend.
- 'n Vraagsin stel 'n vraag en eindig met 'n vraagteken (?).
- 'n Uitroepsin roep iets uit en eindig met 'n uitroepteken (!).
- 'n Bevelsin gee 'n opdrag en kan met óf 'n uitroepteken óf 'n punt eindig. Dui aan (√) watter soort sin dit is.

Ons skryf

Jy besluit om aan die Slimkop-kompetisie deel te neem.

Dink na oor die soort rekenaar wat jy wil ontwerp. Wat sal die rekenaar jou help om te doen? Hoe sal dit lyk? Onthou jou rekenaar moet anders en opwindend wees. Beskryf dit hieronder.

Ons skryf

| Sin | Stelsin | Bevelsin | Uitroepsin | Vraagsin |
|---|---|---|---|---|
| Gaan jy inskryf vir die kompetisie? | | | | |
| Dis so maklik! | | | | |
| Jy móét ook inskryf! | | | | |
| Nee, ek kan nie goed teken nie. | | | | |
| Sal jy inskryf as ek jou leer teken? | | | | |

Datum:



Ons skryf

Beskryf jou rekenaar.

Volg die skryfproses: beplan, ontwerp, hersien en korrigeer in jou klaswerkboek voordat jy jou finale beskrywing hier skryf.







ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Kontrolelys



| EK KAN | 🙂 | 🙁 |
|---|---|---|
| praat oor 'n storie wat ek lees. | | |
| 'n uittreksel uit 'n storie lees. | | |
| 'n mening oor die titel uitspreek. | | |
| spesifieke vrae oor die storie beantwoord. | | |
| 'n paragraaf oor 'n spesiale dag skryf. | | |
| 'n paragraaf oor 'n besonderse verhouding skryf. | | |
| 'n opsomming van 'n uittreksel skryf. | | |
| woorde met hul betekenisse verbind. | | |
| persoonlike en onpersoonlike voornaamwoorde identifiseer. | | |
| 'n idiomatiese uitdrukking identifiseer. | | |
| idiomatiese uitdrukkings met hul betekenisse verbind. | | |
| oor my gunstelingboek praat. | | |
| 'n boekresensie lees. | | |
| vrae oor die resensie beantwoord. | | |
| 'n resensie volgens 'n raamwerk skryf. | | |
| sinne in die direkte rede identifiseer. | | |
| sinne in die indirekte rede oorskryf. | | |
| bywoorde en bywoordsoorte identifiseer. | | |
| woorde in lettergrepe verdeel. | | |
| 'n dagboekinskrywing lees. | | |
| vrae oor die dagboekinskrywing beantwoord. | | |
| 'n mening uitspreek. | | |
| aksiewoorde in die inskrywing identifiseer. | | |
| sinonieme in die teks identifiseer. | | |
| my eie dagboekinskrywing skryf. | | |
| byvoeglike naamwoorde, bywoorde en voegwoorde gebruik. | | |
| wederkerende voornaamwoorde gebruik. | | |

| | 🙂 | 🙁 |
|---|---|---|
| die klas vertel van iemand wat ek bewonder. | | |
| die verskil tussen 'n biografie en 'n outobiografie bespreek. | | |
| die verskil tussen 'n verhaal, 'n dagboekinskrywing en 'n biografie bespreek. | | |
| 'n uittreksel uit 'n outobiografie lees. | | |
| antonieme in die leesstuk vind. | | |
| 'n kort biografie oor 'n maat skryf. | | |
| 'n persoonlike brief aan 'n rolmodel skryf. | | |
| sinne in die korrekte volgorde rangskik. | | |
| die korrekte hoofletters, lees- en skryftekens in 'n teks invul. | | |
| aandui of 'n woord 'n afleiding of 'n samestelling is. | | |
| die vereistes vir advertensies in groepverband bespreek. | | |
| 'n advertensie vluglees om sy doel te bepaal. | | |
| die advertensie soeklees en vrae daaroor beantwoord. | | |
| 'n advertensie volgens die skryfproses beplan. | | |
| 'n advertensie ontwerp. | | |
| die volledige woorde vir afkortings en akronieme voorsien. | | |
| trappe van vergelyking korrek gebruik. | | |
| aanhalingstekens korrek gebruik. | | |
| my groep van 'n toneelstuk vertel. | | |
| 'n radio-advertensie beplan. | | |
| 'n radio-advertensie skryf. | | |
| 'n rekenaar vir 'n kompetisie ontwerp. | | |
| sinsoorte identifiseer. | | |

I n h o u d

# Tema 6: Verskillende tekste


**Stories**
**Kwartaal 3: Week 5 - 6**

**81 'n Volksverhaal uit Namibië** 36

Praat oor 'n volksverhaal.
Dramatiseer 'n volksverhaal.
Voorspel die inhoud van die volksverhaal volgens die opskrif.
Vluglees en lees die volksverhaal.
Soeklees die volksverhaal en beantwoord spesifieke vrae.
Hersien beeldspraak.
Verduidelik hoe prente begrip bevorder.
Lug 'n mening.
Kyk na letterlike en figuurlike taalgebruik.
Verbind beeldspraak met betekenisse.

**82 Meer oor die diere en die insekte** 38

Beplan 'n beskrywende paragraaf aan die hand van 'n tabel.
Skryf sinne in die indirekte rede oor.
Verander stelsinne in vraagsinne.

**83 'n Zoeloefabel** 40

Vertel 'n storie in groepverband.
Lees 'n Zoeloefabel.
Soeklees die fabel en beantwoord spesifieke vrae.
Identifiseer die hoofgedagte van die fabel.
Identifiseer die hoofkarakters van die fabel.
Stel vas wat die moraal van die fabel is.
Verbind woorde met hul betekenisse.

**84 Beskrywings van diere en mense** 42

Skryf twee beskrywende paragrawe van diere met behulp van gegewe woorde en frases.
Verbind idiome met hul betekenisse.
Gebruik 'n tabel om 'n beskrywende paragraaf oor 'n maat te skryf.
Skryf met behulp van vergelykings 'n gedig oor 'n dier.

**85 Nog wonderlike verhale** 44

Bespreek 'n strokiesprentverhaal.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.
Dramatiseer die storie.
Lees stories uit China en Indië.
Soeklees die teks om spesifieke vrae te beantwoord.
Identifiseer die karakters in die stories.
Bepaal waar die stories hulle afspeel.
Lug 'n mening.
Som een van die stories op.

**86 My eie fabel** 46

Gebruik 'n breinkaart om 'n fabel te beplan.
Skryf 'n fabel aan die hand van die breinkaart en opskrifte.
Gebruik voegwoorde om sinne te verbind.
Identifiseer woordsoorte.
Vervang eiename deur voornaamwoorde.
Hersien werkwoorde en bywoorde.

**87 'n Storie met 'n kinkel** 48

Bespreek die belangrikheid van verantwoordelikheid in groepverband.
Lees 'n volksverhaal.
Soeklees die teks en beantwoord spesifieke vrae.
Spreek 'n mening uit.
Identifiseer die karakters in die storie.
Identifiseer die moraal van die storie.
Verduidelik die betekenis van 'n uitdrukking.
Identifiseer sinonieme en antonieme.

**88 Alles oor taal** 50

Verbind frases om metafore te vorm.
Identifiseer die korrekte homofone.
Onderskei tussen uitroepsinne en bevelsinne.
Korrigeer 'n paragraaf.
Hersien hoe woorde gevorm word.

**Inligtingstekste**
**Kwartaal 3: Week 7 - 10**

**89 Die weer** 52

Bespreek die verskil tussen weer en klimaat.
Lees 'n teks oor die weer.
Beantwoord spesifieke vrae op grond van die teks.
Gee die teks 'n opskrif.
Verbind woorde met hul betekenisse.

**90 Die weer in my provinsie** 54

Gebruik 'n breinkaart om 'n weerverslag te beplan.
Skryf twee paragrawe oor die weer.
Identifiseer werkwoorde en antonieme in enkelvoudige sinne.
Herskryf sinne in die toekomende tyd.
Gebruik voegwoorde om sinne te verbind.

**91 Uiterste weerstoestande** 56

Bespreek donderweer en weerlig in groepverband.
Lees 'n teks oor donderstorms en weerlig.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Interpreteer 'n weerdiagram.
Gebruik diagramme om oorsaak en gevolg aan te toon.
Soek sinonieme in die teks.

**92 Weer en reën** 58

Gebruik 'n prent om inligting te orden.
Skryf paragrawe oor prente.
Gebruik homofone om sinne te skryf.
Gebruik homonieme om sinne te skryf.

**93 Nog oor die weer** 60

Bespreek verskillende weerstoestande.
Bespreek die weer waarvan sy of hy die meeste en die minste hou.
Lees 'n teks oor weer en water.
Verbind woorde met hul betekenisse.
Beantwoord spesifieke vrae op grond van die teks.
Spreek 'n mening uit.
Skryf 'n paragraaf oor waarom die weer belangrik is.
Identifiseer bepaalde en onbepaalde telwoorde.

**94 'n Toneelstuk** 62

Bespreek in klasverband die vereistes vir 'n toneelstuk.
Voorspel die inhoud van 'n toneelstuk op grond van die titel en die prente.
Lees 'n kort toneelstuk.
Gebruik 'n breinkaart om 'n toneelstuk te beplan.
Skryf 'n toneelstuk aan die hand van die breinkaart.
Dramatiseer 'n toneelstuk.

**95 Die weervoorspelling** 64

Bespreek aspekte van die weer in groepverband.
Luister of kyk na 'n weervoorspelling.
Bestudeer 'n weerkaart.
Beantwoord vrae oor die weerkaart.
Voltooi 'n tabel.
Doen voorspellings oor die weer.
Lug 'n mening.

**96 'n Laaste kyk na die weer** 66

Beplan 'n weervoorspelling aan die hand van 'n breinkaart.
Skryf 'n weervoorspelling op grond van 'n breinkaart.
Identifiseer werkwoorde en bywoorde.
Gebruik abstrakte selfstandige naamwoorde in sinne.
Voltooi trappe van vergelyking.

# 81 ʼn Volksverhaal uit Namibië



Ons praat

Kan jy ʼn volksverhaal onthou wat jy gelees of gehoor het? Vertel jou groep daarvan. Kies een volksverhaal en dramatiseer dit dan vir die res van die klas. Lees die titel van hierdie volksverhaal, kyk na die prente en voorspel wat in die verhaal gaan plaasvind. Vluglees hierdie volksverhaal en vertel vir jou groeplede wat jy dink die moraal of sedeles van die storie is.

Onthou jy nog dat ʼn mens ʼn teks **vluglees** om ʼn algemene indruk te kry van waaroor dit handel?



## By tot die redding!

“Staan nader, soldate,” het die leeu gesê. “Ons staan op die punt om oorlog teen die koninkryk van die insekte te verklaar. As julle generaal sal ek die aanval lei. Maar voordat ons begin, moet julle almal die krygsplan verstaan.” Die koedoe, gemsbok en jakkals het nader gekom en aandagtig geluister. “Ons is groter as hulle,” sê die leeu, “maar daar is miljoene meer van hulle. Ons moet genadeloos wees. Ons moet hulle aanval en verbrysel.” Generaal Leeu het sagter gepraat, sodat net sy offisiere hom kon hoor.



“Luister nou mooi, want dit is die sleutel tot ons sukses. Sê vir julle soldate om my tydens die hele veldslag in die oog te hou. Ek sal aan die voorste linie wees, dus sal ek kan sien of ons wen of verloor. Solank ons wen, sal ek my stert omhoog hou. Solank julle soldate my stert in die lug sien, moet hulle aanhou veg.”

Indien ons egter verloor, sal ek my stert laat sak. Dit sal die teken wees dat ons onmiddellik die aftog moet blaas.” Die koedoe, die gemsboek en die jakkals luister mooi na al hulle opdragte. Toe gaan hulle die boodskap aan hulle soldate oordra. Die leeu glimlag selfvoldaan; hy weet dat sy plan ʼn goeie een is.

Wat hy nie weet nie, is dat ʼn klein bytjie tussen die blomme van ʼn bos daar naby weggekruip het en al die planne gehoor het. Dadelik vlieg die bytjie toe na die generaal van die insekte terug om hom van die diere se plan te gaan vertel.

ʼn Kort tydjie later brul die leeu en trompetter die olifant, en daar breek die oorlog verwoed uit. ʼn Hele tyd lank lyk dit asof die twee leërs ewe sterk is. Generaal Leeu, met sy stert hoog in die lug, is ʼn briljante aanvoerder, en die soldate van die diereryk begin veld wen.



Uiteindelik word dit vir die insekgeneraal duidelik dat die koninkryk van die insekte die veldslag begin verloor. Daar bly vir die insekte net een kans oor. Hy kyk na die bytjie en sê: “Die tyd het aangebreek.”

Dit is die teken waarvoor die bytjie gewag het. Hy weet wat om te doen en *waar om dit te doen!* Blitsvinnig vlieg hy tot midde-in die geveg, waar hy die leeugeneraal kan sien. Die bytjie glimlag terwyl hy sy posisie inneem. “By tot die redding!” roep hy as sy strydkreet, terwyl hy die leeu steek soos hy nog nooit gesteek is nie. Nie een van die diere het die bytjie gehoor of gesien nie. Al wat hulle sien, is dat hulle leier meteens sy stert laat sak. En hulle weet wat dit beteken: hulle moet die hasepad kies!

So het die insekte die oorlog gewen omdat een bytjie toevallig by was toe die strydplan beraam is.

Datum: ____________________

> Onthou jy nog dat 'n mens 'n teks **soeklees** om spesifieke inligting te verkry?



**Ons skryf** Kyk na die titel van die volksverhaal. Bespreek in jou groep of dit 'n goeie titel vir die verhaal is, en skryf jou antwoord en motivering neer. Pas jou soekleesvaardighede toe en beantwoord dan die volgende vrae.

Waarom het die leeu gedink dat die diere die veldslag sou wen?

____________________

Waarom was die insekte uitendelik die oorwinnaars?

____________________

Hoekom het die leeu sy stert laat sak?

____________________

Hoe het die bytjie die leeu se strydplanne te wete gekom?

____________________

Waarom dink jy wou die diere teen die insekte oorlog voer?

____________________

Wat beteken die uitdrukking "die aftog blaas", en watter soort beeldspraak is dit?

____________________

Verduidelik hoe die prentjies jou help om die volksverhaal te verstaan.

____________________

Het jy die volksverhaal geniet? Sê waarom.

____________________

Die woorde "waar om dit te doen" lyk anders as die ander woorde. Dit is gekursiveer. Waarom dink jy het die skrywer dit gedoen?

____________________

> **Beeldspraak** is **figuurlike** taal soos:
>
> **Vergelykings**: Om dinge met mekaar te vergelyk, bv. Hy is so sterk soos 'n leeu.
>
> **Metafore**: Twee dinge word vergelyk sonder die woord "soos", bv. Hy's 'n regte beer.
>
> **Personifikasie**: Ons gee menslike eienskappe aan niemenslike dinge, bv. Die leeu glimlag selfvoldaan.
>
> **Idiome** bv. Hy kies die hasepad.
>
> **Alliterasie**: Die herhaalde gebruik van dieselfde klank, bv. Die haastige haas huppel oor die veld.
>
> **Intensiewe vorme** van byvoeglike naamwoorde, bv. yskoud.



**Ons skryf** Hier is die **betekenisse** van beeldspraak wat in die volksverhaal gebruik word. Soek die woorde of frases in die verhaal en skryf hulle in die spasies in.

baie vinning ____________________

gaan amper ____________________

wenresep ____________________

verloor ____________________

weghardloop ____________________

> **Figuurlike taalgebruik** beteken woorde wat beelde (in konteks/sinsverband) in die gedagtes oproep.
>
> **Letterlike taalgebruik** beteken woorde wat in hul letterlike betekenis gebruik word.

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Meer oor die diere en die insekte




Ons skryf

Jy gaan nou 'n **beskrywende paragraaf** oor jou beste maat skryf. Onthou om beskrywende **byvoeglike naamwoorde** en **figuurlike taal** (vergelykings, metafore, intensiewe vorme, personifikasie, idiomatiese uitdrukkings, alliterasie) te gebruik om jou maat te beskryf.

Volg die **skryfproses:** • **Beplan** paragraaf deur hierdie tabel in te vul. • Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek.
• Laat 'n maat jou werk **hersien.**
• **Korrigeer** spelfoute en punktuasie.
• Skryf jou **finale weergawe** hier vir publikasie.

| | |
|---|---|
| Jou maat se naam | |
| Die kleur van sy of haar oë en hare | |
| Hoe lank sy of hy is | |
| Die dinge wat sy of hy doen wat opmerklik is: | |
| Hoe jou maat praat (vinnig, stadig, duidelik, ens.) | |
| Sy of haar opvallendste kenmerk (Met watter dier/insek kan dit vergelyk word?) | |
| Sy of haar sterk punte | |
| Sy of haar swak punte | |





Ons skryf


Skryf hierdie sinne in die indirekte rede oor.



"Kom staan nader, soldate," beveel die leeu. ..........

..........

Die leeu sê toe: "Solank ons soldate my stert omhoog sien, moet hulle aanhou veg."



..........

..........

Hy vervolg: "Indien ons die veldslag begin verloor, sal ek my stert laat sak."


..........

"Dit sal die teken wees dat julle onmiddellik die aftog moet blaas," het hy bygevoeg.

..........

..........

Die generaal van die insekte het na die bytjie gekyk en gesê: "Die tyd het aangebreek."



..........

..........

Datum:

Ons skryf Verander hierdie stelsinne in vraagsinne.


Die koedoe, gemsbok en jakkals het aandagtig na al die instruksies geluister.

Sodra hy kon, het die bytjie na die insekte se kamp teruggevlieg om die nuus oor te vertel.

Die leeu het gebrul en die olifant het getrompetter.

Die bytjie het die leeu gesteek soos hy nog nooit gesteek is nie.

Die diere het die hasepad gekies.



ONDERWYSER: Teken Datum

# 83 'n Zoeloefabel



**Ons praat** Werk in groepverband.

Vertel vir jou groep 'n storie oor hoe die aarde gemaak is. Dit kan 'n storie uit die Bybel wees, of 'n storie wat jy by jou ma of ouma gehoor het, of 'n storie wat jy gelees het. Jy kan selfs jou eie storie opmaak.

**Ons lees**

## Die vloek van die verkleurmannetjie

Nadat die groot Skepper alle dinge geskep het, het hy agteroorgesit en gekyk na die wêreld wat hy gemaak het. Hy het geglimlag en besluit dat dit baie goed is. Hy was veral **ingenome** met die mense wat hy gemaak het – die eerste man en vrou. "Ja," dink hy, "ek het goeie werk verrig!"

Kort voor lank merk Skepper egter op dat die man en die vrou dikwels seerkry. Hulle vel het nou wel weer gesond geword, maar gaandeweg was hulle liggame met littekens bedek. Na 'n paar jaar het die eerste mense se vel oud en **gehawend** gelyk!

*Sawubona, Nyoka: Hallo, Slang*

*Utshwala: Tradisionele Zoeloebier wat van sorghum gemaak word*

Skepper roep toe vir Verkleurmannetjie. "Luister 'n bietjie, Verkleurmannetjie," sê Skepper, "ek wil graag hê dat jy 'n pakkie na die man en die vrou toe moet neem. Dit is baie dringend."

Verkleurmannetjie haas hom toe Aarde toe met die pakkie. Toe hy die Groot Rivier bereik, **vertoef** hy 'n oomblik om water te drink. Daar ontmoet hy toe vir Slang. "Dagsê, neef Verkleurmannetjie," sis Slang. "Waarom is jy vandag so haastig?"

"A yebo! Sawubona, Nyoka!" antwoord Verkleurmannetjie hoflik. "Skepper het my gestuur om vir die man en vrou 'n pakkie te gaan aflewer." Slang haat mense. Hulle trap dikwels op hom en gee nie om nie. Hy besluit toe daar en dan dat hy seker gaan maak dat die mense nie die pakkie ontvang nie. "Ag, liewe neef Verkleurmannetjie, dit is so gaaf om jou weer te sien! My familie het jou baie gemis! Jy het so lank laas by ons kom eet; dalk hou jy nie meer van ons nie?"



"O nee, liewe neef Nyoka," sê Verkleurmannetjie. "Ek het baie bewondering vir jou en jou familie! Ek sou **geëerd** wees om die een of ander tyd 'n maaltyd met julle te deel!"

"Wel," antwoord Slang vinnig, "waarom nie sommer nou nie? My vrou sal so in haar skik wees indien jy 'n middagmaal by ons kom geniet!"

Verkleurmannetjie kyk na die pakkie onder sy arm. "Skepper wil graag hê dat ek hierdie pakkie dringend moet aflewer. Dalk kan ek op 'n ander dag na julle toe kom?"

"Ja, ja," sis Slang weer, en hy draai sy rug op Verkleurmannetjie. "Dis nes ek gedink het; jy dink ons is nie goed genoeg vir jou nie!"

Verkleurmannetjie kyk na die son, wat nog hoog in die lug sit. Hy sal gou by Slang-hulle kan gaan eet, en dan nog oorgenoeg tyd oorhê om die pakkie af te lewer. "Wag, neef Nyoka," sê hy. "Ek was te kortaf. Ek sal regtig baie graag vandag by julle wil kom eet!"

Slang glimlag slu. "Dankie, neef Verkleurmannetjie," antwoord hy. "Kom, kom ons gaan eet."

Datum:

Slang se vrou het baie kos gekook, en dit is alles baie **smaaklik** voorberei. Verkleurmannetjie eet na hartelus en drink ook heelwat utshwala. Toe raak hy aan die slaap.

Toe Verkleurmannetjie vas slaap, neem Slang die pakkie by hom af. "Kyk, my liewe vrou!" roep hy uit. "Skepper het vir ons nuwe velle gestuur. Wanneer ons ou velle gedaan raak, kan ons voortaan nuwes aantrek!"

Toe Verkleurmannetjie wakker word, besef hy dadelik wat gebeur het.

"Nee, neef Nyoka, gee die pakkie asseblief vir my terug!" smeek hy. "Dit is nie vir julle bedoel nie, maar vir die mense. Gee dit asseblief vir my terug!" Maar Slang lag net en seil weg.

Toe die son sak, is Verkleurmannetjie baie hartseer. Hy is deur Slang verraai, en hy was ongehoorsaam aan Skepper. Van daardie dag af kruip hy hoog in bome weg en beweeg hy baie stadig, sodat niemand hom sal opmerk nie.

Dit is hoe dit gebeur het dat Slang die mense se nuwe velle gesteel het. Tot vandag toe gooi Slang sy vel af wanneer dit oud word en trek hy 'n nuwe een aan.

Ons skryf

Pas soekleesvaardighede toe en beantwoord dan hierdie vrae.

Wat dink jy is die belangrikste boodskap van hierdie fabel?

Wie is die hoofkarakters in die fabel?

Hoe het Slang vir Verkleurmannetjie om die bos gelei?

Wat het Verkleurmannetjie gedoen wat vir ons sê dat hy ongelukkig was?

Wat is die moraal of sedeles van die fabel?


Wat dink jy sou met mense gebeur het indien Verkleurmannetjie die velle afgelewer het?

Ons skryf

Verbind die vetgedrukte woorde links met hul betekenisse regs.

| | |
|---|---|
| **ingenome** | tyd deurgebring |
| **gehawend** | in sy skik |
| **vertoef** | belangrik; besonders |
| **geëerd** | lekker |
| **smaaklik** | verflenter |





ONDERWYSER: Teken Datum

# Beskrywings van diere en mense



Ons skryf

Skryf 'n paragraaf waarin jy 'n verkleurmannetjie beskryf. Gebruik party van hierdie frases. Probeer ook jou eie woorde gebruik.

| | |
|---|---|
| verander van kleur | het 'n baie lang tong |
| tong beweeg blitsvinnig | word rooi wanneer hy kwaad is |
| het oë wat in die rondte kan draai | het voete en tone wat goed kan klou |
| gebruik vibrasies om met ander verkleurmannetjies te praat | |



Ons skryf

Skryf nou 'n paragraaf waarin jy 'n slang beskryf. Gebruik party van hierdie frases. Gebruik ook jou eie beskrywende byvoeglike naamwoorde. Onthou om die skryfproses te volg.

| | |
|---|---|
| is lank en soepel | het geen ledemate nie |
| het verskillende kleure, van vaal tot helder | dié met helder kleure dikwels giftig |
| dié wat vaal is, kruip weg | |
| eet rotte en voëls | sluk prooi heel in |
| jag snags | het 'n gevurkte tong |



Datum: ____________________

**Ons skryf** Verbind elke idioom links met sy betekenis regs.

| | | |
|---|---|---|
| Daar is 'n slang in die gras. | | Hy verander baie van mening. |
| As dit 'n slang was, het hy jou lankal gepik. | | Sy was baie kwaad. |
| Sy kon slange vang. | | Iets is verdag. |
| Hy's 'n regte verkleurmannetjie. | | Iets is reg voor jou. |

**Ons skryf** Kyk weer na Werkkaart 82. Gebruik die kaart wat jy daar ingevul het om 'n beskrywing van jou maat te skryf.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**Ons skryf** Skryf jou eie gedig oor jou troeteldier met behulp van vergelykings. As jy nie 'n troeteldier het nie, skryf oor enige dier waarvan jy hou. Gebruik hierdie raamwerk.

My troeteldier is 'n ______________________________.

Sy kleur is ______________________ soos ______________________.

Sy pels is ______________________ soos ______________________.

Hy beweeg soos 'n ______________________________.

Sy stert is soos ______________________________.

Sy oë is ______________________ soos ______________________.

Sy liggaam is soos ______________________________.

Sy ore is ______________________ soos ______________________.

Sy pote is ______________________ soos ______________________.

Hy klink soos ______________________________.

ONDERWYSER: Teken __________ Datum __________

# Nog wonderlike verhale






**Ons praat**

Bespreek en voorspel in groepverband wat in die strokiesprente gebeur.

Dramatiseer die storie wat in die strokiesprente vertel word. Maak seker dat elkeen van julle 'n beurt kry om die winkelier of die klant te wees.

Bespreek hierdie vrae:

Wie beskou jy as 'n leier in julle klas?

Waarom dink jy so?

Wie is baie slim, en waarom?

Wie het 'n goeie hart, en waarom sê jy so?

**Ons lees**

## Nuwe Skoene 'n Verhaal van China

'n Man het 'n nuwe paar skoene nodig. Voordat hy mark toe gaan, teken hy 'n duidelike prent van sy voete op 'n stuk papier. Hy meet sy voete sorgvuldig en skryf die afmetings neer. Hy stap toe na die skoenwinkel by die mark. Toe hy daar aankom, besef hy dat hy die stuk papier waarop hy die afmetings neergeskryf het, by die huis vergeet het! Hy draai om en stap terug huis toe om dit te gaan haal. Teen die tyd dat hy weer by die mark aankom, het die son reeds gesak en is al die winkels besig om toe te maak. Die man verduidelik sy probleem aan een van die winkeliers, wat reeds al sy goedere weggepak het.

"Jou dwaas!" sê die winkelier. "Jy kon jou eie voete vertrou het en die skoene in die winkel aangepas het! Waarom het jy huis toe gegaan om die afmentings te gaan haal?"

Die man lyk verleë. "Ek veronderstel ek het my afmetings meer vertrou," antwoord hy.

**Ons lees**

## Wie is die Koning van die Oerwoud? 'n Fabel uit Indië



Eendag, in die oerwoud, bespring Tier vir Jakkals. Jakkals roep uit: "Hoe durf jy die Koning van die Oerwoud aanval?"

Tier kyk verstom na hom. "Onsin! Jy is nie die Koning nie!"

"Natuurlik is ek," antwoord Jakkals. "Al die diere hardloop weg wanneer hulle my sien aankom! Stap saam met my dan kyk jy self."

Datum:


Jakkals stap die oerwoud in met Tier op sy hakke. Toe hulle by 'n kudde bokke kom, sien die bokke Tier agter Jakkals aankom en laat spaander hulle in alle rigtings.

Toe kom Tier en Jakkals by 'n groep apies. Die apies sien vir Tier op Jakkals se hakke en maak dat hulle wegkom. Jakkals kyk toe na Tier en sê: "Sien jy nou wat ek bedoel? Sien jy hoe al die diere vlug wanneer hulle my sien aankom?"

"Ek is baie verbaas," antwoord Tier, "maar ek het dit met my eie oë gesien. Vergewe my asseblief dat ek u bespring het, o Grote Koning." Tier buig laag voor Jakkals neer en laat Jakkals toe met groot respek gaan.

**Ons skryf** Pas **soekleesvaardighede** toe en beantwoord dan hierdie vrae.

Lees weer die storie "Nuwe Skoene". Wie is die karakters in die storie?



Waar speel die storie hom af?

Dink jy dis 'n snaakse storie? Sê waarom jy so dink.

Verkies jy die strokiesprente of die geskrewe teks? Motiveer jou antwoord.


Lees nou die storie "Wie is die Koning van die Oerwoud?". Wie is die karakters in hierdie storie?

Waar speel die storie hom af?

Wie dink jy is die slimste – Jakkals of Tier? Sê hoekom.

Waarom dink jy het Jakkals gemaak asof hy die Koning van die Oerwoud is?

Som die storie van die nuwe skoene in twee sinne op.



ONDERWYSER: Teken Datum

# 86 My eie fabel

Volg die **skryfproses:** • **Beplan** deur jou breinkaart te gebruik en hierdie opskrifte te voltooi. • Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. • Laat 'n maat jou werk **hersien.** • **Korrigeer** spelfoute en punktuasie. • Skryf jou **finale weergawe** in jou klaswerkboek vir publikasie.

**Ons skryf** Jy gaan nou 'n fabel skryf. Gebruik hierdie breinkaart om jou fabel te beplan.




**Ons skryf** Skryf nou jou eie fabel.

Die les wat ek wil oordra:


Die karakters in die fabel:

Die agtergrond:

Die fabel se titel:

Hoofidees vir die fabel:

Datum:





Ons skryf

Gebruik die **voegwoorde** tussen hakies om die sinne te verbind.

Dit was 'n warm dag. Tier het die uitgeslape Jakkals bespring. (toe)

Die honger tier wou Jakkals opvreet. Jakkals het hom gekeer. (maar)

Die geslepe Jakkals het vir Tier gesê dat hy Koning van die Oerwoud is. Tier het hom nie gegelo nie. (alhoewel)

Tier sou weet dat Jakkals die magtige Koning van die Oerwoud is. Die diere sou vir Jakkals weghardloop. (indien)

Die bang diere het gevlug. Tier het Jakkals laat leef. (en)

Onderstreep die **byvoeglike naamwoorde** in die sinne hierbo. Omkring elke **selfstandige naamwoord** wat deur die byvoeglike naamwoord beskryf word.

Byvoorbeeld: Die geslepe jakkals het die tier teëgekom.



Ons skryf

Vervang die **eiename** in die volgende sinne deur **voornaamwoorde**. Onderstreep dan die **werkwoorde** en omkring die **bywoorde**.

Thandi lees graag die storie oor die jakkals en die tier.

Ben en Anita dramatiseer die storie oor die skoene baie goed.

Mev. Ngoma moet vir Max en Zama 'n kans gee om die fabels met gevoel te lees.

Neem Renier en Tobie geesdriftig aan die opvoering deel?



**Persoonlike voornaamwoorde**

- kan as die onderwerp of die voorwerp in 'n sin voorkom
- kan eiename en selfstandige naamwoorde wat persone aandui, vervang

Voorbeelde: julle, ons, u, ek, jy, hy, sy.

**Werkwoorde** is aksie- of doenwoorde.

**Bywoorde** beskryf gewoonlik werkwoorde deur te sê: wanneer (tyd), hoe (wyse), hoeveel (graad) of waar (plek).

ONDERWYSER: Teken Datum

# 87 'n Storie met 'n kinkel



**Ons praat**

Wat beteken die woord "verantwoordelikheid" vir jou? Bespreek dit in groepverband.

Watter verantwooredelikhede of pligte het jy tuis?
Wat gebeur indien jy nie jou pligte nakom nie?
Was jy al ooit oneerlik omdat jy nie jou pligte wou nakom nie?
Wat het gebeur?

**Ons lees**

## DIE SEUN SKREE "WOLF!"



Eendag lank gelede was daar 'n **jong** seun wat na die dorpsmense se skape moes omsien. Elke oggend het hy hulle teen die heuwel uit geneem om vars weiveld te soek. Eendag het hy 'n bietjie verveeld geraak, toe roep hy so hard as wat hy kon: "Wolf! Wolf! Die wolf jaag die skape!"

Die dorpenaars hoor sy hulpkrete en kom teen die heuwel opgehardloop om hom te help om die wolf te verjaag. Maar toe hulle bo kom, sien hulle geen wolf nie. Toe die seun hul verwarde gesigte sien, lag hy te **lekker** vir hulle.

"Moenie 'Wolf!' roep wanneer daar geen wolf is nie," seun, raas die dorpenaars. Brommend stap hulle weer teen die heuwel af om voort te gaan met hulle werk.

Later, toe die seun weer verveeld raak, roep hy weer: "Wolf! Wolf! Die wolf jaag die skape!" **Laggend** kyk hy hoe die dorpenaars weer teen die heuwel ophardloop om die wolf te kom verjaag.



Toe die dorpenaars weer eens geen wolf sien nie, sê hulle streng vir die seun: "Seun, jy moet ons net roep wanneer daar regtig iets skort. Moenie 'Wolf!' roep wanneer daar geen wolf is nie!"

Later daardie dag word die skape toe werklik deur 'n wolf bedreig. Die seun skrik hom boeglam en skree so hard as wat hy kan: "Wolf! Wolf!" Die dorpenaars glo egter dat hy hulle weer om die bos probeer lei, en hulle reageer nie op sy krete nie.

Teen **sonsondergang** begin die dorpenaars wonder waarom die skaapwagter die skape nog nie teruggebring het nie. Hulle stap teen die heuwel op om hom te gaan soek, en tref hom in trane aan.

"Daar was regtig 'n wolf hier!" snik hy. "Hy het party van die skape verskeur, en die ander skape het gevlug! Ek het julle geroep! Waarom het julle nie gekom nie?"

'n Bejaarde **man** probeer die seun troos terwyl hy saam met hom dorp toe terugstap. "Môreoggend vroeg sal ons jou na die skape help soek," sê hy. "Maar nou weet jy dat niemand 'n leuenaar glo nie – nie eens wanneer hy die **waarheid** praat nie!"



Datum:



Ons skryf

Pas **soekleesvaardighede** toe en beantwoord dan hierdie vrae.

Waarom het die skaapwagter die eerste keer "Wolf!" geroep?

Hoe het die dorpenaars gevoel nadat hulle teen die heuwel opgehardloop het en daar geen wolf was nie?

Wat het die dorpenaars vir die seun gesê toe hy die tweede keer "Wolf!" geroep het?

Hoekom het die dorpenaars nie gereageer toe die seun die derde keer "Wolf!" geroep het nie?

Wat het teen sonsondergang gebeur?

Indien jy een van die dorpenaars was, sou jy die seun geglo het?

Teen die einde van die storie het die dorpenaars die seun nie meer vertrou nie. Hoe kan die seun die probleem oplos en hulle vertroue terugwen?

Wat is die moraal (sedeles) van die storie?

Wie is die karakters in hierdie storie?

Wat beteken die uitdrukking "'n wolf in skaapsklere"?

Ons skryf

Soek **sinonieme** (woorde met dieselfde betekenis) in die fabel vir hierdie woorde/frases en skryf dit neer. Gee dan jou eie **antonieme** (woorde met die teenoorgestelde betekenis) vir die woorde.

| Betekenis | Sinoniem | Antoniem |
|---|---|---|
| aan die begin van die lewe | | |
| heerlik | | |
| besig om te lag | | |
| wanneer die son sak | | |
| wat regtig gebeur het | | |



ONDERWYSER: Teken Datum



Ons skryf


Verbind die frases links met die frases regs om metafore te vorm.

| | | |
|---|---|---|
| Die maan | | is geld. |
| Die treinspoor lê soos twee | | is 'n klip. |
| Tyd | | is 'n draak. |
| Sy hart | | is 'n wit ballon. |
| Die onderwyser | | blink slange. |

'n Metafoor vergelyk twee dinge deur te sê dat die een ding die ander ding is sonder om soos of net so te gebruik, bv. My boetie is 'n teddiebeer.







Ons skryf

Onderstreep die korrekte homofoon in elke sin.

Die kudde bokke het rustig in die oerwoud gewy/gewei.

Die haas het soos 'n peil/pyl uit 'n boog weggespring.

Die fabel het oor 'n baie ryk/reik koningin gehandel.

Die man het die grote/grootte van sy voet gemeet.

Die tier het gewyer/geweier om die jakkals te glo.

**Homofone** is woorde wat dieselfde klink maar verskillende betekenisse het en verskillend gespel word.





Ons skryf

Dui aan of hierdie sinne bevelsinne of uitroepsinne is.

Lees die storie "Nuwe Skoene".

| | | | |
|---|---|---|---|
| bevelsin | | uitroepsin | |

Ek is gek oor die present wat jy my gegee het!

| | | | |
|---|---|---|---|
| bevelsin | | uitroepsin | |

Gaan haal die nuwe boek uit die boekrak!

| | | | |
|---|---|---|---|
| bevelsin | | uitroepsin | |

Ek het 'n prys gewen!

| | | | |
|---|---|---|---|
| bevelsin | | uitroepsin | |

Maak jou boek nou toe sodat jy kan slaap.

| | | | |
|---|---|---|---|
| bevelsin | | uitroepsin | |

'n **Bevelsin** is 'n sin wat 'n bevel bevat. Dit begin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt of 'n uitroepteken.

'n **Uitroepsin** is 'n sin waarin skok, verrassing of opwinding uitgedruk word. Dit begin met 'n hoofletter en eindig met 'n uitroepteken.

Datum:

Ons skryf

Jou maat het hierdie storie geskryf, maar het vergeet om hoofletters en leestekens in te vul. Help jou maat deur hoofletters, punte, kommas, vraagtekens, uitroeptekens en aanhalingstekens op die regte plekke in te vul.

jannie jakkals het eendag in die bos gaan wandel toe hy 'n vreemde lig voor hom sien wat is dit wonder hy jannie is bang maar hy gaan 'n bietjie nader sodat hy beter kan sien hallo roep hy uit maar niemand antwoord nie hallo is daar enigiemand daar roep hy weer maar weer is daar geen antwoord nie skielik verskyn 'n kreatuur voor die lig boe skree dit arme jannie skrik hom lam en hardloop die hele ent terug na sy lêplek toe

Ons skryf

Hierdie woorde kom uit die fabel "Die seun skree 'Wolf!'" op bladsy 48.

Onderstreep die basisvorm van elke woord, en omkring voorvoegsels met rooi, agtervoegsels met blou en verbindingsklanke met groen.

Dui aan (✔) of die woord 'n **afleiding** of 'n **samestelling** is.

Onthou jy nog hoe woorde gevorm word? Ons kry:

- Basiswoorde
- Afleidings (basis + voorvoegsel en/of agtervoegsel of verbindingsklank)
- Samestellings (basis + basis)

| Woord | Afleiding ✔ | Samestelling ✔ |
|---|---|---|
| dorpsmense | | |
| weiveld | | |
| gesigte | | |
| verjaag | | |
| skaapwagter | | |
| teruggebring | | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# 89 Die weer







## Ons praat

Bespreek die volgende in groepverband.

- Wat bedoel ons met "weer"?
- Wat dink jy is die verskil tussen "weer" en "klimaat"?
- Trek jy verskillende klere vir verskillende soorte weer aan? Sê vir die klas wat jy aantrek.
- Dink jy die weer in Suid-Afrika is dieselfde as die weer in 'n land naby aan die ewenaar? Waarom dink jy so?




## Ons lees

Veranderinge in lugtemperatuur veroorsaak veranderinge in die weer. Indien die lugtemperatuur daal, word dit kouer. Indien die lugtemperatuur styg, word dit warmer. Die weer verander ook indien die hoeveelheid vog in die lug verander, of indien die druk in die atmosfeer verander. Indien die temperatuur van die lug styg, verhoog die hoeveelheid vog in die lug en die lugdruk gewoonlik terselfdertyd.

Mense soos meteoroloë of weerkundiges, wat baie van die weer weet, meet hierdie veranderinge sodat hulle kan voorspel hoe die weer gaan lyk. Net soos ons 'n termometer gebruik om ons eie temperatuur te meet, so gebruik meteoroloë 'n termometer om die lugtemperatuur te meet. Hulle meet die lug in grade Celsius of grade Fahrenheit. Dan kan hulle ons sê hoe warm of koud die lug gaan wees.

> 'n **Meteoroloog** is iemand wat die weer bestudeer.




Die lug of atmosfeer is oral om ons heen en druk op ons af. Ons noem die lug wat op ons afdruk, atmosferiese druk. Indien 'n mens bo-op 'n berg is, is die volume lug wat op jou afdruk minder as die volume wat op jou afdruk wanneer jy by die see is. Indien die temperatuur van die lug om ons warm is, is die druk in die atmosfeer ook minder. Dit is die rede waarom 'n warmlugballon in die lug opstyg! Ons gebruik termometers om temperatuur te meet en barometers om atmosferiese druk te meet.

Die vogtigheid in die lug, wat ons humiditeit noem, word veroorsaak deur water wat van die aarde se oppervlak verdamp. Indien die weer warm is, vind meer verdamping plaas en styg die humiditeit. Hoe hoër die humiditeit styg, hoe meer sweet ons. Op 'n warm, bedompige dag is die lug vol waterdamp, en bly ons sweet aan ons velle kleef omdat dit nie so maklik in die lug kan verdamp nie.

Datum:

Ons skryf

Watter drie dinge kan 'n verandering in die weer veroorsaak?

Idien 'n meteoroloog die weer bestudeer, wat dink jy is meteorologie?

Dink jy atmosferiese druk is hoër op Tafelberg of by Muizenbergstrand in Kaapstad? Verduidelik jou antwoord.

Wat gebruik ons om temperatuur en atmosferiese druk te meet?

Wanneer dit baie bedompig is, verdamp ons sweet nie maklik nie. Verduidelik dit.

Waarom dink jy moet ons verskillende aspekte van die weer meet?

Kyk na die termometer. Dit is in grade Celsius en grade Fahrenheit gemerk. Meet ons temperatuur in grade Celsius of grade Fahrenheit in Suid-Afrika?

Gee die teks 'n opskrif.

Ons skryf

Verbind die vetgedrukte woorde links met hul betekenisse regs.

| | | |
|---|---|---|
| **atmosfeer** | | toeneem; meer word |
| **styg** | | gewig |
| **druk** | | verlies van vloeistof |
| **verdamping** | | vogtigheid |
| **humiditeit** | | klam; klewerig |
| **bedompig** | | lug |




# Die weer in my provinsie





**Ons skryf** Stel 'n breinkaart op om jou te help om 'n weerverslag te skryf.






**Ons skryf** Gebruik jou geheuekaart om 'n weerverslag te skryf.

Volg die **skryfproses:** • **Beplan** jou verslag deur jou breinkaart te voltooi. • Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. • Laat 'n maat jou werk **hersien.** • **Korrigeer** spelfoute en punktuasie. • Skryf jou **finale weergawe** hier vir publikasie.



Datum:

Ons skryf

Lees hierdie enkelvoudige sinne. Omkring die **werkwoord** in elke sin, en skryf dan die teenoorgesteldes of **antonieme** van die woorde wat onderstreep is neer.



Dit is vandag warm. ______________________________

Op 'n sonnige dag is die lug helder. ______________________________


Dit was gister winderig en koel. ______________________________

Verlede week was dit reënerig. ______________________________

Is dit vandag bewolk? ______________________________

Ons skryf

Skryf die sinne van die vorige aktiwiteit in die **toekomende tyd** oor. Onthou om "sal" saam met die werkwoord te gebruik.



Ons skryf

Gebruik die **voegwoorde** tussen hakies om hierdie sinne te verbind.

Dit is warm in Gauteng. Dit is warmer in Limpopo. (maar)

Daar is weerligflitse en donderweer. Dit het nog nie hard begin reën nie. (alhoewel)

Ons wil elke dag weet hoe die weer gaan lyk. Ons kan ons daaglikse aktiwiteite beplan. (sodat)

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Uiterste weerstoestande



**Ons praat** Werk in groepverband.

- Was jy al ooit in 'n donderstorm of 'n sneeustorm?
- Indien wel, vertel die groep wat gebeur het, en sê hoe jy gevoel het.
- Daar is dikwels donderstorms en weerlig in Gauteng. Waarom dink jy kom dit meer in Gauteng as byvoorbeeld in die Wes-Kaap voor?

**Ons lees**


Baie hewige storms kom voor wanneer 'n groot hoeveelheid warm, vogtige lug stormagtige weer met sterk winde veroorsaak. Warm, nat lug begin opstyg. Hoe hoër dit styg, hoe koeler word dit. Waterdamp in die lug vorm druppels – 'n proses wat kondensasie genoem word. Die druppels sluit by mekaar aan en vorm wolke, en dan val reën, sneeu of hael op die aardoppervlak.


Donderstorms is die algemeenste soort uiterste weer. Voordat 'n donderstorm kan ontwikkel, moet daar drie dinge teenwoordig wees: die lug moet vol vog wees; 'n warm deel van die aarde moet warm lug vinnig laat styg, of so nie moet 'n koue front aan die kom wees; en die warm lug wat opstyg, moet so warm wees dat dit warmer bly as die lug waardeur dit beweeg terwyl dit styg.

'n Koue front kom voor wanneer koue lug naby aan die aardoppervlak beweeg en warm lug baie vinnig boontoe druk. Dit is dikwels hoe 'n donderstorm begin. Wolke vorm, en swaar reën begin val. Elektriese ladings in stormwolke veroorsaak weerligflitse.

Weerlig het genoeg energie om die lug daaromheen te verhit. Hierdie skielike vlaag hitte veroorsaak die geluid wat ons as donderweer ken. Donderstorms veroorsaak dikwels rampe: oorstromings of brande wat deur weerlig veroorsaak word, of skade wat deur hael aangerig word.

***Hoe warm lug opstyg***



Datum:

Ons skryf

Wanneer kom hewige storms voor?


Wat is die algemeenste vorm van uiterste weer?

Watter drie toestande moet teenwoordig wees voordat 'n donderstorm kan losbars?

Wanneer ontstaan 'n koue front?

Wat is donderweer?

Kyk na die diagram wat wys hoe warm lug opstyg. Gebruik die diagram om te verduidelik hoe 'n swaar reënbui voorkom.



Ons skryf

Soek woorde in die leesstuk wat die volgende beteken:

| | |
|---|---|
| kwaai, erge | |
| waterdamp vorm druppels | |
| noodgevalle | |
| opwelling | |
| die boonste deel van die aarde waaraan ons kan raak | |




# Weer en reën



**Ons skryf** Kyk na die prent en plaas die inligting in die korrekte volgorde.

- ◯ Tydens swaar donderstorms is daar gewoonlik weerlig en donderweer.
- ◯ Die son verhit die grond, en warm lug styg.
- ◯ Gas verander in vloeistof, en groot wolke word gevorm.
- ◯ Wanneer die lug styg, koel dit af, waterdamp kondenseer en vorm wolke.




**Ons skryf** Kyk na hierdie prente oor die weer en skryf dan 'n kort paragraaf oor elkeen. Pas die skryfproses toe. Skryf jou eerste weergawe in jou klaswerkboek en skryf jou finale weergawe hier neer.





Datum:

Ons skryf

Skryf sinne waarin jy hierdie **homofone** gebruik.

**Homofone** is woorde wat dieselfde klink maar verskillende betekenisse het en verskillend gespel word. **Homonieme** is woorde wat dieselfde klink en dieselfde gespel word maar verskillende betekenisse het.

swaar

swaer

vel

fel

wet

wed

Ons skryf

Skryf sinne met hierdie **homonieme**.

kan (houer) ______

kan (in staat) ______

by (insek) ______

by (naby) ______

meer (dam) ______

meer (nog) ______

rys (kos) ______

rys (styg) ______

ken (deel van gesig) ______

ken (weet) ______

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Nog oor die weer



Ons praat

Dink jy verskillende lande het verskillende weerstoestande op verskillende tye van die jaar? Verduidelik jou antwoord.
Ondervind al die provinsies van Suid-Afrika dieselfde weer op dieselfde tyd van die jaar? Waarom sê jy so?
Watter soort weer geniet jy die meeste? Sê hoekom.
Watter soort weer geniet jy die minste? Sê hoekom.




Ons lees

## WEER EN WATER

Ons weet dat die weer uit verskillende dinge saamgestel word: windrigting, windsterkte, reën, hael, sneeu, temperatuur, sonskyn, sigbaarheid en wolke.

Ons weet ook dat die verskillende aspekte van weer deur drie dinge veroorsaak word: son, lug en water.




Die son gee ons hitte en lig. Soms maak dit ons te warm. Op ander tye is dit maar flou en gee dit minder hitte en lig af, en soms word dit deur wolke bedek en kan ons dit glad nie sien nie. Die lug omring ons en bedek die aarde soos 'n kombers. Wanneer dit beweeg, voel ons dit as wind op ons vel. Wanneer dit baie vinnig en sterk word, kan dit ons omwaai.

Water kom in riviere, mere en in die oseane voor. Wanneer klein druppeltjies water in die lug rondom ons vasgevang word en ons nie baie goed kan sien nie, noem ons dit mis. Wanneer water in die vorm van groter druppels uit die wolke val, reën dit. Indien die water baie koud is, vries dit en kry ons hael of sneeu.

Die weer is belangrik in ons almal se lewens. Dit raak die dinge wat ons doen, die klere wat ons aantrek, die kos wat ons eet, hoe ons voel, hoe party mense hulle brood verdien, en baie ander dinge. Die weer kan jou goed laat voel, maar uiterstes kan die lewe baie moeilik maak. Sterk winde soos tornado's en orkane, of swaar storms wat oorstromings en modderstortings veroorsaak, kan mense se huise verwoes en selfs sterftes veroorsaak.

Datum:




Verbind die vetgedrukte woorde links met hul betekenisse regs.

| | | |
|---|---|---|
| **windrigting** | | hoe goed ons kan sien |
| **temperatuur** | | swak |
| **sigbaarheid** | | stormwinde |
| **flou** | | waarheen die wind waai |
| **orkane** | | hoe warm of koud dit is |






Beantwoord nou hierdie vrae.

Deur watter drie dinge word die weer veroorsaak?

Wat kry ons van die son?

Waarom is water belangrik?

Skryf 'n paragraaf waarin jy verduidelik waarom die weer 'n belangrike rol in ons lewens speel.




Onderstreep in die volgende paragraaf die **bepaalde telwoorde** met rooi en die **onbepaalde telwoorde** met blou.

Daar was die afgelope twee weke baie storms (hael en reën). 'n Mens kan jou maklik misgis oor hoe sterk water kan wees. Die malende strome afloopwater het geweldige skade aangerig. 'n Boom het omgeval en op 'n huis beland. Verskeie vensters het gebars en gebreek. Menige voertuie het ook haelskade opgedoen.

**Telwoorde** het te doen met hoeveelheid.
Daar is **bepaalde telwoorde** (dis die presiese getal) soos een, twaalf en twintig, en daar is **onbepaalde telwoorde** (wat nie die presiese hoeveelheid aandui nie), soos baie, min.

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 94 ’n Toneelstuk





Kan jy onthou ons het vroeër gekyk na ’n advertensie vir die toneelstuk “Pippi Langkous”? Bespreek in klasverband die vereistes wat tydens die beplanning en skryf van ’n toneelstuk in ag geneem moet word.

- Wie is die teikengroep/-gehoor?
- Wat is die agtergrond waarteen die drama/toneel hom afspeel?
- Wie is die karakters?
- Is daar ’n bepaalde storielyn of intrige?
- Is verbeeldingryke taal gebruik?
- Hoe lyk die formaat van ’n drama/toneelstuk?




Kyk na die titel en prente van hierdie toneelstuk en voorspel wat gebeur.



## DIE SON EN DIE WIND

Verteller: Dit was ’n winderige dag in die klein dorpie Ogies. Die bome het krom gestaan en die vensters het geratel.

Wind: Ek is sterker as die bome en ek is selfs sterker as die son!

Verteller: Die son het agter die wolke uitgeloer en vermakerig na die wind gekyk.

Son: O nee, Wind, ek is baie sterker as jy.

Verteller: Wind het parmantig geantwoord.

Wind: Kom ons hou ’n kompetisie en kyk dan wie regtig die sterkste is. Ek sal begin. Kyk hoe sterk ek is. Ek sal daardie man forseer om sy jas uit te trek.

Verteller: Wind het gewaai en rumoer; hy het so hard gewaai dat die bome amper plat op die grond gelê het. Maar die man het sy jas net stywer om sy lyf getrek.



Man: Brrrrr, maar dis koud!

Verteller: Die son se kop het weer agter die wolke uitgekom. Sy het geglimlag en alles verwarm. Die son het al feller geskyn.

Man: Sjoe, nou kry ek weer te warm. Laat ek liewer my jas uittrek.

Verteller: Die son het selfvoldaan geglimlag.


Son: Ek is die wenner!

Datum:

## Ons skryf

- Skryf 'n toneelstuk of drama waarin jy van weersomstandighede en/of elemente van die weer (wind, son, ens.) gebruik maak.
- Indien jy iets vir kinders skryf, kan jou toneelstuk fiksie wees.
- Indien jy iets vir volwassenes skryf, kan jou toneelstuk realisties wees, soos 'n drama wat hom tydens 'n tsunami afspeel.

Volg die **skryfproses:** • **Beplan** deur jou breinkaart te voltooi. • Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. • Laat 'n maat jou werk **hersien.** • **Korrigeer** spelfoute en punktuasie. • Skryf jou **finale weergawe** in jou klaswerkboek.




## Ons doen

Lees mekaar se toneelstukke hardop in groepverband voor. Kies een van die toneelstukke wat julle as groep kan oefen en vir die klas kan opvoer.

# Die weervoorspelling



**Ons praat**

Vertel vir jou maat hoe die weer vandag lyk. Is dit warm, koud of reënerig? Is die weer in die winter dieselfde as in die somer? Hoe verskil dit van mekaar?

Wat doen jy na skool wanneer dit baie warm is?
Wat doen jy na skool wanneer dit baie koud is?
Luister na die weervoorspelling oor die radio of kyk daarna op televisie.

**Ons lees**

Vandag gaan jy 'n weerkaart lees.



Datum:

Ons skryf Bestudeer die weerkaart en beantwoord dan hierdie vrae.

Lyk die weer regtig vandag so in jou provinsie?

Voltooi die tabel deur elke provinsie se weersomstandighede na aanleiding van die kaart op die vorige bladsy in te vul.

| | |
|---|---|
| Gauteng | |
| Limpopo | |
| Mpumalanga | |
| KwaZulu-Natal | |
| Vrystaat | |
| Oos-Kaap | |
| Wes-Kaap | |
| Noord-Kaap | |
| Noordwes | |

Watter klere sal die mense in die Oos-Kaap tydens hierdie soort weer dra?

In watter provinsie is die weer die aangenaamste? Waarom dink jy so?

In watter provinsie is die weer die onaangenaamste? Verduidelik jou antwoord.

Wat is die minimum- en maksimumtemperatuur van elke provinsie?

| Provinsie | Minimumtemperatuur | Maksimumtemperatuur |
|---|---|---|
| Gauteng | | |
| Limpopo | | |
| Mpumalanga | | |
| KwaZulu-Natal | | |
| Vrystaat | | |
| Oos-Kaap | | |
| Wes-Kaap | | |
| Noord-Kaap | | |
| Noordwes | | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# 96 'n Laaste kyk na die weer



**Ons skryf**


Verbeel jou dat jy 'n weervoorspelling op TV gaan aanbied. Gebruik die kaart op bladsy 64 om dit voor te berei.



Besluit wat jy oor elke provinsie sal sê. Besluit ook waar jy sal begin – bo of onder? In watter volgorde sal jy die name van die provinsies neerskryf? In watter volgorde sal jy die besonderhede van die weer neerskryf?

Gebruik die breinkaart om te beplan wat jy gaan sê.



**Ons skryf**

Skryf jou weervoorspelling hier. Laat 'n maat jou werk **hersien** en **korrigeer** dit indien nodig.

Datum:

Ons skryf

Omkring die **werkwoord** en onderstreep die **bywoord** of **bywoordelike frase** in elke sin. Sê dan of die bywoord beskryf hoe die aksie plaasvind, waar dit plaasvind, of wanneer dit plaasvind.

Ilze het vroeg vertrek omdat dit gelyk het asof dit gaan reën. ____________________

Die donderstorm het laatnag losgebars. ____________________

Die donderweer en weerlig het lank voortgeduur. ____________________

Dit het gister die hele dag lank gereën. ____________________

Ons skryf

Gebruik hierdie **abstrakte selfstandige naamwoorde** om sinne te maak.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| liefde | dapperheid | sukses | vrede | tevredenheid |

Ons skryf

Voltooi die tabel deur die trappe van vergelyking vir die volgende woorde aan te dui.

| Stellende | Vergrotende | Oortreffende |
|---|---|---|
| goed | | |
| | kouer | |
| | | warmste |
| lank | | |
| | meer | |
| | | grootste |

Ons noem die verbuiging van byvoeglike naamwoorde "**trappe van vergelyking**". Bv.: soet, soeter, soetste. Party is egter onreëlmatig, soos slu, sluwer, sluuste.



ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Kontrolelys

| EK KAN | 🙂 | ☹ |
|---|---|---|
| 'n volksverhaal bespreek en dramatiseer. | | |
| 'n volksverhaal vluglees en lees. | | |
| 'n volksverhaal soeklees en spesifieke vrae beantwoord. | | |
| op grond van die opskrif voorspel waaroor 'n volksverhaal handel. | | |
| beeldspraak gebruik. | | |
| 'n mening gee. | | |
| 'n kaart gebruik om 'n beskrywende paragraaf te beplan. | | |
| 'n beskrywende paragraaf skryf. | | |
| sinne in die indirekte rede oorskryf. | | |
| stelsinne in vraagsinne verander. | | |
| 'n storie in groepverband vertel. | | |
| 'n fabel lees. | | |
| die hoofgedagte, hoofkarakters, agtergrond en moraal van 'n fabel identifiseer. | | |
| woorde met hul betekenisse verbind. | | |
| 'n beskrywende paragraaf skryf. | | |
| idiome met hul betekenisse verbind. | | |
| 'n gedig oor 'n dier met behulp van vergelykings skryf. | | |
| 'n strokiesprentverhaal bespreek. | | |
| 'n storie opsom. | | |
| 'n breinkaart gebruik om 'n fabel te beplan en te skryf. | | |
| voegwoorde gebruik om sinne te verbind. | | |
| woordsoorte identifiseer. | | |
| eiename deur voornaamwoorde vervang. | | |
| 'n sprokie lees. | | |
| vrae op grond van die sprokie beantwoord. | | |
| die moraal en karakters van 'n sprokie identifiseer. | | |
| sinonieme en antonieme gebruik. | | |
| frases verbind om metafore te vorm. | | |
| die korrekte homofone identifiseer. | | |
| tussen bevelsinne en uitroepsinne onderskei. | | |
| 'n paragraaf met die korrekte leestekens oorskryf. | | |
| woordsoorte onderskei. | | |
| die weer en klimaat bespreek. | | |



| | 🙂 | ☹ |
|---|---|---|
| 'n teks oor die weer lees. | | |
| spesifieke vrae op grond van die teks beantwoord. | | |
| die teks 'n opskrif gee. | | |
| woorde met hul betekenisse verbind. | | |
| 'n breinkaart gebruik om 'n weerverslag op te stel. | | |
| die werkwoorde en antonieme in enkelvoudige sinne identifiseer. | | |
| sinne in die toekomende tyd oorskryf. | | |
| voegwoorde gebruik om sinne te verbind. | | |
| prente oor die weer interpreteer. | | |
| 'n diagram gebruik om oorsaak en gevolg aan te toon. | | |
| 'n tekening gebruik om inligting te orden. | | |
| paragrawe aan die hand van tekeninge skryf. | | |
| sinne met homofone en homonieme skryf. | | |
| 'n paragraaf skryf waarin 'n mening gelug word. | | |
| bepaalde en onbepaalde telwoorde identifiseer. | | |
| die vereistes vir 'n toneelstuk bespreek. | | |
| die inhoud van 'n toneelstuk op grond van sy titel identifiseer. | | |
| 'n toneelstuk aan die hand van 'n geheuekaart skryf. | | |
| 'n toneelstuk in groepverband opvoer. | | |
| 'n weerkaart lees. | | |
| vrae gebaseer op die weerkaart beantwoord. | | |
| voorspellings in verband met die weer doen. | | |
| 'n weervoorspelling skryf. | | |
| werkwoorde en bywoorde identifiseer. | | |
| sinne met abstrakte selfstandige naamwoorde maak. | | |
| trappe van vergelyking gebruik. | | |

Inhoud

# Tema 7: Verskillende soorte stories


## Stories
## Kwartaal 4: Week 1 – 2

**97 'n Vriendskap wat skeefgeloop het** 70

Gesels oor die byhou van 'n dagboek.
Lees 'n dagboekinskrywing uit 'n boek.
Beantwoord spesifieke vrae op grond van die storie.
Stel vas watter soort skryfwerk dit is.
Voorspel inligting.
Bring inligting met eie omstandighede in verband.

**98 My eie dagboekinskrywing** 72

Verbind idiomatiese uitdrukkings met hul betekenisse.
Stel 'n breinkaart op om dagboekinskrywings te beplan.
Skryf dagboekinskrywings.
Identifiseer selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde en werkwoorde in sinne.

**99 'n Vaart oor die groot golwe** 74

Gesels oor verskillende sportsoorte.
Lees 'n brief oor 'n seiljagvaart van die Kaap na Rio.
Identifiseer deeltekenwoorde en kappiewoorde.
Beantwoord spesifieke vrae wat op die brief gebaseer is.
Voorspel inligting.
Identifiseer die verskille tussen 'n formele en 'n informele brief.
Verbind woorde met hul betekenisse.

**100 Kommunikeer met Carven** 76

Beplan 'n brief aan die hand van 'n breinkaart.
Skryf 'n brief volgens die skryfproses.
Skryf sinne wat in die teenwoordige tyd is, in die verlede tyd en die toekomende tyd oor.
Hersien die samestelling van sinne.
Kyk na sinne in die bedrywende en die lydende vorm.
Ontleed enkelvoudige sinne.

**101 'n Kort storie** 78

Gesels oor musiek en oor studie.
Lees die storie van mnr. Banjo.
Voer die storie op.
Verbind woorde met hul betekenisse.
Beantwoord spesifieke vrae op grond van die storie.
Beantwoord vrae oor die karakters, tema en intrige.
Spreek 'n mening uit.
Gee die storie 'n titel.

**102 Dis lekker om te skryf** 80

Skryf 'n brief volgens die skryfproses.
Kyk weer na hoe woorde gevorm word.
Identifiseer woorddele, afleidings en samestellings.
Skryf 'n paragraaf met die gepaste hoofletters asook skryf- en leestekens oor.
Soek woordvorme in die storie.

**103 'n Nuwe skoolkwartaal** 82

Gesels oor hoe dit voel om terug te kom skool toe.
Lees 'n storie oor kinders wat terugkom skool toe.
Voorsien die storie van 'n titel.
Beantwoord spesifieke vrae op grond van die storie.
Skryf 'n kort opsomming van die storie.
Spreek 'n mening uit.
Maak 'n voorspelling.

**104 Skryf 'n resensie** 84

Skryf 'n resensie van die storie deur van 'n raamwerk gebruik te maak.
Identifiseer die onderwerp en voorwerp van sinne.
Skryf 'n eie storie volgens die skryfproses.
Voltooi sinne deur die werkwoorde tussen hakies te gebruik.
Verbind frases met die beste woorde.
Plaas woorde in alfabetiese volgorde.

## Inligtingstekste
## Kwartaal 4: Week 3 – 4

**105 Tiere** 86

Gesels oor 'n wildtuin of 'n dieretuin.
Lees 'n teks en 'n feitelêer oor tiere.
Vluglees die teks en beantwoord spesifieke vrae op grond daarvan.
Soeklees die teks en antwoorde spesifieke vrae.
Identifiseer die hoofdoel van die artikel.
Identifiseer feite en menings.
Beantwoord itemvrae.
Verduidelik die betekenis van 'n idiomatiese uitdrukking.

**106 Meer oor feitelike skryfwerk** 88

Identifiseer die verskil tussen feit en mening.
Identifiseer feite en menings uit 'n inhoudsopgawe.
Lees 'n gedeelte.
Identifiseer die feite en die menings.
Skryf oor 'n wilde dier deur van 'n raamwerk gebruik te maak.
Identifiseer die basisvorm van woorde asook voor- en agtervoegsels.
Voorsien die sinonieme en antonieme van woorde.

**107 'n Nuusberig** 90

Som 'n koerantberig op en lees dit.
Voltooi 'n telkaart.
Lees 'n koerantberig.
Beantwoord vrae op grond van die berig.
Bespreek die titel van die berig.
Vluglees die berig vir feitelike inligting.
Stel vas watter paragraaf die artikel opsom.
Bepaal hoe die prentjie die berig steun.
Identifiseer die hoofonderwerp van die berig.
Verbind frases met hul betekenisse.

**108 Oefen om 'n koerantberig te skryf** 92

Skryf 'n koerantberig aan die hand van 'n raamwerk.
Volg die skryfproses.
Verbind enkelvoudige sinne met behulp van voegwoorde om saamgestelde sinne te vorm.

**109 Op met Tafelberg** 94

Gesels oor Tafelberg.
Lees 'n brosjure oor Tafelberg.
Identifiseer woorde met koppeltekens en kappies.
Verbind woorde met hul betekenisse.
Soeklees die teks en beantwoord vrae daarop gebaseer.
Spreek 'n mening uit.

**110 Meer oor die berg** 96

Beplan 'n verslag oor 'n besoek aan Tafelberg.
Skryf dit volgens die skryfproses.
Teken 'n kaart van Suid-Afrika.
Verdeel woorde in lettergrepe.
Identifiseer selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde en werkwoorde.
Skryf 'n paragraaf oor deur die hoofletters asook die skryf- en leestekens in te voeg.

**111 Op pad na die Wildtuin** 98

Gesels oor die Nasionale Krugerwildtuin.
Lees 'n tydskrifartikel oor 'n uitstappie na die Krugerwildtuin.
Identifiseer verkleinwoorde en deeltekenwoorde.
Identifiseer feite en menings in die artikel.
Beantwoord vrae op grond van die artikel en die kaart.

**112 Oor 'n staproete** 100

Skryf 'n verslag deur van 'n raamwerk gebruik te maak.
Ontleed enkelvoudige sinne.
Identifiseer onderwerpe, voorwerpe en gesegdes.
Skryf sinne in die bedrywende vorm in die lydende vorm oor.
Skryf sinne in die indirekte rede oor.
Skryf sinne wat in die teenwoordige tyd is, in die verlede tyd en die toekomende tyd oor.
Voltooi trappe van vergelyking.
Verdedig 'n bepaalde standpunt in 'n debat.
Kyk na intensiewe vorme.

# 97 ’n Vriendskap wat skeefgeloop het





Ons praat

Bespreek hierdie vrae in groepverband.

- Hou jy ’n dagboek by?
- Indien wel, vertel vir die groep waarom jy dit doen.
- As jy nie ’n dagboek byhou nie, vertel vir die groep waarom jy dit nie doen nie.



Ons lees

Lees hierdie dagboekinskrywing uit ’n boek geskryf deur Jeff Kinney in groepverband.

## Donderdag







Dit is nou amper twee en ’n halwe weke sedert ek en my beste gewese maat, Braam du Toit, die eerste keer ernstig baklei het. Om jou eerlik te sê, ek het gedink dat hy teen hierdie tyd al **voor my sou kom kruip** het, maar om die een of ander rede het dit nooit gebeur nie.

Ek raak eintlik al ’n bietjie bekommerd, want die skool begin weer oor ’n paar dae, en as ons hierdie vriendskap **weer op die regte spoor wil bring**, sal iets baie gou moet gebeur. As my en Braam se vriendskap se dae getel is, sal dit ’n **lae hou** wees, want ons twee het al baie aangename tye saam deurgebring.

Indien ons vriendskap **iets van die verlede is**, sal ek ’n nuwe beste maat kan begin soek. Dit is egter jammer dat ek al my tyd aan Braam afgestaan het, want nou is daar niemand wat in die tou staan om sy plek in te neem nie.

Die twee beste opsies wat daar nou tot my beskikking is, is Eddie de Bruin en Malvin Kotze. Maar elkeen van hulle het hul eie probleme. Ek het gedurende die laaste paar weke van die somervakansie saam met Eddie uitgehang, merendeels omdat die muskiete hom altyd eerste uitsoek. Maar Eddie is meer ’n somervakansiemaat as ’n skooljaarmaat. Malvin is nogal ’n gawe ou en ons hou van dieselfde soort videospeletjies, maar hy doen soveel vreemde goed dat ek nie weet of ek die hele tyd met hom sal kan uithou nie.



Die enigste ander kind wat geen maats het nie, is Du Plooy, maar ek het lankal besluit dat hy nie van die stoffasie gemaak is om ’n beste maat te word nie.

Nou ja, ek **hou** maar nog ’n **agterdeurtjie oop** ingeval Braam van plan verander. Maar as hy hierdie vriendskap wil red, sal hy nou vinnig tot die daad moet oorgaan.

Want soos sake nou staan, gaan hy in my outobiografie **in ’n uiters slegte lig gestel word**.

*(Bron: Jeff Kinney, verwerk)*

Datum:



## Ons skryf

Hierdie teks is 'n dagboekinskrywing.

Skryf twee dinge neer wat bewys dat dit 'n dagboekinskrywing is.

Waaroor bekommer die skrywer hom die meeste in sy dagboek?

Gerrie, die skrywer van die dagboek, het gedink Braam sou om verskoning vra, maar hy het nie. Waarom dink jy het hy nie vir Gerrie om verskoning gevra nie?

Gerrie noem ander kinders op met wie hy maats sou kan word, maar hy dink nie dat hulle geskik is nie. Waarom voel hy dat hy nie maats met enigeen van hulle kan word nie?

Is hierdie gedeelte 'n formele of 'n informele stuk skryfwerk? Sê waarom jy so dink.

Hoe dink jy gaan hierdie gebeure vir Gerrie afloop? Skryf 'n paragraaf wat deel van die dagboekinskrywing kan vorm.





Het jy al ooit met jou beste maat baklei? Skryf 'n paragraaf waarin jy vertel wat gebeur het.

ONDERWYSER: Teken Datum

# My eie dagboekinskrywing







Ons skryf

Verbind die frases links met die korrekte betekenisse regs.

| | |
|---|---|
| voor my kom kruip | iets wat verby is |
| weer op die regte spoor bring | om verskoning kom vra |
| 'n lae hou | ruimte laat dat iets nog kan verander |
| iets van die verlede | alles weer regstel |
| 'n agterdeurtjie oop hou | iemand swak uitbeeld |
| in 'n slegte lig stel | iets wat baie erg is |



Jy gaan inskrywings in jou dagboek maak, maar jy moet dit eers **beplan**.

Ons skryf



Jou inskrywings moet oor drie dae strek.
Jou eerste dagboekinskrywing handel oor 'n vriendskap wat skeefgeloop het. In jou tweede stukkie skryf jy oor hoe jy daaroor voel, en in jou derde inskrywing vertel jy hoe jy gaan poog om dit reg te stel. Moenie vergeet om 'n datum by elke inskrywing te gee nie.



*Dagboekinskrywings*








Gebruik die breinkaart wat jy op bl. 72 saamgestel het om die eerste weergawe van jou dagboekinskrywings in jou klaswerkboek te skryf. **Hersien** en **korrigeer** jou inskrywings. Skryf die **finale weergawe** van jou dagboekinskrywings dan netjies op hierdie bladsy oor.








Die nuwe kwartaal begin binnekort.

My beste maat het by die huis gebly.

Willem Du Plooy loop stadig.

Braam moet vinnig iets aan die saak doen.

Gerrie se eerste groot rusie het lank aangehou.



- **Byvoeglike naamwoorde** – beskryf selfstandige naamwoorde
- **Selfstandige naamwoorde** – die name van mense, plekke, dinge of idees
- **Werkwoorde** – doen-/aksiewoorde

Lees hierdie sinne en omkring die **werkwoorde**. Onderstreep die **byvoeglike naamwoorde** dan met blou en die **selfstandige naamwoorde** met rooi.

# ’n Vaart oor die groot golwe





**Ons praat**


Praat met jou maat oor verskillende sportsoorte. Gesels oor die sportsoorte wat ons op land en in die water beoefen. Sou jy graag op ’n seiljag wil vaar? Sê waarom. Oor watter soort eienskappe dink jy moet jy beskik as jy op ’n seiljag wil vaar?

**Ons lees**

Olifantstraat 7
Bellville
2001
4 Oktober 2015

Beste Alba,

Die seiljagwedvaart van die Kaap na Rio word elke drie jaar aangebied. En hierdie jaar het ek op een van die seiljagte gevaar! Ek weet nie of ek jou vertel het nie, maar my oupa was mos ’n visser en my pa ’n skuitmaker. Bote en skuite was dus nog altyd deel van my lewe. Toe ek nog baie klein was, het ons ’n klein roeibootjie gehad, en my pa het ons saamgevat om op die Zeekoevlei te gaan roei. Eendag het ons kinders gesien wat op hul eie besig was om te roei, en ek het net daar besluit dat ek ook eendag in my eie boot sal vaar.



Toe ek ouer en sterker begin word het, het ek aan kompetisies begin deelneem en die meeste daarvan gewen. Toe die kaptein van ’n seiljag wat van die Kaap na Rio sou vaar, my egter bel en vra of ek saam met hom wou gaan vaar, kon ek my ore nie glo nie. Die vaart was toe ook die hoogtepunt van my lewe!



Die wedvaart self was ongelooflik lekker. Daar het elke dag iets opwindends gebeur. Ons het babadolfyne en hope vlieënde visse gesien. Een nag was daar so baie van hulle dat hulle teen ons boot gebots het – kadoems!

Ek was net een keer seesiek – op die eerste dag – en het net een keer op die vaart bang geword. Dit was toe daar ’n hewige storm gewoed het en die branders hemelhoog was – so hoog soos ’n dubbelverdiepinggebou.

Ons boot het tweede by Rio de Janeiro aangekom en ons het die oseaan binne vyftien dae oorkruis.

Ek was regtig jammer toe ons weer by die huis aankom, omdat dit die einde van ’n wonderlike tyd beteken het. Maar ek dink ek was nogal bly om weer voet aan wal te sit.

Ek is nou kliphard besig om my vir die Wêreldkampioenskap voor te berei, maar ek hoop dat ons mekaar binnekort sal sien.



Liefdegroete


Carven



**Ons skryf**

Omkring die deeltekenwoorde in Carven se brief met rooi en die kappiewoorde met blou.

Datum:





Ons skryf


Hoe gereeld word die seiljagwedvaart van die Kaap na Rio gehou?



Is die wedvaart gewild? Gee redes vir jou antwoord.

Waarom het Carven begin seil?

Carven sê nie hoe oud hy was toe hy aan die wedvaart deelgeneem het nie. Hoe oud dink jy was hy?



Is Carven 'n goeie seiljagvaarder? Motiveer jou antwoord.

Watter wedvaart was die hoogtepunt van sy lewe?

Watter twee opwindende goed het aan boord van die seiljag gebeur?

Is dit 'n formele of 'n informele brief hierdie? Gee drie redes vir jou antwoord.



Ons skryf

Kies in elke reël die woord wat die beste by die eerste, vetgedrukte woord pas. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek in.



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **hoogtepunt** | onderstreep | aandag trek | die beste deel | beklemtoon |
| **branders** | vuurhoutjies | opblaas | golwe | verhewe |
| **seesiek** | gesond | moeg van die see | ongelukkig | naar |
| **kompetisies** | wedvaarte | pryse | uitdagende | mededingers |

ONDERWYSER: Teken Datum

# 100 Kommunikeer met Carven



**Ons skryf**

Verbeel jou jy is Alba. Skryf 'n brief as antwoord op Carven se brief. Sê in jou brief aan Carven hoe baie jy daarna uitsien om hom weer te sien en meer omtrent sy wedvaart te hoor. Vertel hom wat jy alles gedoen het terwyl hy weg was. Vertel hom ook dat jy gereël het dat hy aan 'n radio- en 'n TV-onderhoud deelneem wanneer hy huis toe kom, sodat hy hom vir die onderhoude kan voorberei.

Onthou dat dit 'n vriendskaplike brief is en dat die toon daarvan informeel moet wees.

Beplan eers jou brief deur hierdie raamwerk te voltooi. Vul kernwoorde onder elke opskrif in.

Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. Vra 'n maat om dit vir jou te hersien en indien nodig te **korrigeer**. Skryf die **finale weergawe** dan netjies in jou klaswerkboek oor.

| As julle mekaar weer sien | Wat jy gedoen het | Reëlings vir die radio- en TV-onderhoud |
|---|---|---|
| | | |





Datum:

**Tydsvorme**

Die **teenwoordige tyd** verwys na die hede.

Die **verlede tyd** verwys na dinge wat reeds gebeur het.

Die **toekomende tyd** verwys na wat nog moet gebeur.



Ons skryf

Verander die volgende sinne eers in die verlede tyd en dan in die toekomende tyd:

My pa bou ’n skuit.

Ek ontmoet Samson op die seiljag.

Die wedvaart is ongelooflik lekker!

’n **Sin** = onderwerp (wie) + gesegde (werkwoordstuk) + voorwerp (wie/wat), bv.
Die seuntjie (onderwerp) gooi (gesegde) die bal (voorwerp).

**Werkwoordstuk:**
Die hoofwerkwoord en die hulpwerkwoord vorm saam die gesegde.
Die **bedrywende vorm** is die sin in sy basiese vorm soos dit in die gewone skryf- en spreektaal voorkom: **Onderwerp + gesegde + voorwerp**.
In die **lydende vorm** vorm ruil die onderwerp en die voorwerp om.

- Die bal word deur die seuntjie gegooi. (teenwoordige tyd)
- Die bal is deur die seuntjie gegooi. (verlede tyd)
- Die bal sal deur die seuntjie gegooi word. (toekomende tyd)

- Ontleed die enkelvoudige sinne eers deur die onderwerp met rooi te onderstreep en die voorwerp met blou. Omkring dan die gesegde.
- Herskryf die sinne in die bedrywende vorm dan in die lydende vorm.

Die kaptein bel hom.

Ek sien vlieënde visse.

Carven herstel die seiljag.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 'n Kort storie



Ons praat

Waar is die Bo-Kaap? As jy nie weet waar dit is nie, vra jou onderwyser, kyk op die internet of gaan biblioteek toe om uit te vind waar dit is.

Hou jy van musiek? Na watter soort musiek luister jy graag? Dink jy dit is belangrik om te studeer nadat jy die skool verlaat het? Sê waarom jy so dink. Wat wil jy gaan studeer nadat jy die skool verlaat het? Sê waarom. Pas die skryfproses toe en skryf 'n toneelstuk oor hierdie storie in groepverband. Onthou om dit in dialoogvorm te skryf. Voer die storie in groepverband op, nadat julle die toneelstuk geskryf het. Onthou om tydens die opvoering oogkontak met die gehoor te maak en om julle op 'n verbeeldingryke manier uit te druk. Moenie vergeet om die gebeurtenisse in die storie in die korrekte volgorde op te voer nie.

Ons lees



Mnr. Banjo was 'n lang, skraal man met 'n donker **gelaat** en spierwit hare. Sy regte naam was James John McCloyd. Sy pa en oupa was albei matrose en sy ma was van Maleise afkoms.

Die McCloyds het in 'n driekamerhuisie in Chiapinnistraat in die Bo-Kaap gebly. Terwyl James se pa op see was, het sy ma na die huis omgesien en **toegesien** dat hy skoon, gesond en gelukkig is en gereeld skool toe gaan.

Toe James nog piepklein was, het sy pa vir hom 'n banjo gekoop. Dit het 'n **ronde** kop, 'n lang nek en vier snare gehad. Wanneer sy pa van die see af huis toe gekom het, het hy sy seuntjie geleer hoe om die banjo te bespeel.

Die klein **Maleiergemeenskap** het oor naweke bymekaargekom. Dan het hulle gedans en gesing, en James het sy banjo bespeel. Hy het 'n verbasend goeie musikant geword.

Wanneer hy begin speel en sing het, het almal hom in verwondering aangestaar, en wanneer hy opgehou het, het hulle hom toegejuig asof 'n engel pas vir hulle musiek gemaak het.

Toe James 12 jaar oud was, het die mense hom Banjo begin noem , en dit het die res van sy lewe sy naam gebly. "Sodra ek met hoërskool klaarmaak, gaan ek universiteit toe," het hy vir sy ma gesê. "Ek wil 'n graad in musiek behaal."

Maar 'n tragedie het plaasgevind. Banjo se pa is dood, en Banjo moes **uitspring** om te gaan werk sodat hy sy ma kon ondersteun. Toe sterf sy ma. Banjo het besluit om 'n matroos te word. Hy het sy geld gespaar en sy banjo bespeel wanneer hy ook al kon. Vyf jaar later kon hy teruggaan huis toe en Graad 12 by 'n sentrum vir volwasse-onderwys voltooi. Daarna is hy universiteit toe om musiek te studeer.


Datum:

Terwyl Banjo studeer het, het hy musieklesse gegee en sowel jongmense as bejaardes geleer lees en skryf. Hy het oraloor beroemd en gewild geword, en mense het van ver af gekom om by hom musieklesse te neem.

Banjo het sy graad in musiek behaal toe hy dertig jaar oud was. Hy het in klassieke kitaar gespesialiseer, maar die banjo het sy eerste liefde gebly. Dikwels het hy teen Seinheuwel opgestap en op die groen gras gaan sit en sy banjo gespeel. Hy is dood toe hy twee-en-negentig was. Hy het as 'n gelukkige, tevrede man gesterf.




Verbind die vetgedrukte woorde links met hul betekenisse regs. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek in.



| | |
|---|---|
| **gelaat** | intens na iemand kyk |
| **gereeld** | ramp |
| **aanstaar** | velkleur |
| **verwondering** | dikwels |
| **tragedie** | verbasing |




Pas soekleesvaardighede toe en beantwoord hierdie vrae na aanleiding van die storie oor Banjo.

Wie is die held van hierdie kortverhaal? ____________________

Wie vertel die storie? Omkring jou antwoord hieronder.

Banjo          Sy ma          'n Derde persoon – iemand wat Banjo ken

Sê waarom jy so dink.

____________________

Waar speel die storie hom af? Het die skrywer die plek werklik laat klink? Hoe het hy dit reggekry?

____________________

____________________

Wat is die intrige van hierdie storie? Wat gebeur alles?

____________________

Watter konflik of probleme is daar? Is daar 'n oplossing daarvoor?

____________________

____________________

Sê hoe die held sy probleme oplos.

____________________

Het jy hierdie storie geniet? Sê waarom.

____________________

Voorsien die storie van 'n titel. ____________________


ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 102 Dis lekker om te skryf



**Ons skryf**

Verbeel jou dat Banjo baie jare lank vir jou les gegee het en dat jy en hy goeie maats geword het. Toe hy doodgaan, het jy besluit om 'n brief aan sy familie te skryf waarin jy hulle vertel hoeveel mnr. Banjo vir jou beteken het. Voltooi die breinkaart om jou brief te **beplan**. Skryf die **eerste weergawe** van jou brief in jou klaswerkboek. Laat 'n maat jou brief **hersien** en indien nodig **korrigeer**. Skryf die **finale weergawe** van jou brief in jou klaswerkboek. Vertel hulle in die eerste paragraaf hoe hartseer jy is dat mnr. Banjo dood is. Stel dit duidelik in die tweede en die derde paragraaf wat mnr. Banjo gedoen het wat hom so spesiaal vir jou en talle ander gemaak het. Praat in die laaste paragraaf oor sy prestasies, en sê waarom jy en die gemeenskap hom sal mis.



Datum:

Onthou jy nog hoe woorde gevorm word? Ons kry:
- **Basiswoorde** (die kleinste betekenisvolle deel van woorde)
- **Afleidings** (basis + voorvoegsel en/of agtervoegsel)
- **Samestellings** (basis + basis)

**Ons skryf**

Hierdie woorde kom uit mnr. Banjo se storie op bl. 78.

1. Onderstreep die **basisvorm** van elke woord. Omkring die **voorvoegsels** dan met rooi, die **agtervoegsels** met blou en die **verbindingsklanke** met groen.
2. Dui aan (✔) of die woord 'n **afleiding** of 'n **samestelling** is.


| Woord | Afleiding ✔ | Samestelling ✔ |
|---|---|---|
| uitspring | | |
| gesing | | |
| toegesien | | |
| Maleiersgemeenskap | | |
| ronde | | |

Ons voeg **voorvoegsels** voor aan ander woorde om nuwe woorde te vorm, bv. wen – gewen, speel – bespeel.
Ons voeg agtervoegsels agter aan ander woorde om nuwe woorde te vorm, bv. geluk – gelukkig.

**Ons skryf**

Skryf hierdie paragraaf oor en voeg hoofletters asook skryf- en leestekens waar nodig in.

mnr banjo het in chiapinnistraat in die bo-kaap gebly. sy regte naam was james mccloyd en sy ma was van maleise afkoms. mnr banjo was redelik oud toe hy musiek aan die universiteit gaan studeer het. hy het nietemin daarvan gehou om sy banjo bo-op seinheuwel te bespeel.



**Ons skryf**

Soek 2 voorbeelde van die volgende woordvorme in die storie oor mnr. Banjo en voltooi die tabel.

| Woordvorm | Woord 1 | Woord 2 |
|---|---|---|
| Meervoud | | |
| Verkleining | | |
| Intensiewe vorm | | |
| Koppeltekenwoord | | |

# 103 ʼn Nuwe skoolkwartaal



Ons praat

Hoe voel jy wanneer jy moet teruggaan skool toe? Voel jy opgewonde of hartseer? Hoe voel jy daaroor om in ʼn nuwe onderwyser se klas te moet wees? Waarna sien jy die meeste uit?



Ons lees

Dit is die eerste dag terug by die skool ná die skoolvakansie – ʼn hele maand van vakansie en pret.

Melinda, Zak en Khal is egter nie hartseer om terug te wees nie. Hulle is in die wolke.

Hulle drie staan op die speelterrein en kyk rond. Niks het verander nie. Laerskool Bloekompark lyk maar soos altyd.

Die skoolgebou is oud en bruin. Die klein parkeerarea loop oor van die onderwysers se motors. Die woud anderkant die speelterrein lyk net so donker en spookagtig soos altyd. En die speelterrein self is afgemerk as ʼn sokkerveld, gereed vir die eerste wedstryd van die kwartaal.

"Skop ons tydens eerste pouse af?" vra Melinda.

Zak en Khal knik net.

Zak is kort en stewig gebou, sy donker hare netjies gevleg. Khal is lank en het ʼn skraal gesig. "Jip, ek kan nie wag nie," sê Zak.

"Ek ook nie," stem Khal saam.

Melinda vee haar blonde krulhare uit haar gesig uit. "Ons het lank laas sokker gespeel," sê sy.

En dit was omtrent lank laas. Baie lank laas.

Hulle skool is in die middestad geleë. Daar is ʼn baie besige pad aan die een kant van die driehoekige stuk grond waarop die skool gebou is, en etlike spoorlyne aan die ander kant.

Die hele dag lank jaag die treine heen en weer by die skool verby.


Die deel van die stad waar Melinda en die ander woon, is so toegebou dat daar geen ruimte vir ʼn veld of parke is nie. Daar is geen plek waar hulle sokker kan speel nie. Die enigste plek waar die kinders sokker kan speel, is op die skool se speelterrein.

Zak vryf sy hande saam en vra: "Het jy daardie nuwe 4x4 gesien?"

Debbie, Melinda se beste maat, skreeu: "Dit is syne – ons nuwe onderwyser s'n! Het enigiemand hom al gesien?"

Almal skud hulle koppe.

"Wel, hy moet ʼn gawe onnie wees as hy met ʼn 4x4 ry," sê Zak net toe die skoolklok lui.







Datum:



"Ons sal in die saal uitvind," antwoord Melinda. "Die saalbyeenkoms begin oor 'n paar minute."
Die vier maats loop saal toe, vol verwagting oor die nuwe kwartaal en hul nuwe onderwyser.
*(Tom Palmer, verwerk)*





Lees die storie weer deur. Voorsien dit van 'n gepaste titel.

Wat doen die vier maats die heel graagste?

Kon hulle gedurende die skoolvakansie sokker speel? Sê waarom of waarom nie.

Die kinders bly naby aan die spoorlyn. Waarom dink jy kan dit vir hulle 'n probleem wees?

Dink jy dit is vir die kinders maklik om in die klas te konsentreer? Sê waarom.





Op watter manier verskil Zak, Melinda en Khal van mekaar?

Skryf 'n opsomming van die storie in omtrent drie sinne.

Die kinders sien daarna uit om hul nuwe onderwyser te ontmoet. Wat dink jy gaan hulle van hom dink?

ONDERWYSER: Teken Datum

# 104 Skryf ’n resensie

**Ons skryf**

Jy is gevra om die boek deur Tom Palmer te resenseer. Skryf jou resensie deur van die volgende opskrifte gebruik te maak. Sodra jy dit klaar geskryf het, vra ’n maat om dit deur te lees en te korrigeer.

## ’N BOEKRESENSIE

Die storie handel oor

Die vier maats hou daarvan om

Ek het van hierdie storie gehou/Ek het nie van hierdie storie gehou nie omdat

Jy moet hierdie boek lees/Jy moenie hierdie boek lees nie, want

**Ons skryf**

Onderstreep die onderwerp en die voorwerp in elkeen van hierdie sinne.



Die vier kinders hou daarvan om sokker te speel.

Die onderwysers parkeer hul motors in die klein motorparkeerarea.

Die nuwe onderwyser ry met ’n 4x4.

Die kinders loop na die saalbyeenkoms toe.

Al die kinders woon naby aan die spoorlyn.

**Ons skryf**

Jy gaan nou jou eie storie skryf.



- Maak seker dat jy geloofwaardige karakters en gebeure in jou storie ontwikkel.
- Gebruik uitgebreide woordeskat, bv. intensiewe vorme.
- Gebruik beeldspraak, bv. vergelykings.
- Volg die skryfproses:
  Ontwerp jou eie breinkaart in jou klaswerkboek om jou te help om jou storie te **beplan**.
  Jy kan die volgende opskrifte vir die breinkaart gebruik:
  - o Karakters en eienskappe
  - o Agtergrond
  - o Intrige
  - o Titel

  Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek en laat ’n maat dit **hersien. Korrigeer** waar nodig en skryf jou **finale weergawe** netjies in jou klaswerkboek oor.
- Lees jou storie vir ’n maat en luister na sy of haar storie.

Datum:



**Ons skryf**

Voltooi hierdie sinne deur die verboë vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies te gebruik.

**Voorbeeld:**

Hulle skop die ______ sokkerbal. (rond)

Hulle skop die **ronde** sokkerbal.

Hulle was eerste en ontvang toe ʼn ______ medalje. (goud)

Hy het doelhok toe gemik maar dit was ʼn ______ skop. (skeef)

Die ______ skoolgebou het baie karakter. (oud)

Die ______ sokkerveld is mooi groen. (nuut)

Die ______ kinders speel graag sokker. (jonk)




**Ons skryf**

Kies die beste woord vir elkeen van hierdie frases en voltooi die tabel.

nou | omdat | nodig | vinnig | binnekort

| | |
|---|---|
| daar is ʼn vereiste | |
| op hierdie oomblik | |
| so gou moontlik | |
| weens die feit dat | |
| in die nabye toekoms | |





**Ons skryf**

Rangskik hierdie woorde in alfabetiese volgorde.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| stapel | sokker | skool | sap | skuit | suig |
| slang | sink | spartel | smelt | soektog | spoor |

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 105 Tiere





**Ons praat** Was jy al ooit by 'n wildtuin of 'n dieretuin? Vertel jou groep van die wildtuin of die dieretuin. Praat oor al die wilde diere wat jy gesien het.



**Ons lees**

Wie sou 'n geveg wen, 'n leeu of 'n tier? Wel, as dit oor grootte gaan, sal die tier beslis wen. Dit is omdat tiere die grootste van die katspesies is. Tiere kan tot 3,5 meter lank word en tot 304 kg weeg. Hulle is nie net groot nie; hulle is ook vinnig. Hulle kan tot 64 km per uur oor kort afstande hardloop en kan tot 9 meter horisontaal spring. Dit beteken dat hulle mens of dier op 'n uiters gevaarlike manier skielik kan aanval. Jy dink dalk nie dat so 'n groot, vinnige, wrede dierasie hulp nodig het om te oorleef nie, maar hulle het wel. Die tier is 'n bedreigde spesie.

Tiere word hoofsaaklik op twee maniere deur mense bedreig: deurdat daar jag op hulle gemaak word en deurdat hul habitat vernietig word.

Tiere word geskiet vir hulle velle en hul liggaamsdele, waarvoor mense bereid is om 'n aardige bedraggie te betaal. Daar is mense in China en ander Asiatiese lande wat glo dat verskillende dele van die tier genesende eienskappe het. Tiere word egter ook as wilde diere gejag. Met ander woorde, daar is mense wat tiere jag bloot omdat hulle dit as opwindend of 'n prestasie beskou om 'n tier dood te maak.

Mense het ook al die tier se habitat – hul blyplekke waar hulle kan oorleef – vernietig. Lank gelede kon 'n mens tiere regoor Turkye tot by die ooskus van Rusland aantref. Die tierbevolking kom nou egter net op klein dele in die suide en suidooste van Asië voor. Die grootste rede is dat mense dorpe en stede opgerig het en groot stukke grond vir boerdery en vir mynbedrywighede skoongemaak het.

Tiere het baie plek nodig om te kan oorleef. 'n Tiermannetjie het omtrent 100 km² nodig, omdat wilde tiere territoriaal is en op hul eie rondloop. Dit beteken dat hulle nie hul grondgebied met ander tiere wil deel nie. Omdat hulle so 'n groot grondgebied nodig het, is dit vir natuurbewaarders moeilik om genoeg grond te kry om 'n groot tierbevolking te ondersteun. Om hulle te probeer beskerm, is van die tiere wat in gevangenskap gebore is, na Suid-Afrika gebring en hier in die wildernis vrygelaat. Dit lyk asof dit 'n goeie oplossing is.

FEITELÊER

- Ongeveer die helfte van alle tierwelpies oorleef nie langer as twee jaar nie.
- Tierwelpies gaan op hul eie bly sodra hulle omtrent twee jaar oud is.
- 'n Groep tiere word 'n trop genoem.
- Tiere is goeie swemmers en kan tot ses kilometer ver swem.
- Wit tiere is uiters seldsaam. Die geen wat hulle wit maak, kom net in omtrent een uit elke 10 000 tiere voor.
- Tiere jag gewoonlik op hul eie gedurende die nag.
- Minder as 10% van 'n tier se jagtogte is suksesvol.
- Tiere kan maklik nege meter ver spring.
- Vandag word meer tiere privaat as troeteldiere aangehou as wat daar wilde tiere is.





**Ons skryf** Onthou soeklees beteken om jou oë oor 'n teks te beweeg om vinnig spesifieke inligting te bekom. **Soeklees** die teks hierbo asook die feitelêer, en beantwoord dan hierdie vrae.

Hoe groot word tiere? ______________________

Hoeveel kan hulle weeg? ______________________

Hoe vinnig kan hulle hardloop? ______________________

Datum:



Hoe groot moet die stuk grond wees waarop 'n tier kan oorleef? ______________________

Op watter ouderdom gaan die tierwelpies op hul eie bly? ______________________

Skryf twee redes neer waarom daar op tiere jag gemaak word.

______________________

______________________

Wat is die hoofrede waarom die skrywer hierdie artikel geskryf het? Maak 'n regmerkie by jou antwoord.

- ◯ Om interessante inligting oor tiere aan lesers te voorsien
- ◯ Om lesers te oorreed om die wêreld se tierbevolking te help
- ◯ Om aan lesers te verduidelik waarom die wêreld se tierbevolking bedreig word

Waarom het tiere soveel van hul habitat al verloor?

______________________

Waarom is dit so moeilik om die wilde tiere te bewaar?

______________________

______________________



Watter van die volgende stellings is 'n mening?

- ◯ Tiere kan tot 3,5 meter lank word.
- ◯ Dit is uiters belangrik dat die wilde tiere gered moet word.
- ◯ Die wêreld se wilde tiere word deur die mens bedreig.

Watter van die volgende omskryf die uitdrukking "in die wildernis vrygelaat", wat in die laaste paragraaf van die artikel voorkom, die beste?

- ◯ Om diere te bewaar deur hulle in dieretuine te hou.
- ◯ Om die diere wat in dieretuine gebore is, in die natuur terug te plaas.

Verduidelik die betekenis van die idioom "'n aardige bedraggie".

______________________

______________________

Watter van die volgende is die duidelikste op die inligting in die artikel gebaseer?

- ◯ Pogings om tiere te red, was al redelik geslaag, maar daar is talle struikelblokke.
- ◯ Pogings om tiere te red, het in die verlede misluk, maar mense moenie tou opgooi nie.
- ◯ Pogings om tiere te red, was so suksesvol dat hulle nou nie meer 'n bedreigde spesie is nie.



ONDERWYSER: Teken ______________ Datum ______________

# Meer oor feitelike skryfwerk






Baie van die inligting oor tiere is feitelik.

Wanneer jy 'n inligtingsteks skryf, moet jy weet of dit wat jy skryf, feite of menings is.

Kyk na hierdie inhoudsopgawe en besluit watter van die items feite en watter menings is.

Maak dan 'n regmerkie in die toepaslike kolom.

| | Feit | Mening |
|---|---|---|
| Die anatomie van die tier | | |
| Waar tiere bly | | |
| Wat hulle eet | | |
| Hulle tande | | |
| Tiere is vreesaanjaende diere | | |
| Verskillende soorte tiere | | |
| Speelgoedtiere is my gunsteling-speelgoed | | |






Lees hierdie gedeelte.

Te min oefening en oor-etery is sleg vir ons. Jy moet elke dag minstens 'n halfuur lank gaan stap. As jy te min oefen, kan dit longprobleme, hartprobleme en vetsug veroorsaak. As jy die verkeerde goed eet en nie oefen nie, kan jy baie siek word. Dit is belangrik om elke dag proteïene, koolhidrate, vrugte en groente te eet. Dit is nie goed om sjokolade te eet nie, en lekkers en koeldrank is sleg vir jou tande.




Onderstreep al die stellings in die leesstuk hierbo wat beslis feite is.
Omkring die stelling wat bedoel is om soos 'n feit te klink, maar wat in werklikheid 'n mening is.
Waarom het die skrywer dit ingesluit?

Dink jy dat almal met die skrywer sou saamstem? Skryf twee sinne waarin jy sê wat jy dink.

Datum:



Kies 'n wilde dier wat vir jou interessant is. Vind meer oor jou dier uit en skryf daaroor deur van hierdie opskrifte gebruik te maak:

**Algemene stelling** (Byvoorbeeld: "Olifante kom hoofsaaklik in die wildernis voor.")

**Eienskappe** (Byvoorbeeld: "Olifante het lang slurpe.")

**Gewoontes en gedrag** (Byvoorbeeld: "Olifante is geneig om in 'n trop saam te bly.")

**Wat hulle eet** (Byvoorbeeld: "Hulle eet blare.")




Omkring die voorvoegsels met rooi en die agtervoegsels met blou in die volgende paragraaf. Onderstreep die basisvorm van die woorde wat jy omkring het met groen.

Tiere is die grootste lede van die katfamilie en word aan hulle grootte en sterkte uitgeken. Tiere bly op hul eie. Hulle is sterk en jag gedurende die nag. Hulle loop baie ver op soek na buffels, bokke, wilde varke en ander groot soogdiere. Tiere vermy mense gewoonlik, maar enkeles val tog mense aan.




Voltooi die tabel deur **sinonieme** (woorde met dieselfde betekenis) uit die onderstaande woorde te kies vir die woorde in die eerste kolom van die tabel en dit onder die opskrif "Sinonieme" te skryf. Kies dan die **antonieme** (woorde wat die teenoorgestelde beteken) en skryf dit onder "Antonieme" in die tabel in.

bekend | klein | privaat | vinnig | gewoon | seldsaam | swak | klam | droog | stadig | groot | sterk

| Woorde | Sinonieme | Antonieme |
|---|---|---|
| openbaar | | |
| algemeen | | |
| nat | | |
| nietig | | |
| gou | | |
| kragtig | | |



ONDERWYSER: Teken Datum

# 107 'n Nuusberig






Kry 'n koerant- of tydskrifartikel oor iets waarin jy belangstel en bring dit skool toe. Vertel die klas waaroor jou artikel handel en lees dit aan hulle voor. Vra jou groep dan om 'n punt vir jou opsomming en leeswerk toe te ken.

Hoe het jy gevaar? Assesseer jouself en voltooi die tabel nadat jy jou artikel oorvertel en gelees het.

| KRITERIA | | Uitstekend | Goed | Het aandag nodig |
|---|---|---|---|---|
| Inleiding | Sê waaroor die artikel handel. | | | |
| Inhoud | Die inligting is korrek en hou met die artikel verband. | | | |
| | Hou by die onderwerp. | | | |
| Aanbieding | Kyk na die gehoor (klas). | | | |
| | Praat duidelik en met selfvertroue. | | | |
| Leeswerk | Lees vlot en duidelik. | | | |
| | Maak oogkontak met gehoor terwyl jy lees. | | | |






## Hondjie wag vir sy baas om huis toe te kom



Amir Plume

Maandag, 2 Augustus

Indië, Dhaka – 'n Hondjie het deur drie riviere geswem, 13 km geloop en toe 'n week lank buite 'n tronk gesit en waak terwyl sy baas gevange gehou is, het 'n koerant vandag berig.

Toe Sohrab Ali in hegtenis geneem is, het sy hondjie agter die boot aangeswem waarin Ali oor die eerste rivier tronk toe gevaar het, het die Onafhanklik Sungbad-koerant gesê.

Die skipper het probeer om die hondjie weg te jaag deur op hom te skreeu, maar die hondjie het aanhou swem. Die hondjie het by die tronk gesit en wag totdat sy eienaar 'n week later op 21 Augustus vrygelaat is, het die koerant berig.

"Die hondjie het afgehaal buite die hek gesit en tjank, maar het sy stert van vreugde begin swaai wanneer hy ook al sy baas Ali aan die ander kant van die hek gewaar het," het die koerant berig. Ali het die hondjie die helfte van sy tronkkos gegee wanneer hy kon.

Ali is verkeerdelik gearresteer in sy verafgeleë dorpie, Nakia, in die Sherpur-distrik, 130 km noordwes van Dhaka, het die koerant berig. Toe hy uit die tronk vrygelaat is, was hy uiters verlig.

Die hondjie, wie se naam nie bekend is nie, het van pure vreugde begin blaf en Ali se voete gelek toe hy as 'n vry en gelukkige man by die tronk uitgestap het.

Datum:

Ons skryf

Dink jy dat die titel van die artikel 'n goeie titel is? Sê waarom jy so dink.

**Soeklees** die artikel om die volgende inligting uit te vind:

Deur hoeveel riviere het die hondjie geswem om by sy baas te bly? ______________

Hoeveel kilometer het die hondjie geloop? ______________

Hoe lank het hy buite die tronk op sy baas gewag? ______________

Op watter dag is die artikel geskryf? ______________

Wie het die artikel geskryf? ______________

Dink jy die hondjie was in Suid-Afrika of in 'n ander land? Gee redes vir jou antwoord.

Watter paragraaf som die artikel die beste op – die eerste paragraaf of die laaste paragraaf? Waarom sê jy so?

Hoe ondersteun die prentjie die inhoud van die artikel?

Watter woord hieronder beskryf die hoofonderwerp van die artikel die beste? Waarom sê jy so?

| lojaliteit | eerlikheid | hulpvaardigheid | goedheid |
|---|---|---|---|

Ons skryf

Verbind die frases links met die korrekte betekenisse regs.



| | |
|---|---|
| waak | ver van 'n groot stad af |
| vrygelaat | uit die tronk uit |
| vaar | wakker bly en vir sy baas wag |
| verafgeleë dorpie | ongelukkig |
| terneergedruk | per boot gereis |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Oefen om 'n koerantberig te skryf





Ons skryf

Koerantopskrif

## Hondjie wag vir sy baas om huis toe te kom

Naamreël

Amir Plume

Maandag, 2 Augustus

Plekreël

**Dhaka, Indië** – 'n Hondjie het deur drie riviere geswem, 13 km geloop en toe 'n week lank buite 'n tronk gesit en waak terwyl sy baas gevange gehou is.

Hoofberig
Vang die leser se aandag vas. Gee die belangrikste inligting. Stel die onderwerp bekend. Beantwoord die "w"-vrae: waar, wanneer, wat, waarom, wie.

Toe Sohrab Ali in hegtenis geneem is, het sy hondjie agter die boot aangeswem waarin Ali oor die eerste rivier tronk toe gevaar het.

Die skipper het probeer om die hondjie weg te jaag deur op hom te skreeu, maar die hondjie het aanhou swem. Die hondjie het by die tronk gesit en wag totdat sy eienaar 'n week later op 21 Augustus vrygelaat is.

Inhoud

Aanhaling
Voeg die menslike aspek by.

Die hondjie het afgehaal buite die hek gesit en tjank, maar het sy stert van vreugde begin swaai wanneer hy ook al sy baas Ali aan die ander kant van die hek gewaar het. Ali het die hondjie die helfte van sy tronkkos gegee wanneer hy kon.

Ali is verkeerdelik gearresteer in sy verafgeleë dorpie, Nakia, in die Sherpur-distrik, 130 km noordwes van Dhaka. Toe hy uit die tronk vrygelaat is, was hy uiters verlig.

Die hondjie, wie se naam nie bekend is nie, het van pure vreugde begin blaf en Ali se voete gelek toe hy as 'n vry en gelukkige man by die tronk uitgestap het.



Ons skryf

Jy gaan nou 'n koerantberig skryf. Die berig handel oor studente wat geld insamel vir 'n goeie saak.

Kyk na die aantekeninge wat hierbo in die storie oor die hondjie voorsien is. Maak seker dat jou berig dieselfde elemente bevat. Voltooi die volgende opsomming om jou koerantberig te beplan.

'n **Koerantopskrif**, wat die leser se aandag vasvang en die storie opsom

______________________________

'n **Naamreël**, wat die skrywer se naam insluit

______________________________

'n **Plekreël**, wat jou vertel waar die storie begin en waar dit plaasvind

______________________________

Die **inhoud** (ook die hoofdeel genoem), wat in die derde persoon geskryf word, gee besonderhede (altyd eers die belangrikste) en feite wat as duidelike, eenvoudige stellings geskryf word. (Skryf die sleutelwoorde van jou inhoud hier neer.) ______________________________

'n Paragraaf wat 'n **aanhaling** bevat, wat die storie meer persoonlik maak

______________________________

______________________________



Datum:

**Ons skryf**

Skryf die **eerste weergawe** van jou koerantberig in jou klaswerkboek. Laat 'n maat dit **hersien** en **korrigeer** waar nodig. Skryf jou **finale weergawe** van jou koerantberig hier. Onthou jou opskrif.



**Ons skryf**

Verbind hierdie enkelvoudige sinne om saamgestelde sinne te maak. Gebruik die woorde tussen hakies.

'n Hondjie het deur drie riviere geswem. Hy wou sy baas agtervolg. (want)

Die skipper het probeer om die hondjie weg te jaag. Hy wou nie hê die hondjie moes hulle volg nie. (aangesien)

Die man was in die tronk. Hy het dit reggekry om sy hondjie te voer. (alhoewel)

Die hond het vreugdevol geblaf. Die man is uit die tronk vrygelaat. (nadat)



ONDERWYSER: Teken Datum

# 109 Op met Tafelberg



Ons praat



Was jy al ooit op Tafelberg of het jy al van Tafelberg gelees? Het jy al ooit in 'n kabelkar gery? As jy het, vertel jou groep hoe jy dit beleef het. Al was jy nog nie op Tafelberg nie, wat dink jy sou jy alles van bo-op die berg af kan sien?



Ons praat

Lees hierdie brosjure oor Tafelberg.

Die kabelkar neem jou binne ongeveer vyf minute na die boonste piek van Tafelberg. Op pad boontoe kry jy reeds 'n **voorsmakie** van wat voorlê. Die **roterende** basis van die kabelkar maak dit vir jou moontlik om in al die rigtings te kyk vandat jy aan die voet van die berg vertrek. Sodra jy bo kom, kan jy die ongelooflikste uitsig oor die stad, wat aan die voet van die berg lê, geniet.

## Plante en diere

Daar is meer as 1 460 verskillende soorte plante op Tafelberg. Tafelberg is 'n **Wêrelderfenisterrein**. Van die plaaslike flora sluit die Kaapse Fynbos in – plante wat net in die Kaap voorkom. Daar is **oorvloedige** dierelewe op die berg. Jy kan maklik dassies, ystervarke, muishonde, verskillende slangsoorte en talryke skoenlappers daar gewaar. Die voëllewe sluit rooivlerkspreeus, arende en suikerbekkies in.

## Begeleide staptoere

Twee begeleide staptoere word daagliks aangebied. Die bymekaarkomplek is die Boonste Kabelstasie om 10:00 en 12:00. Die staptogte is 2 km lank en jy sal met die bokant van die berg langs stap. Daar is talle uitkykpunte van waar jy asemrowende uitsigte oor die Kaapse Skiereiland, Duiwelspiek, Tafelbaai, Seepunt en Clifton kan geniet. Jy kan selfs Leeukop en Robbeneiland sien.

## Dienste



Bo-op Tafelberg is daar 'n selfbedienrestaurant en 'n fynkoswinkel waar jy iets kan drink, goeie kos kan nuttig en die uitsig kan bewonder.

## Kabelspoor-kunsvoorwerpe

Die winkel, *Shop at the Top*, word gehuisves in die oorspronklike steenkothuisie wat op die berg gebou is. Dit bied baie kunsvoorwerpe en interessante artikels met die Tafelberg-embleem daarop te koop aan.

- Toerisme-inligting is beskikbaar.
- Bied **eksklusiewe** klere en geskenke.
- Films en seëls is beskikbaar.

Die kabelspoor se besigheidsure

## Winter

Eerste kabelkar na bo – 08:30

Laaste kabelkar na bo – 17:00

Laaste kabelkar na onder – 18:00

## Somer

Eerste kabelkar na bo – 08:00

Laaste kabelkar na bo – 20:30

Laaste kabelkar na onder – 21:30

**Op winderige dae word die kabelspoor gesluit om ongelukke te vermy.**

## Koste

| Tipe | Retoer | Slegs boontoe |
|---|---|---|
| Volwassenes | R205 | R105 |
| Kinders (onder 18 jaar) | R100 | R53 |
| Kinders (onder 4 jaar) | Gratis | Gratis |
| SA senior burgers (60 jaar en ouer wys asb ID) (slegs op Vrydae) | R95 | R50 |
| Studente – wys asb studentekaart (slegs op Vrydae) | R130 | R68 |

**Besoek Tafelberg se amptelike webtuiste by www.tablemountain.net vir nadere inligting oor hierdie besienswaardigheid.**

Datum:




Verbind die vetgedrukte woorde en frases links met hul betekenisse regs. Skryf die woorde of frases in vetdruk in jou woordeboek in.

| | |
|---|---|
| **'n voorsmakie kry** | draai in die rondte |
| **roterend** | plantlewe |
| **flora** | vooraf 'n idee kry |
| **oorvloedig** | vergeselde |
| **begeleide** | volop |





**Soeklees** die teks nou en beantwoord dan hierdie vrae.

Onderstreep al die stellings wat jy dink menings is. Wat let jy op omtrent die inligting wat in die pamflet gegee word?

---

Sodra jy binne-in die kabelkar is, moet jy rondbeweeg om in al die rigtings te kan sien. Stem jy saam? Motiveer jou antwoord.

---

Noem drie dinge wat 'n toeris wat Tafelberg besoek, sou interesseer.

---

Is Tafelberg 'n afgeleë plek? Sê waarom jy so dink.

---

Waarom bly die kabelspoor in die somer later as in die winter oop?

---

Volgens die pamflet kan 'n mens met die kabelkar berg op en weer af ry of net berg op ry. As jy net opgaan, hoe dink jy gaan jy by die berg afkom?

---

Wanneer kan jy nie die kabelspoor gebruik nie? Verduidelik waarom.

---

Jy kan klere by die winkel bo-op die berg koop. Dink jy dat jy hierdie klere iewers anders sou kan koop? Verduidelik jou antwoord.

---

Een van die interessante plekke wat jy bo van die berg af kan sien, is Robbeneiland. Skryf twee reëls waarin jy vertel wat jy van hierdie eiland weet.

---

---

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Meer oor die berg





Ons skryf

Jy is gevra om 'n verslag te skryf oor jou besoek aan Tafelberg. Gebruik die inligting in die brosjure om jou verslag te skryf.

Sluit enige ander inligting daarby in wat jy dink belangrik kan wees. **Beplan** eers die verslag deur die onderstaande opskrifte as riglyne te gebruik en kernwoorde onder elke opskrif te skryf. Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek en laat 'n maat dit **hersien**. **Korrigeer** dit waar nodig, en skryf jou **finale verslag** netjies in jou klaswerkboek oor.



**Meer oor Tafelberg**

**Interessante dinge**

**Besigheidsure en koste**

Teken laastens 'n kaart van Suid-Afrika waarop jy presies wys waar Tafelberg is.



Ons skryf

Verdeel hierdie woorde in lettergrepe en klap dan elke woord volgens sy lettergrepe.

Voorbeeld: kom/pe/ti/sie – vier lettergrepe

roterend ____________________ geleë ____________________

oorvloedig ____________________ embleem ____________________

erfenis ____________________ inligting ____________________

Datum:




Onderstreep die byvoeglike naamwoorde in die onderstaande sinne met blou en die selfstandige naamwoorde met rooi. Omkring die werkwoorde dan met groen.

Daar kom talle pragtige plante op Tafelberg voor.

Die tafeldoek oor die berg is een van die wondere van die wêreld.

Tafelberg kom in die Wes-Kaap voor.


Die Wes-Kaap is 'n provinsie met baie lieflike toerisme-attraksies.

Het jy gesien dat die seun by die berg afgaan?




Skryf hierdie paragraaf oor en voeg hoofletters asook skryf- en leestekens in waar dit nodig is.


tafelberg is in die wes kaap gelee. jy kan die volgende voels op die berg sien rooivlerkspreeus arende en suikerbekkies. 'n mens kan ook die volgende plekke sien die kaapse skiereiland duiwelspiek tafelbaai seepunt en clifton



ONDERWYSER: Teken Datum

# Op pad na die Wildtuin





**Ons praat** Weet jy waar die Nasionale Krugerwildtuin is?

Was jy al ooit in die Nasionale Krugerwildtuin? As jy al daar was, vertel jou groep van jou besoek. Sê in watter kamp julle gebly het en watter diere julle gesien het. As jy nog nie by die Wildtuin was nie, sê waarom jy graag sou wil gaan en watter diere jy die graagste sou wil sien.

**Ons lees**

## Al stappende deur die wildtuin




*Om die Nasionale Krugerwildtuin per voet te ontdek, is baie anders as om in 'n motor daardeur te ry! Narina Smith het die driedaagse Olifantstaptog meegemaak om naby aan die renosters en otters te kom.*


"Dis jou bossie. As hy op jou afstorm, moet jy daaragter wegkruip," fluister Nicol Coetzee. Agt pare oë kyk verskrik na hom. Die wit renoster vreet rustig aan die groen gras. Almal staan doodstil.


Dit is al erg genoeg as 'n renoster drie meter van jou motor af verbystap, maar as jy staan en kyk hoe hy net vyf meter van jou af gras vreet en jy nie die motor as beskerming het nie, voel jy heeltemal anders oor die saak. En die idee dat 'n renoster van 2 500 kg op jou kan afstorm, is uiters vreesaanjaend!

Die grond skud skielik en stof dwarrel agter die renoster op. Die afstand tussen ons en die renoster word korter en korter, en almal staan doodstil en haal amper nie asem nie. Eers toe Nicol en Tsambok – albei natuurbewaarders – begin skree en hulle arms swaai, besef die renoster ons is mense. Hy skrik en kies die hasepad. Dit is die soort ontmoeting waaroor mense droom – en waarvoor hulle skrikkerig is – wanneer hulle 'n staproete deur die wildernis aanpak. As jy 'n wildernisstaptog in die Krugerwildtuin meemaak, kan jy drie nagte alleen in die bos deurbring. Daar is sewe wildernisgebiede wat vir staproetes opsygesit is. Hierdie gedeeltes is feitlik ongerep. Elke area het 'n kamp wat basies ingerig is, maar tog gerieflik is, en daar is slegs enkele paaie wat alleenlik deur 'n klein groepie staptogpersoneel gebruik word.

Die Olifantstaproetekamp is op die oewer van die Olifantsrivier geleë. Jy word in die oggend voor sonop wakker met die geluide van renosters wat snork. Bedags hoor jy die voëls sing en die krieke skree,en saans hoor jy hoe die leeus kla en mor.





**Ons doen**

- Omkring al die verkleinwoorde in die artikel met rooi en die meervoude met blou.
- Onderstreep die deeltekenwoorde met groen.

Datum: ____________________





**Ons skryf**

Lees die tydskrifartikel weer deur. Onderstreep die storiedeel van die artikel in rooi. Onderstreep dan al die feite in blou.

Die frase "al stappende deur die wildtuin" beteken dat mense te voet deur die wildtuin beweeg. Dink jy dat die staptog oor drie dae baie maklik was? Verduidelik jou antwoord.

____________________________________________

____________________________________________



Hoe lank het die staptog geduur wat Narina meegemaak het?

____________________________________________

Sê in jou eie woorde wat gebeur het toe hulle die renoster gesien het.


____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Waarom dink jy kan mense opgewonde maar tog bang wees wanneer hulle sien dat 'n renoster op hulle afstorm? Hoe sou jy gevoel het?

____________________________________________



Wat het die natuurbewaarders gedoen om die renoster af te skrik?

____________________________________________

Wat dink jy sou hulle gedoen het as die renoster nie weggehardloop het nie?

____________________________________________

Kyk na die kaart.

Noem die drie riviere wat naby hulle kamp verbyvloei.

____________________________________________


Waar is daar 'n goeie plek om die diere te besigtig?

____________________________________________

Waar het hulle hulle kamp opgeslaan?


____________________________________________





ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Oor 'n staproete








Ons skryf

Iemand het jou gevra om 'n verslag te skryf oor die staptog wat jy meegemaak het. Skryf jou verslag en gebruik die volgende opskrifte:



**'N VERSLAG**

Beskrywing van die kampeerterrein ______________________________

______________________________

'n Voorval op die staptog ______________________________

______________________________

Beskrywing van die diere wat jy gesien het ______________________________

______________________________

'n Laaste kykie ______________________________

______________________________



Ons skryf

Ontleed eers hierdie **enkelvoudige sinne**. Onderstreep die onderwerp met rooi en die voorwerp met blou. Omkring dan die gesegde. Skryf dan die sinne in die **bedrywende vorm** in die **lydende vorm** oor.

Hulle het die renoster gesien.

______________________________

Die wildbewaarders het staproetes in die Krugerwildtuin uitgelê.

______________________________

______________________________

Hulle het die sonsondergang waargeneem.

______________________________

Ons het elke dag baie voëlspesies gewaar.

______________________________

**Herskryf hierdie sin in die indirekte rede.**

"Dis jou bossie. As hy op jou afstorm, moet jy daaragter wegkruip," fluister Nicol Coetzee.

______________________________

______________________________

______________________________

**Vereistes vir die indirekte rede:**

1. Die aanhalingstekens val weg.
2. Die hooflettergebruik verander.
3. Die voornaamwoorde verander.
4. 'n Vraagsin in die direkte rede stel nie meer 'n vraag in die indirekte rede nie – dit word 'n stelsin. Die vraagteken val ook weg, bv.:

Direkte rede: Hy vra: "Kan ek jou help?"

Indirekte rede: Hy vra of hy haar kan help.

Datum:




Voltooi die tabel deur die **trappe van vergelyking** in the vul.

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| naby | | |
| | rustiger | |
| | | kortste |
| benoud | | |
| | geriefliker | |

**TRAPPE VAN VERGELYKING**

Ons noem die verbuiging van byvoeglike naamwoorde "**trappe van vergelyking**", bv.: soet, soeter, soetste. Party is egter onreëlmatig, soos slu, sluwer, sluuste.

**INTENSIEWE VORME**

**Intensiewe vorme** is byvoeglike naamwoorde waarmee ons meer gevoel as gewoonlik wil oordra, bv. bloedrooi.




Gebruik die **intensiewe vorme** van hierdie woorde in beskrywende sinne.

doodstil ____________________

wasbleek ____________________

pikdonker ____________________

stokflou ____________________

perdfris ____________________

stokstyf ____________________




Verbeel jou jy is 'n lid van die debatklub by jou skool. Jy word gevra om ten gunste van hierdie argument te redeneer: "Dit is belangrik om buite in die natuur te wees". Jy besluit om jou praatjie op die artikel te baseer om jou argument te steun. Bied jou standpunt aan, maar beplan eers jou praatjie. Gebruik die spasie hieronder.



ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Kontrolelys



| EK KAN | | |
|---|---|---|
| met my groep praat. | | |
| 'n storie lees. | | |
| spesifieke vrae beantwoord wat op 'n storie gebaseer is. | | |
| vasstel watter soort skryfwerk in die storie gebruik is. | | |
| inligting voorspel. | | |
| inligting met my lewe in verband bring. | | |
| woorde en idiomatiese uitdrukkings met hul betekenisse verbind. | | |
| 'n breinkaart opstel om 'n dagboekinskrywing te beplan en te skryf. | | |
| selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde en werkwoorde identifiseer. | | |
| 'n brief lees. | | |
| redes vir antwoorde op vrae gee. | | |
| die verskille tussen 'n formele en 'n informele brief uitwys. | | |
| woorde met hul betekenisse verbind. | | |
| 'n brief beplan en skryf. | | |
| 'n storie opvoer. | | |
| vrae oor karakters, tema en intrige beantwoord. | | |
| 'n mening uitspreek. | | |
| 'n storie van 'n opskrif voorsien. | | |
| 'n brief skryf en korrigeer. | | |
| hoofletters gebruik. | | |
| woorde in hul lettergrepe opdeel. | | |
| 'n kort opsomming van 'n storie skryf. | | |
| 'n voorspelling maak. | | |
| 'n resensie met behulp van 'n raamwerk skryf. | | |
| die onderwerp en voorwerp van sinne identifiseer. | | |
| een woord vir 'n frase kies. | | |
| woorde in alfabetiese volgorde plaas. | | |

| | | |
|---|---|---|
| oor 'n onderwerp praat. | | |
| 'n teks en 'n feiteléêr lees. | | |
| spesifieke vrae beantwoord wat op die teks gebaseer is. | | |
| soeklees vir inligting. | | |
| 'n mening uitspreek en my mening motiveer. | | |
| die hoofpunt en die doel van 'n artikel identifiseer. | | |
| feite en menings identifiseer. | | |
| itemvrae beantwoord. | | |
| die betekenis van 'n idiomatiese uitdrukking verduidelik. | | |
| 'n verslag met behulp van 'n raamwerk skryf. | | |
| meer presiese taal gebruik. | | |
| antonieme in sinonieme verander. | | |
| 'n koerantberig opsom en lees. | | |
| 'n telkaart voltooi. | | |
| die titel van 'n artikel bespreek. | | |
| die artikel soeklees vir feitelike inligting. | | |
| vasstel watter paragraaf die artikel opsom. | | |
| die skakel tussen 'n artikel en 'n prentjie bepaal. | | |
| frases en woorde met hul betekenisse verbind. | | |
| enkelvoudige sinne met voegwoorde verbind om saamgestelde sinne te maak. | | |
| 'n kaart teken. | | |
| 'n paragraaf oorskryf deur hoofletters in te voeg. | | |
| voorvoegsels en agtervoegsels identifiseer. | | |
| sinsdele onderskei: onderwerp, gesegde, voorwerp. | | |

I n h o u d

# Tema 4: Baie soorte skryfwerk


## Verskillende wêrelde
## Kwartaal 4: Week 5 - 6

**113 Fietse** 104

Gesels oor fietsry in die stad.
Voorsien 'n prent van byskrifte.
Identifiseer belangrike inligting.
Lees 'n koerantberig.
Beantwoord vrae op grond van die berig.
Gee 'n mening met redes.
Voltooi sinne.
Verbind woorde met hul sinonieme.

**114 Meer oor fietsry** 106

Skryf 'n beskrywende paragraaf volgens die skryfproses.
Gebruik beskrywende frases.
Hersien en identifiseer woordsoorte.
Gebruik byvoeglike naamwoorde om sinne te maak.
Gebruik lidwoorde en telwoorde.
Verander stelsinne in vraagsinne.
Gebruik die ontkennende vorm.

**115 Lees 'n kaart** 108

Kyk na 'n kaart van Suid-Afrika.
Gesels in groepverband daaroor.
Kyk na 'n wêreldkaart en statistiek oor verskillende lande.
Beantwoord vrae oor die kaarte.
Verbind spreekwoorde uit Afrika met hul betekenisse.

**116 Ons skryf beskrywend** 110

Beplan en skryf 'n beskrywende teks oor somer en winter.
Gebruik metafore en vergelykings.
Verbind idiomatiese uitdrukkings met hul betekenisse.
Skryf sinne met drie uitdrukkings.
Ontleed enkelvoudige sinne.
Plaas woorde in alfabetiese volgorde.

**117 'n Unieke fiets** 112

Gesels oor stokperdjies en belangstellings.
Lees 'n storie oor 'n unieke fiets.
Verbind woorde met hul betekenisse.

**118 My fiets** 114

Teken 'n fiets.
Skryf beskrywende paragrawe oor die fiets.
Kyk weer na hoe woorde gevorm word.
Identifiseer basisvorme asook voor- en agtervoegsels en verbindingsklanke.
Identifiseer antonieme in die leesstuk.
Verdeel woorde in klank- en lettergrepe.
Identifiseer meervoudsvorme.

**119 'n Onwelriekende man** 116

Pre-lees: Voorspel op grond van titel en prent wat in die verhaal gaan gebeur.
Vluglees die storie en sê waaroor dit handel.
Lees die teks.
Soeklees die teks om spesifieke vrae te beantwoord.
Voorsien die teks van 'n nuwe titel.
Skryf 'n slotparagraaf.

**120 'n Brief aan mnr. Rommel** 118

Verbind woorde met hul betekenisse.
Skryf volgens die skryfproses 'n brief aan mnr. Rommel om hom raad te gee.
Luister in groepverband na mekaar se briewe.

## Instruksies
## Kwartaal 4: Weeks 7 - 8

**121 Maak 'n verwelkomingbanier** 120

Gesels oor wat gebeur wanneer instruksies nie gevolg word nie.
Lees instruksies om 'n verwelkomingsbanier te maak en voer dit uit.
Beantwoord vrae op grond van die instruksies.
Herskryf sinne in die indirekte rede.

**122 Skryf instruksies** 122

Identifiseer antonieme.
Skryf instruksies puntsgewys neer.
Identifiseer voor- en agtervoegsels.
Werk met homofone en homonieme.
Skryf sinne wat in die teenwoordige tyd is, in die verlede tyd en die toekomende tyd oor.

**123 Ons volg instruksies** 124

Lees instruksies oor hoe om 'n Egiptiese halssnoer te maak.
Lees instruksies oor hoe om kapokartappels te maak.
Vergelyk die twee stelle instruksies.
Stel vas watter stel duideliker is en gee redes.
Gee 'n mening.
Identifiseer die doel van instruksionele tekste.

**124 'n Dagboekinskrywing** 126

Beplan en skryf 'n dagboekinskrywing oor hoe iets gemaak is.
Identifiseer enkelvoudige, saamgestelde en veelvoudige sinne.
Skryf voorbeelde van sinstipes.
Voltooi trappe van vergelyking.

**125 Jou slim liggaam** 128

Gesels oor gunstelinggeregte.
Gee duidelike instruksies.
Lees 'n teks oor hoe die liggaam funksioneer.
Soeklees die teks en beantwoord vrae daaroor.
Verander 'n metafoor in 'n vergelyking.
Herskryf die inligting as 'n stel instruksies.

**126 en 127 Voorbereiding om 'n storie te skryf**

Bespreek verskillende stories wat sy of hy graag lees.
Skep 'n breinkaart.
Beplan 'n storie.
Skryf 'n storie.




# Fietse




- Het jy 'n fiets?
- Dink jy dis belangrik om fiets te ry, in plaas van om per motor, taxi of bus te ry?
- Dink jy munisipaliteite behoort dit vir mense makliker te maak om fiets te ry op ons paaie?
- Hoe dink jy sou hulle dit kan doen?






Voorsien hierdie prent van byskrifte. Gebruik die woorde in die tabel.

| | |
|---|---|
| drarakkie | veiligheidsbaadjie |
| valhelm | koplig |
| klokkie | sypaadjie |

Hoe kan ons fietsry veiliger maak? Maak regmerkies by elke frase wat jy as belangrik beskou. Elke fietsryer behoort:

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 'n klokkie te hê | | verkeersligte te ignoreer |
| | op die sypaadjie te ry | | 'n koplig te hê |
| | 'n valhelm te dra | | sigbare kleding te dra |
| | op spesiale fietspaaie te ry | | besittings in 'n dramandjie te vervoer |

Lees nou hierdie koerantberig.

## Die noodsaaklikheid van 'n valhelm

***deur Tobie Duvenhage***

Navorsing toon dat motorbestuurders meer as 6 cm nader ry aan fietsryers wat valhelms dra as aan dié wat dit nie dra nie, omdat bestuurders eersgenoemde as meer ervare beskou. Bestuurders laat ook meer plek vir meisies of vroue op fietse.


Die navorsing is uitgevoer deur 'n sielkundige van die MMR in Kaapstad, wat 'n afstandsensor aangewend het. Hy het bevind dat, wanneer hy 'n valhelm ophet, bestuurders nader aan sy fiets ry as wanneer hy geen helm dra nie.

Bestuurders dink: "Hy weet wat hy doen, hy gaan niks vreemds aanvang nie," berig hy. Dit is egter gevaarlike optrede, aangesien elke fietsryer 'n helm behoort te dra.

Alhoewel motorbestuurders kanse waag, is busbestuurders en vragmotorbestuurders veel erger. Hulle gee fietsryers byna geen spasie nie. Wanneer die sielkundige 'n pruik gedra het en bestuurders hom vir 'n vrou aangesien het, het hulle hom egter ongeveer 12 cm meer ruimte gegee.

Die sielkundige wou mense bewus maak van die gevare waarmee fietsryers te kampe het. Baie fietsryers word op Suid-Afrikaanse paaie beseer. Kundiges skryf dit toe aan die aantal onervare fietsryers wat fiets ry om fiks te word.

Daar word gemeen dat die gevaarlikste optrede die verbysteek van motors is, omdat bestuurders





Datum: ____________

die fietsryers soms nie raaksien nie.
Die sielkundige dink dat dit wonderlik sal wees indien sy studie bestuurders meer bewus sal maak van hoe naby hulle aan fietsryers ry. Ondanks sy bevindinge het fietsryers wat helms dra, 'n beter kans om 'n botsing met 'n motor te oorleef, en die *oorlewing* van 'n ongeluk is waarskynlik belangriker as die *belewing* van 'n ongeluk.




Kyk na die opskrif van die berig. Is dit vir jou verrassend? Motiveer jou antwoord.

____________________________________________.



Wie het die navorsing uitgevoer? ______________________.

Waar het hy die navorsing uitgevoer? ______________________.

Hoe het hy die navorsing uitgevoer? ______________________

____________________________________________.

Wat was die doel van sy navorsing? ______________________

____________________________________________.

Voltooi hierdie sinne deur jou eie woorde te gebruik.

Bestuurders wat by fietsryers verbysteek, ry baie naby aan fietsryers wat ____________.

Hulle doen dit omdat hulle glo dat die fietsryers ______________________.

Bestuurders gee meer ruimte aan ______________________.

____________________ gee minder ruimte aan fietsryers as motorbestuurders.

Baie mense het begin fietsry om ______________________.

Fietsryers wat valhelms dra, het 'n beter kans om ______________________.

Dink jy fietsryers moet ophou om helms te dra? Sê waarom jy so dink.

____________________________________________.




Kies op elke reël 'n **sinoniem** ('n woord met dieselfde betekenis) vir die eerste woord. Onderstreep die **sinonieme** wat jy kies met rooi.


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **navorsing** | eksperiment | toets | ondersoek | studie |
| **gevare** | bedreigings | onheil | nood | risiko |
| **wonderlik** | fantasties | vrolik | ideaal | merkwaardig |
| **bevind** | agtergekom | ontdek | gesien | waargeneem |
| **onervare** | nuwe | ongeoefende | ongetoetste | onbedrewe |



ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Meer oor fietsry





Volg die **skryfproses:** • Gebruik 'n geheue- of kopkaart om in jou klaswerkboek te beplan. • Skryf jou **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. • **Hersien** jou skryfstuk. • **Korrigeer** spelfoute en punktuasie. • Skryf jou **finale weergawe** hier.



Ons skryf

Skryf 'n paragraaf waarin jy 'n fiets beskryf wat jy graag sou wil koop.

Jy kan van hierdie beskrywende frases gebruik maak.

rooi met pienk strepe    pikswart wiele    blink silwer speke

helderpers handvatsels    silwer pedale    herlderblou klokkie    blink rooi ligte

- **Byvoeglike naamwoorde** – beskryf selfstandige naamwoorde
- **Selfstandige naamwoorde** – die name van mense, plekke, dinge of idees
- **Werkwoorde** – doen-/aksiewoorde
- **Lidwoorde** – 'n en die
- **Voornaamwoorde** – word in die plek van noemname gebruik
- **Voegwoorde** – word gebruik om frases of sinne te verbind
- **Telwoorde** – dui hoeveelheid aan
- **Bywoorde** – beskryf woorde deur tyd, wyse, plek of graad aan te dui



Ons skryf

Lees hierdie teks en identifiseer die volgende woordsoorte:

<u>Onderstreep</u>:
byvoeglike naamwoorde – blou
selfstandige naamwoorde – rooi
werkwoorde – groen
lidwoorde – oranje

Omkring: voornaamwoorde – blou
voegwoorde – rooi
telwoorde – groen
bywoorde – oranje

Gebruik nou vyf van hierdie byvoeglike naamwoorde om jou eie sinne te maak.

Die jong meisie ry op haar nuwe, blink fiets teen die heuwel af. Sy het die fiets vir haar elfde verjaarsdag gekry. Sy het lang, bruin, krullerige hare wat om haar gesig waai terwyl sy ry. Sy sien 'n Ngunikoei, en kort daarna sien sy 'n spierwit skaap. Die veld staan vol geel blomme. Sy is spyt toe haar wonderlike rit verby is. Wat 'n heerlike dag het sy nie gehad nie!



Datum: ______________

Gebruik **lidwoorde** en **telwoorde** om hierdie sinne te voltooi. Ons skryf

| 'n | die | eerste | baie |
|---|---|---|---|

Ek wou eintlik ______ oranje fiets vir my verjaarsdag gehad het, maar toe kry ek ______ blou Raleigh-fiets. Raleigh is ______ baie goeie maak, en ek is ______ trots op my ______ fiets.

Ons skryf

Gebruik die woorde tussen hakies om hierdie stelsinne in vraagsinne te verander.

Die blou fiets het aan die jong meisie met die krullerige bruin hare behoort. (wie)

______________________________

Sy wou nog meer silwer sterretjies op haar fiets hê. (waarom)

______________________________

Ek kry 'n silwer fiets vir my verjaarsdag. (wat)


______________________________

My sussie kry 'n fiets vir haar tiende verjaarsdag. (wanneer)

______________________________

Ek gaan op my nuwe fiets na my maat toe ry. (waarheen).

______________________________



Ons skryf

Skryf die ontkennende vorm van die onderstaande sinne in jou klaswerkboek.

Hy ry vinnig op sy fiets.

Sy was bly toe sy haar fiets gekry het.

Ons hou daarvan om lang ente te gaan ry.

Sy het 'n klokkie aan haar fiets.

Hy gehoorsaam die padreëls.

**DIE ONTKENNENDE VORM**

In die **ontkennende vorm** word sake in die *negatiewe vorm* gestel, bv.: Sy het nie gebel nie.

Let op die volgende:

- Ons gebruik die dubbele **nie** om die ontkennende vorm aan te dui, bv. Ek wil **nie** 'n onderhoud voer **nie**.
- As die sin net 'n onderwerp bevat, gebruik ons net een **nie**, bv. Ek sal **nie**.
- Gebruik woorde soos **moenie** saam met die woord **nie** in bevelsinne, bv. **Moenie** van my verwag om 'n onderhoud te voer **nie**!

ONDERWYSER: Teken ______________ Datum ______________

# 115 Lees 'n kaart



Ons praat

Kyk na die kaart van Suid-Afrika. Gesels in groepverband oor jou eie provinsie. Bespreek die name van die dorpe, die klimaat en die hoof-aantreklikhede van jou provinsie.











Ons lees

Kyk nou na die kaart van die wêreld en lees die name van die lande in die tabel.



| Naam van land | Bevolking in miljoene | Grootte in vierkante km |
|---|---|---|
| Suid-Afrika | 50,59 | 1 221 037 |
| Zimbabwe | 12,97 | 390 757 |
| Malawi | 14,39 | 118 484 |
| Mosambiek | 23,70 | 801 590 |
| Algerië | 37,90 | 2 381 741 |
| Egipte | 83,67 | 1 002 000 |
| Nigerië | 162,5 | 923768 |
| Uganda | 34,13 | 241550 |
| Argentinë | 40,12 | 2 780 400 |
| China | 1,344 biljoen | 9 706 961 |
| Hong Kong | 7,18 | 1 104 |
| Brasilië | 201,03 | 8 514 877 |
| Verenigde State (VSA) | 313,9 | 9 629 091 |
| Australië | 22,32 | 7 692 024 |
| Nieu-Seeland | 4,48 | 270 467 |
| Verenigde Koninkryk (VK) | 62,74 | 242 900 |

Datum: ____________





**Ons skryf** **Kyk nou weer na die kaart van Suid-Afrika.**

Hoeveel provinsies is daar in Suid-Afrika? ____________

Wat is jou provinsie se naam? ____________

Wat is die hoofstad van jou provinsie? ____________

Watter provinsies lê aan die see? ____________

Is daar enige riviere in jou provinsie? Noem hulle op. ____________

Wat is die belangrikste toeriste-aantreklikhede in jou provinsie? ____________



**Kyk nou weer na die kaart en statistieke van sommige van die wêreldlande.**

Watter land het die grootste bevolking? ____________

Is Egipte se bevolking groter of kleiner as Hong Kong s'n? ____________

Hoeveel groter is die bevolking van die VSA as dié van Suid-Afrika?

____________

Watter land is die kleinste? ____________

Is Malawi groter of kleiner as die VK? ____________

Watter land is die naaste aan Suid-Afrika? ____________

Watter land is die verste van Suid-Afrika af? ____________

Watter land is die naaste aan die VSA? ____________

Watter lande dink jy is die koudste? ____________

Watter lande dink jy is die warmste? ____________





**Ons skryf** Verbind hierdie spreekwoorde uit Afrika met hulle betekenisse.

| | | |
|---|---|---|
| 'n Hele dorp is nodig om 'n kind groot te maak. | | Almal kry die een of ander tyd moeilikheid. |
| Die reën val nie net op een dak nie. | | Die dinge wat die swaarste is om te bereik, is dikwels die beste. |
| Suikerriet is die soetste by die lit. | | Moet jou nie in 'n situasie inhaas sonder om daaroor na te dink nie. |
| Net 'n dwaas toets die diepte van die water met albei voete. | | As jy jou kennis nie gebruik nie, sal jy nie daarby baat nie. |
| Kennis is soos 'n tuin: as dit nie bewerk word nie, kan dit nie geoes word nie. | | Al die lede van 'n gemeenskap behoort 'n kind te help grootmaak. |

# Ons skryf beskrywend







Jy gaan nou beskrywende paragrawe skryf oor twee seisoene: somer en winter. Voordat jy jou paragrawe skryf, moet jy dit beplan deur die tabel te voltooi. Skryf soveel beskrywende woorde vir die seisoene neer as waaraan jy kan dink. Skryf die **eerste weergawes** van jou paragrawe in jou klaswerkboek. **Hersien** en **korrigeer** dit. Skryf die finale weergawes van jou paragrawe netjies in jou klaswerkboek oor.

'n **Metafoor** vergelyk twee dinge deur te sê dat die een ding 'n ander ding **is**.
'n **Vergelyking** beskryf iets deur te sê dat dit **soos** iets anders is.

Probeer om in elke beskrywing ook minstens een metafoor of een vergelyking te gebruik.

| BEPLANNING | |
|---|---|
| SOMER | WINTER |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |









Verbind hierdie idiomatiese woorde en uitdrukkings met hul betekenisse.

| | | |
|---|---|---|
| op jouself aangewese wees | | aan die gang kom |
| doodluiters | | kwaad maak |
| op dreef kom | | self moet regkom |
| in duie stort | | kalm, ongejaagd |
| die harnas injaag | | misluk, onklaar raak |



Datum:



Kies drie van die uitdrukkings op die vorige bladsy en skryf sinne daarmee om te wys hoe hulle gebruik word.



Ons skryf

Ontleed hierdie enkelvoudige sinne deur die onderwerp met rooi te <u>onderstreep</u> en die voorwerp met blou. Omkring dan die gesegde.

'n **Sin** = onderwerp (wie) + gesegde (werkwoordstuk) + voorwerp (wie/wat).
'n **Werkwoordstuk**: Die hoofwerkwoord en die hulpwerkwoord vorm saam die werkwoordstuk of gesegde.
'n **Enkelvoudige sin** het net een gesegde (werkwoord/-stuk).

Die Noord-Kaap is die grootste provinsie.

Ek bly in Mpumalanga.

Suid-Afrika bestaan uit nege provinsies.

Die Wes-Kaap is ’n winterreënvalstreek.

Die hoëveld is in die somer baie warm.



Ons skryf

Rangskik hierdie woorde in alfabetiese volgorde en gebruik dan twee van hulle om jou eie sinne te skryf.



opgewonde    optimisties    opgeruimd    opsetlik





ONDERWYSER: Teken  Datum

# 117 'n Unieke fiets

Ons praat

- Word jy ooit verveeld?
- Wat doen jy wanneer jy verveeld raak?
- Wat doen jy om jou verveling te verlig?
- Vertel mekaar in groepverband van julle stokperdjies en belangstellings.






Ons lees

Lees die volgende vertelling nou in groepverband.

Ek was elf jaar oud toe ek vir die eerste keer daardie ou, stowwerige, **ongebruikte** motorhuis opgemerk het. Dit was iets wat my vervelige lewe sou verander. My ma het my elke dag vertel dat ek nie so verveeld sou wees as ek harder sou probeer om geïnteresseerd te wees nie. Soms, wanneer ek deur die boeke geblaai het wat my **desperate** onderwyser vir my gegee het met die hoop om 'n sprankie belangstelling te probeer **ontlok**, het ek gedink dat hierdie eindelose verveling nie vir altyd sou kon aanhou nie.

Agter in die motorhuis was 'n fiets. Bloedrooi woorde onder die saal het gesê: DIE ONTDEKKINGSREISIGER. Die fiets was spierwit en het baie snaakse klein knoppies aan die stuurstang gehad. 'n Kennisgewing wat teen 'n verfblik **staangemaak** is, het my oog gevang.



Datum:



## DIE ONTDEKKINGSREISIGER

Hierdie fiets is **uniek**, met remme op die eerste plek waar jy dit in ’n noodgeval sou soek, byvoorbeeld, aan die stuur, onder die saal, op die sypaadjie, in ’n boom …

**Daar is baie eienskappe, insluitend:**

- Oopvouvlerke (twee aan die agterkant en twee aan die voorkant)
- **Missiele** (hulle maak nie dood nie, hulle is net met stinkbomme gelaai)
- ’n Handvatsel (vir rowwe ritte of duike)
- ’n Motor se toeter en oorfone (gebruik dit gerus – die geraas kan 300 **desibels** bereik)
- Lugsakke en ’n valhelm
- ’n Kombers en kussings (vir nagritte)
- Koeldranke en warm kakao (in houers aan die raam geberg)
- ’n Sakrekenaar, ’n dagboek en ’n sketsboek
- ’n Valskerm
- ’n Tandeborsel en tandepasta

**NOTA:** Moenie een van hierdie spesiale toebehore gebruik as jy nie weet waarvoor dit bedoel is nie.

*(Emily Labran, 10 jaar oud, verwerk)*





Ons skryf

Verbind die vetgedrukte woorde links met hul betekenisse regs.

| | | |
|---|---|---|
| **ongebruikte** | | klankmaatstaf |
| **desperate** | | wapens |
| **ontlok** | | om te laat staan |
| **staangemaak** | | uitkry |
| **uniek** | | wanhopige |
| **missiele** | | nie gebruik nie |
| **desibels** | | uitsonderlik |




# My fiets





Ons doen

Teken in die spasie hieronder ’n prent van ’n fiets wat jy graag sou wil hê.





Ons skryf

Skryf nou twee beskrywende paragrawe oor jou fiets.

Datum:



Ons skryf

Hierdie woorde kom uit "'n Unieke fiets" op bl. 112.

1. Onderstreep die **basisvorm** van elke woord, en omkring **voorvoegsels** met rooi, **agtervoegsels** met blou en **verbindingsklanke** met groen.
2. Dui aan (✔) of die woord 'n **afleiding** of 'n **samestelling** is.

| Woord | Afleiding ✔ | Samestelling ✔ |
|---|---|---|
| opgemerk | | |
| harder | | |
| eindelose | | |
| motorhuis | | |
| sypaadjie | | |

Onthou jy nog hoe woorde gevorm word? Ons kry:

- Basiswoorde
- Afleidings (basis + voorvoegsel en/of agtervoegsel of verbindingsklanke)
- Samestellings (basis + basis)







Soek **antonieme** (woorde met die teenoorgestelde betekenis) in die leesstuk "'n Unieke Fiets" op bl. 112. Voltooi die tabel.

| Woord | Antoniem |
|---|---|
| jong | |
| ongeïnteresseerd | |
| gebruikte | |
| nooit | |
| voor | |

Daar is 'n verskil tussen 'n klank en 'n letter. Klanke is dit wat mense hoor, terwyl letters geskryf word. In die spreektaal verdeel ons 'n woord in klankgrepe (asemstote), maar wanneer ons skryf, gebruik ons lettergrepe.

| TAAL | | |
|---|---|---|
| GESPROKE TAAL | GESKREWE TAAL | |
| spraak | skrif | |
| klank | letters | |
| uitspraak | spelling | |
| plakkers | pla-kkers | (klankgreep) |
| plakkers | plak-kers | (lettergreep) |



Ons skryf

Verdeel hierdie woorde in klank- en lettergrepe.

| Woord | Klankgreep | Lettergreep |
|---|---|---|
| rugsakke | | |
| kussings | | |
| rowwe | | |
| ritte | | |
| geïnteresseerd | | |

Onderstreep al die meervoudwoorde in die leesstuk "'n Unieke Fiets" met blou en al die verkleinwoorde met rooi.

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 'n Onwelriekende man






Kyk na die titel en die prent van die verhaal en voorspel, in groepverband, wat in die verhaal gaan gebeur. Vluglees die storie en vertel vir jou groep waaroor die storie handel.

**Vluglees**
*Om 'n teks baie vinnig te lees met die doel om 'n oorsig daarvan te verkry.*






Mnr. Rommel was 'n man met 'n harige gesig. Sy hele gesig, buiten sy voorkop, sy oë en sy neus, was met dik hare bedek. Die hare op mnr. Rommel se gesig het nie plat en glad gegroei soos dit gewoonlik groei op mans wat harige gesigte het nie. Nee, dit het in stekels gegroei wat regop gestaan het, soos die steekhare op 'n naelborsel. En hoe dikwels het mnr. Rommel hierdie stekelrige, naelborselagtige gesig gewas?

Die antwoord is NOOIT NIE – nie eens Sondae nie.



**Vuil baarde**

Soos jy waarskynlik weet, word 'n gewone, onharige gesig soos joune of myne partykeer bloot 'n bietjie **smerig** as dit nie dikwels genoeg gewas word nie, en daar is niks vreeslik ergs daaromtrent nie.

'n Harige gesig is egter 'n ander saak. Daar is goed wat aan hare vassit, veral kos. Goed soos sous loop direk tussen die hare in en word daar vasgevang.

Ek en jy kan, as ons oppas, ons maaltye eet sonder om kos oor ons gesigte te smeer. Maar kyk 'n bietjie mooi die volgende keer wanneer jy 'n harige man sien eet: jy sal sien dat, selfs al maak hy sy mond **wawyd oop**, dit vir hom onmoontlik is om 'n hap kos te neem sonder om spore daarvan op die hare te kry.

Mnr. Rommel het nie eens sy mond besonder groot oopgemaak wanneer hy eet nie. Gevolglik (en omdat hy hom nooit gewas het nie) was daar altyd honderde stukkies ou kos wat aan die hare op sy gesig gekleef het. Dit was nie groot stukke nie, want die groot stukke het hy met die agterkant van sy hand of met sy mou afgevee. Maar as jy van naderby gekyk het, kon jy baie klein stukkies sien van al die **walglike** goed wat mnr. Rommel graag geëet het.



As jy nog nader gekom het, sou jy waarskynlik veel groter voorwerpe gesien het wat hy nie daarin geslaag het om af te vee nie – goed wat al maande lank daar was – soos stukkies vrot bloukaas of **muwwe** koringvlokkies of selfs dalk die slymerige stert van 'n sardien.

Wat ek vir jou probeer sê, is dat mnr. Rommel 'n morsige, **onwelriekende** ou man was. Hy was ook 'n aaklike ou man, soos jy binnekort sal uitvind.

*(Roald Dahl, verwerk)*

Datum:



Ons skryf

Pas soekleesvaardighede toe en beantwoord die volgende vrae.

**Soeklees**
Om jou oë oor 'n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te verkry.

Die outeur van die storie het sy karakter Mnr. Rommel genoem. Verduidelik waarom hy dit gedoen het.

Dink jy mnr. Rommel was 'n baie skoon, higiëniese persoon? Motiveer jou antwoord.

Wat gebeur wanneer mense met baarde eet?

Wat dink jy het gebeur met die stukkies kos wat in mnr. Rommel se baard vasgesit het?

Mnr. Rommel het nooit 'n servet gebruik om sy mond mee af te vee nie. Wat het hy gebruik?

Dink jy die skrywer het van mnr. Rommel gehou? Sê waarom jy so dink.

Sou jy graag 'n maaltyd saam met mnr. Rommel wou geniet? Verduidelik jou antwoord.



Voorsien die teks van 'n nuwe titel.

Heel aan die einde van die teks sê die skrywer vir ons dat mnr. Rommel 'n aaklige ou man was. Skryf 'n paragraaf waarin jy verduidelik watter aaklige dinge mnr. Rommel dalk gedoen het.

ONDERWYSER: Teken Datum

# ’n Brief aan mnr. Rommel






Verbind die vetgedrukte woorde en frases links met sinonieme regs wat dieselfde betekenis het. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.


| | | |
|---|---|---|
| **smerig** | | afstootlike |
| **wawyd oop** | | skimmelrige |
| **walglike** | | wat nie lekker ruik nie |
| **muwwe** | | vuil |
| **onwelriekende** | | baie groot oop |






Jy gaan nou ’n brief aan mnr. Rommel rig waarin jy hom op sensitiewe wyse raad gaan gee ten opsigte van sy higiëne.

Gebruik hierdie breinkaart om jou **brief** te beplan.



Identifiseer onhigiëniese gebruike (paragraaf 1)



Jou aanhef

Mnr. Rommel

Slot

Aanbevelings aangaande gebruike (paragraaf 2)



Datum:



Ons skryf

Skryf die **eerste weergawe** van jou brief in jou klaswerkboek. **Hersien** en **korrigeer** dit. Skryf die **finale weergawe** van jou brief hier vir publikasie.



Vul jou adres in.

Datum

Beste ______________________

Jou aanhef

Eerste gebeurtenis/aktiwiteit

Tweede gebeurtenis/aktiwiteit

Slot

'n Vriend

Vul jou naam in.

ONDERWYSER: Teken Datum

# Maak 'n verwelkomingsbanier






- Het jy al ooit iets probeer maak en nie die instruksies gevolg nie?
- Sê vir die klas wat dit was en wat gebeur het.
- Het die finale voorwerp uitgekom soos jy verwag het?




Jy hoor dat 'n nuwe meisie by julle klas gaan inskryf. Julle besluit om vir haar 'n verwelkomingsbanier te maak. Volg hierdie instruksies.

**Maak eers knoop-en-doop-lappe**




**Benodigdhede:**

- verskillende kleure kouewater-kleurstof vir lap
- rubberrekkies
- rubberhandskoene
- albasters
- kraanwater
- stukke wit lap wat elk 1 vierkante meter groot is
- tou
- viltpenne in verskillende kleure
- 'n krammasjien en krammetjies



**Instruksies:**

1. Knoop jou lap volgens die ontwerp wat jy verkies. Kyk na die ontwerpe in die eerste ry prente. Die tweede ry prente wys jou hoe om die ontwerpe te maak.

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| stralekrans | lyne | kringe |
|  |  |  |
| albasters en 'n klomp rekkies | net rekkies | 'n rekkie vir elke albaster |

Datum:

**Voorsorgmaatreël**: Trek rubberhandskoene aan om jou hande te beskerm, omdat dit jou vel kan **beskadig**.

2. Berei die kleurstof voor volgens die aanwysings.
3. Plaas jou lap vir minstens 20 minute in die kleurstof. Hoe langer dit in die kleurstof bly, hoe dieper sal die kleur word.
4. Haal die lap uit die kleurstof uit en spoel dit in koue, lopende water af totdat die water helder word.
5. Verwyder die rekkies en albasters **versigtig** om te kyk hoe jou nuwe ontwerp lyk!

Daar sal nie eens twee lappe wees wat dieselfde lyk nie, en jy kan verskillende effekte kry deur verskillende metodes te kombineer.

**Skryf nou 'n boodskap**

Jy wil die boodskap "Welkom in ons klas" skryf.

1. Skryf elke letter van die boodskap op sy eie lap.
2. Vou dan 'n soom van 1 cm aan die bokant van jou lap om en kram dit vas.
3. Plaas al die lappe langs mekaar in die regte volgorde om die boodskap uit te spel.
4. Ryg nou 'n dun toutjie deur die soompies van al die lappe om hulle aan mekaar te las.
5. Hang die boodskap teen die muur op.





Ons skryf

Kyk weer na die instruksies en beantwoord dan hierdie vrae.

Wat moet jy gebruik om sirkels op die lap te vorm?

Wat gebeur met die kleur indien jy die lap lank in die kleurstof laat lê?

Hoe sou jy 'n ligter kleur kan kry?

Wanneer 'n nuwe leerder by julle klas inskryf, wat doen julle om hom of haar welkom te laat voel?

Herskryf hierdie sinne in die indirekte rede:

Sy sê: "Jy moet eerste die lap knoop voordat jy dit doop."

Hy vra: "Watter tipe kleursel moet ek vir knoop-en-doop-werk gebruik?"

*Vereistes vir die indirekte rede:*
1. *Die aanhalingstekens val weg.*
2. *Die hooflettergebruik verander.*
3. *Voornaamwoorde moet verander.*
4. *'n Vraagsin in die direkte rede vra nie meer 'n vraag in indirekte rede nie – jy stel die vraag nou as 'n stelsin. Die vraagteken val ook weg. Bv.: Hy vra: "Kan ek jou help?" Hy vra of hy haar kan help.*

ONDERWYSER: Teken Datum

# Skryf instruksies






Kies in elke reël die antoniem (die woord met die teenoorgestelde betekenis) van die eerste woord. Onderstreep die antoniem.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **verskillende** | onderskeie | enerse | uiteenlopende | diverse |
| **beskadig** | beseer | genees | vernietig | seermaak |
| **voorsorg** | agtelosig | beskerming | versekering | bedekking |
| **versigtig** | stadig | sorgsaam | nalatig | oorhaastig |
| **kombineer** | saamvoeg | verenig | skei | meng |






Skryf die instruksies oor hoe om 'n verwelkomingsbanier te maak, puntsgewys neer. Maak seker dat jou punte in die korrekte volgorde is.

| | |
|---|---|
| 1. | Knoop die stukke lap met rekkies en albasters. |
| 2. | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |






Omkring die **voorvoegsels** met rooi en die **agtervoegsels** met groen in elk van hierdie woorde, en maak dan sinne met elke woord.

rekkies    toutjie    soompie    boodskappe

Datum:

**Homofone** klink dieselfde, maar word verskillend gespel en het verskillende betekenisse.
**Homonieme** is woorde wat dieselfde lyk en klink, maar wat verskillende betekenisse het.




Onderstreep die homonieme en homofone in die onderstaande sinne en dui aan (✔) of hulle homonieme of homofone is.

| Sin | Homoniem | Homofoon |
|---|---|---|
| Gaan haal asseblief vir my 'n koeldrank.<br>Dit het so erg gereën en gehael. | | |
| In die lente bloei die vrugtebome.<br>Ek het my vinger gesny en nou bloei dit. | | |
| Die bot kind wil nie praat nie.<br>Die bome bot in die lente. | | |
| Die bergklimmers moet teen 'n steil krans uitklim.<br>Ek hou van die styl van die komponis. | | |
| Ons kan nie die diepte van die swembad peil nie.<br>Die seun pyl op sy ma af. | | |
| Ouma brei vir haar 'n trui.<br>Die rugby-afrigter brei sy span. | | |

**Tydsvorme**
Die **teenwoordige tyd** verwys na die hede.
Die **verlede tyd** verwys na dinge wat reeds gebeur het.
Die **toekomende tyd** verwys na wat nog moet gebeur.





Skryf die volgende sinne eers in die verlede tyd en dan in die toekomende tyd oor:

Danie skryf 'n boodskap op die bannier.

Anita vou 'n soom aan die bokant van die lap.

Hennie plaas die lappe in die regte volgorde.

Ons hang die boodskap teen die muur op.



ONDERWYSER: Teken Datum



Ons praat

Het jy al ooit iets gemaak? Vertel die klas wat jy gemaak het en hoe jy dit gemaak het.



Ons lees



# HOE OM 'N EGIPTIESE HALSSNOER TE MAAK

**Benodigdhede**

- pastabuisies
- sterk garing of dun tou
- 'n naald met 'n groot oog
- verskillende kleure verf

*Die ou Egiptenare het van turkoois gehou. Soek prente van ou Egiptiese halssnoere en armbande en kyk watter ander kleure gebruik is.*

**Instruksies:**

1. Knip 'n stuk garing of tou wat lank genoeg is om oor jou kop te pas en waarvan die punte aan mekaar vasgemaak sal kan word.
2. Verf die stukkies pasta sodat dit soos krale lyk.
3. Ryg die garing of tou deur die naald.
4. Sodra die verf op die pastastukkies drooggeword het, ryg die garing daardeur. Onthou om genoeg lengte aan die punte vry te laat om dit te kan vasknoop.

# Hoe om kapokaartappel te maak

Skil twee aartappels af en sny dit in klein stukkies. Plaas dit in 'n kastrol. Bedek die aartappels met water en kook dit 15 minute lank of totdat dit sag is. Plaas die saggekookte aartappels in 'n bak saam met 'n bietjie botter, 'n kwart koppie melk en 'n knippie sout. Druk die aartappels met 'n fynmaker fyn todat dit sag en romerig is.






Datum:



Ons skryf



Watter twee goed gaan jy volgens die instruksies maak?

Op watter maniere kom die twee stelle instruksies ooreen?

Op watter maniere verskil die twee stelle instruksies?

Watter stel instruksies is vir jou die duidelikste? Sê hoekom.

Sou jy ooit 'n halssnoer dra wat van pastabuisies gemaak is? Sê waarom.


Watter kleur sou jy jou pastakrale verf? Sê waarom jy daardie kleur sou kies.

Waarom moet jy genoeg garing of tou aan die punte vry laat?

Wat dink jy is die doel van instruksionele tekste? Maak regmerkies by die inligting wat jy dink relevant is.

- ☐ Instruksies voorsien stapsgewyse riglyne oor hoe om iets te maak of te doen.
- ☐ Dit word opgestel om ons te help om iets korrek te maak of te doen.
- ☐ Instruksies en reëls kan op verskillende maniere geskryf word.
- ☐ Diagramme en prente kan ingesluit word.
- ☐ Die instruksies vertel 'n verhaal.
- ☐ Instruksies vertel jou meer oor die persoon wat die instruksies geskryf het.

Sê waarom die inligting wat jy nie gemerk het nie, nie relevant is nie.



ONDERWYSER: Teken Datum

# ’n Dagboekinskrywing





Ons skryf

Skryf ’n dagboekinskrywing waarin jy vertel hoe jy iets gemaak het. **Beplan** jou inskrywing hier, en skryf die **eerste weergawe** in jou klaswerkboek. **Hersien** en **korrigeer** jou inskrywing.

Eers: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Toe: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Later: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Uiteindelik: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Skryf die finale weergawe van jou dagboekinskrywing hier.

Liewe Dagboek Datum: ______________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Datum:

'n **Enkelvoudige sin** het net een gesegde (werkwoord/-stuk). Onthou: 'n Hoofwerkwoord en 'n hulpwerkwoord = één werkwoordstuk of gesegde.

'n **Saamgestelde sin** het altyd twee of meer gesegdes (werkwoorde/-stukke) en bestaan uit meer as een hoofsin. 'n **Veelvoudige sin** het 'n hoofsin en bysinne.




Onderstreep die enkelvoudige sinne met rooi, die saamgestelde sinne met blou en die veelvoudige sinne met groen.

As jou maag leeg is, word 'n boodskap na jou brein gestuur. Die brein registreer: "Ek is leeg en ek is honger!" Jou brein stuur onmiddellik 'n boodskap na die res van jou liggaam. "Dit is tyd vir middagete. Gaan eet jou kos sodat jou maag nie meer leeg sal wees nie."




Skryf jou eie voorbeeld vir elke sinsoort.

Stelsin: ______________________________

______________________________

Vraagsin: ______________________________

______________________________

Uitroepsin: ______________________________

______________________________

Bevelsin: ______________________________

______________________________

- **'n Stelsin** – maak inligting bekend en eindig met 'n punt.
- **'n Vraagsin** – vra 'n vraag en eindig met 'n vraagteken (?).
- **'n Uitroepsin** – roep iets uit en eindig met 'n uitroepteken (!).
- **'n Bevelsin** – gee 'n opdrag en kan met óf 'n uitroepteken óf 'n punt eindig.




Voltooi hierdie trappe van vergelyking.

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| leeg | | |
| | meer | |
| | | minste |
| dof | | |
| | gewilder | |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Jou slim liggaam








Ons praat

Watter kos eet jy graag?
Vertel jou groep hoe om jou gunstelinggereg voor te berei.
Gee duidelike instruksies. Het almal in jou groep jou instruksies verstaan?



Ons lees

Jou maag is leeg, en dit stuur 'n boodskap na jou brein wat sê: "Ek is leeg en ek is honger!" Jou brein stuur **onmiddellik** 'n boodskap na die res van jou liggaam om te sê: "Dit is tyd vir middagete. Gaan eet jou kos sodat jou maag nie meer leeg sal wees nie." Jou bene dra jou na die badkamer toe om jou hande te gaan was, en dan na die kombuis toe om te gaan eet. Jou knieë buig sodat jy by die tafel kan aansit. Jou oë sien die kos, jou neus ruik dit, en jou brein sê vir jou maag: "Die kos is op pad." Jou maag word so opgewonde dat hy homself in **afwagting** gereedmaak deur saam te trek. Jy voel die sametrekking, wat vir jou sê hoe honger jy is.

Die brein sien die kos op jou bord en stuur 'n boodskap na jou maag toe. Jou mond begin **speeksel** te vorm, en jy sluk dit en maak jou maag nog meer opgewonde. Jou brein sê nou vir al die verskillende dele van jou liggaam wat om te doen. Jou arms en hande beweeg sodat jy jou mes en vurk kan optel. Jou hande lig die kos na jou mond toe. Jy kou die kos met jou kake en jou tande, terwyl jou tong proe aan die verskillende smake: soet, suur, sout en bitter. Jou tong beweeg jou kos in jou mond rond om seker te maak dat dit sag en fyn genoeg is voordat jy dit insluk. Jou slukderm dra die kos na jou maag toe, en die kos word saamgepers sodat dit in jou dikderm en jou dunderm kan inbeweeg en die voedingstowwe na al die verskillende dele van jou liggaam gedra kan word.

Terwyl jy al hierdie dinge doen, gesels jy ook, of kyk en luister jy na iets. Jou longe haal asem, jou hart pomp en die bloed beweeg deur jou hele liggaam. Jou brein is soos die dirigent van 'n groot orkes, wat die verskillende dele van jou liggaam effektief laat saamwerk.

Datum:



Ons skryf

Pas soekleesvaardighede toe en beantwoord dan hierdie vrae.

Verduidelik wat met jou maag gebeur wanneer jy honger word.

Hoe stem die brein met die dirigent van 'n groot orkes ooreen?

Skryf die verskillende dinge neer wat jy kan doen terwyl jy eet.

"Jou liggaam is 'n orkes" is 'n metafoor. Die liggaam word vergelyk met 'n orkes sonder om die woord "soos" te gebruik. Verander hierdie metafoor in 'n vergelyking, en gebruik dit dan in 'n sin.

Wat dink jy gebeur indien party dele van die liggaam nie behoorlik werk nie omdat dit nie versorg word nie?

Lees die teks weer en skryf die inligting dan as 'n stel instruksies. Begin by waar jy jou hande was. Moenie vergeet om jou instruksies te nommer nie. Ons het die eerste twee gedoen.

| | |
|---|---|
| 1. | Was jou hande. |
| 2. | Gaan sit by die tafel. |
| 3. | |
| 4. | |
| 5. | |
| 6. | |
| 7. | |
| 8. | |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Kontrolelys

| Ek kan | ☺ | ☹ |
|---|---|---|
| 'n prent van byskrifte voorsien. | | |
| belangrike frases identifiseer. | | |
| 'n koerantberig lees. | | |
| vrae op grond van 'n teks beantwoord. | | |
| woorde se sinonieme en antonieme identifiseer. | | |
| 'n paragraaf skryf oor 'n fiets wat ek graag wil koop. | | |
| woordsoorte identifiseer. | | |
| lidwoorde en telwoorde gebruik. | | |
| stelsinne in vraagsinne verander. | | |
| sinne in die ontkennende vorm oorskryf. | | |
| oor my provinsie gesels. | | |
| vrae op grond van 'n kaart en statistiek beantwoord. | | |
| spreekwoorde met hul betekenisse verbind. | | |
| beskrywende paragrawe skryf. | | |
| idiomatiese woorde en uitdrukkings met hul betekenisse verbind. | | |
| sinsdele identifiseer. | | |
| 'n fiets teken en twee paragrawe daaroor skryf. | | |
| woorde in klank- en lettergrepe verdeel. | | |
| 'n teks vluglees en soeklees. | | |
| 'n vriendskaplike brief skryf. | | |
| 'n verwelkomingsbanier volgens instruksies maak. | | |
| vrae op grond van instruksies beantwoord. | | |
| instruksies neerskryf. | | |
| voor- en agtervoegsels identifiseer. | | |
| homofone en homonieme identifiseer. | | |
| tydsvorme korrek gebruik. | | |
| twee stelle instruksies lees en volg. | | |
| die verskille tussen die tekste identifiseer. | | |
| vasstel watter teks die duidelikste is en waarom. | | |
| die doel van instruksionele tekste identifiseer. | | |
| 'n dagboekstukkie skryf. | | |
| trappe van vergelyking korrek gebruik. | | |
| 'n resep neerskryf. | | |
| 'n verhalende teks lees. | | |
| lees- en skryftekens in 'n teks identifiseer. | | |

## Jy is spesiaal.

## Jou hele liggaam is spesiaal.

## Jou liggaam behoort aan jou!



**NIEMAND behoort aan jou privaat liggaamsdele te raak nie.**

**As iemand aan jou privaat liggaamsdele raak, moet jy iemand daarvan vertel.**

**As iemand jou dinge laat doen wat jy nie wil doen nie, moet jy iemand daarvan vertel.**





**Jy kan hierdie nommers bel:**

**Kinderlyn: 0800 05 55 55**

**Life Line: 0861 322 322**


**SAPD se noodnommer: 10111**



**SAPD se misdaadstopnommer: 086 00 10111**

**Kinderbeskermingseenheid: 012 393 2359/2362/2363**

# Preparing to write a story




What stories do you like to read?

Tell your friend what kind of story you like the most.

Do you like fairy tales? Or perhaps you like stories about famous people?

Do you like stories about different places? Or do you prefer stories that are about real things?











You are going to write your own story.
But first, use this mind map to plan your story.



# Let's write a story

Talk to your friend about a story you really liked.

Talk about the characters in the story.

Say what you liked most about the story.

Did the story give you information?



Write a summary of your own story.

What will it be about?

Who will your main characters be?

What information will you give?

Fun

Cut out the next page. Make a book. On the cover, write the title of the book.
Put your name under the title, because you are the writer. Draw a picture on the cover.
Now write your story with a beginning, a middle and an end.

## BACK COVER

### ABOUT THE WRITER

Write your name here.

Write your age here.

Write where you live.

8

## COVER

Draw a picture here.

Write the name of the book here.

Fill in your name (you are the writer).

1

STEP 2: fold on the dotted line STEP : Staple on this side

STEP 4. cut on the solid line after you have stapled your book

STEP 1: fold on the dotted line

5

Continue with your story here.

Draw a picture here.

4

Continue with your story here.

Draw a picture here.

Draw a picture here.

Start writing your story here and go on to page 3.

2

Draw a picture here.

Continue with your story here.

7

3

Write the middle of your story here and on page 4.

Draw picture here.

6

Say what happens at the end of your story here and on page 7.

Draw picture here.